

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

**RUIMTE EN IDENTITEIT IN DIE WERK VAN "GEKLEURDE" SKRYWERS
MET SPESIALE VERWYSING NA E.K.M. DIDO.**

**DEUR
MINNIE MIRIAM LEWIS**

VERHANDELING AANGEBIED TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR LITTERARUM

**IN DIE
AFDELING AFRIKAANS EN NEERLANDISTIEK**

AAN DIE

**UNIVERSITEIT KAAPSTAD
AUGUSTUS 2005**

STUDIELEIER: MEDE-PROF. C.N. VAN DER MERWE

INHOUDSOPGAWE:

BLADSY

Erkennings	i
“Abstract”/Opsomming	iii
HOOFSTUK 1: Inleidend	1
1.1. Algemene inleiding	1
1.2. Belang van die studie; literatuuroorsig, afbakening en motivering	2
1.3. “Gekleurde, bruin, swart, anderskleurig”? – die tameletjie van benaming	4
HOOFSTUK 2: TEORETIESE RAAMWERK	7
2.1. POSTKOLONIALITEIT	7
2.1.1. Inleidend	7
2.1.2. Suid-Afrika en die post-koliale gesprek	10
2.1.3. Kolonialisme en die koloniale literatuur	13
2.2. RUIMTE/ “SPACE”: ‘n Algemene, oorsigtelike blik	15
2.2.1. Geografiese ruimte	16
2.2.2. Innerlike ruimte	18
2.2.3. Simboliese ruimte	19
2.2.4. Liminale ruimte	20
2.2.5. Marge en gemarginaliseerdes	22
2.3. IDENTITEIT	23
2.3.1. Algemene inleiding	23
2.3.2. “Gekleurde” identiteit	25
2.3.3. Identiteitsmerkers	28

HOOFSTUK 3: DIE “GEKLEURDE” SKRYWER IN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE VAN DIE LAASTE DEKADE VAN DIE TWINTIGSTE EEU EN BEGIN VAN DIE EEN-EN-TWINTIGSTE EEU – ‘N OORSIGTELIKE BLIK	30
3.1. Inleidend	30
3.2. ‘n Oorsig wat die bydraes van “Gekleurde” skrywers die afgelope dekade of so betref	32
3.3. ‘n Blik op die identiteit van die hibried op die marge	37
3.4. Ten slotte	59
HOOFSTUK 4: DIDO: DIE “GEKLEURDE” (VROU)MENS EN SKRYWER – OOR GRENSE HEEN	61
4.1. Biografiese oorsig	61
4.2. Die “Gekleurde” vrou – dubbeld-gemarginaliseerd	62
4.3. Dido: haar bydraes tot die Afrikaanse letterkunde	64
4.3.1. <i>Die storie van Monica Peters</i>	65
4.3.1.1. Identiteit	67
4.3.1.1.1. Die stem van die kind	67
4.3.1.1.2. Identiteit en Apartheid	70
4.3.1.1.3. Monica se ervaring van identiteit	74
4.3.1.1.4. Eric, Monica en hulle identiteite	77
4.3.1.1.5. Land, landskap en identiteit	88

4.3.1.1.6. Gender en identiteit	90
4.3.1.1.7. Identiteit en “God-verwantskap”	93
4.3.1.2. Identiteitsmerkers	95
4.3.1.2.1. Naamgewing en naamverandering	95
4.3.1.2.2. Velkleur	99
4.3.1.2.3. Taal	102
4.3.1.2.4. Klere	105
4.3.2. <i>Rugdraai en stilbly</i>	109
4.3.2.1. Inleiding	109
4.3.2.2. Grense	112
4.3.2.2.1. Grense: Bernie en Randall en die grense van hulle bestaan: verskeie grense – verskeie oomblikke – verskeie bewegings	116
4.3.2.2.1.1. Grense van rugdraai en stilbly	116
4.3.2.2.1.2. Psigiese grense	121
4.3.2.2.1.3. Grense van tradisie en tradisionele rolle	125
4.3.2.3. Trauma en grensdeurbreking	129
4.3.2.4. Marginaliteit	132
4.3.2.4.1. Marge: van Aloveale na Victoria Park	132
4.3.2.5. Liminale ruimte	135
4.3.2.6. Ten slotte	138
4.3.3. <i>’n Stringetjie blou krale - inleidend</i>	139

4.3.3.1. Identiteit en ruimte van die "Gekleurde" persoon as geskonstrueerde hibried in Dido se <i>'n Stringetjie blou krale</i>	140
4.3.3.2. Nomsa/Nancy en die ruimtes wat sy beset	141
4.3.3.2.1. Nomsa/Nancy en die geografiese ruimte	143
4.3.3.2.2. Herinnering aan en gebondenheid aan geografiese ruimte	144
4.3.3.2.3. Simboliese ruimte – sentrum vs marge	146
4.3.3.2.4. Nomsa/Nancy en die liminale ruimte	147
4.3.3.3. Konstruksie van identiteit en ooglopende identiteitsmerkers in Dido se boek	150
4.3.3.3.1. Die dilemma van "Gekleurde" identiteit: Nancy – die gekonstrueerde hibried	150
4.3.3.3.2. Marginaliteit: op die marge van die "Gekleurde" identiteit	152
4.3.3.3.3. Nomsa/Nancy en die identiteit van die "Gekleurde" vrou	153
4.3.3.3.4. Nomsa/Nancy en die identiteitsmerkers wat sy teëkom	155
4.3.3.3.4.1. Name en naamgewing	155
4.3.3.3.4.2. Klere en kleredrag	157
4.3.3.3.4.3. Taal	159
4.3.3.3.4.4. Velkleur	160
4.3.3.3.4.5. Hare en haartekstuur	161
4.3.3.4. Samevattend	163
4.3.4. <i>Die Onsigbares</i>	166
4.3.4.1. Inleidend	166

4.3.4.2. Aanbieding	167
4.3.4.3. Grense en identiteit	168
4.3.4.3.1. Grense	169
4.3.4.3.1.1. Grense van stilbly	169
4.3.4.3.1.2. Grense van ras	179
4.3.4.3.1.3. Deur taalgrense heen	180
4.3.4.3.1.4. Deurbreking van sosiale grense	182
4.3.4.3.1.5. Opheffing van grense van tyd	187
4.3.4.3.1.6. Geslagsgrense	189
4.3.4.3.1.7. Grense van geografiese ruimtes word deurbreek	192
4.3.4.4. Identiteit	194
4.3.4.5. Identiteitsmerkers	195
4.3.4.5.1. Sosiale status	195
4.3.4.5.2. Godsdiens	197
4.3.4.5.3. Kleredrag	199
4.3.4.6. Ten slotte	202
HOOFSTUK 5: SLOT EN SAMEVATTING	203
BIBLIOGRAFIE	213

DANKBETUIGINGS

Hierdie studie is moontlik gemaak deur die invloed en volgehoue ondersteuning van 'n aantal individue aan wie ek ewig dank verskuldig is:

Eerstens, alle dank, lof, eer en prys aan God die Vader. Die skryf van hierdie verhandeling het net weereens aan my bewys dat die genade van God meer as genoeg is en dat ek sonder Hom niks is nie.

My man, Bernard en ons baba, Hannah, God self het julle vir my uitgekies. Bernard, dankie vir jou aanmoediging, belangstelling en volharding om my gedurende die skryf van hierdie verhandeling te bly ondersteun. Dankie aan jou en Hannah dat julle my so liefdevol verdra het, veral in hierdie tyd, maar veral vir julle onvoorwaardelike liefde.

Aan my ouers, "Mommy" en "Daddy", baie dankie vir julle ondersteuning, opofferingsgesindheid, liefde en wysheid waarop ek altyd kan staatmaak.

My studieleier, mede-prof. Chris van der Merwe, vir jou opregte belangstelling en advies, beide akademies en persoonlik. Baie dankie vir al die hulp en leiding met die skryf van hierdie verhandeling. Ek is voorwaar dankbaar vir jou volgehoue ondersteuning en vertrouwe in my vermoë, veral in daardie tye waar my vertrouwe in myself wankelig was.

My familie en vriende, vir julle opregte belangstelling en bystand oor die jare.

Dankie aan alle instansies wat oor die afgelope paar jaar finansiële bygedra het tot my studies.

University of Cape Town

Minnie Miriam Lewis

“Ruimte en identiteit in die werk van ‘Gekleurde’ skrywers met spesiale verwysing na E.K.M. Dido”

August 2005

This study has set out to highlight and investigate the contributions, to the Afrikaans literature, by writers of “Colour”, as marginalized writers, especially after 1990. It must be indicated that a special place in the thesis, chapter five, has been devoted to the female writer of “Colour”, EKM Dido, and the invaluable contributions she has made to Afrikaans literature. This chapter deals exclusively with all Dido’s novels to date, and includes detailed discussions and analysis of important issues and aspects in the said novels. The thesis has focused on various “Coloured” writers, both male and female, and their contributions. The fact that naming and terms denoted to and used for various racial groupings are such thorny issues in South African society, terminology used to refer to these writers of “Colour” in this thesis initially seemed to pose a problem, but motivating the use of certain terms, to highlight and not relegate to the margins, solved this problem I believe.

The post-colonial theory forms the theoretical framework of this thesis. Various aspects concerning the post-colonial theory is examined and applied in the investigation of various writers of “Colour” and their contributions. The aspects of space and identity, with regards to the post-colonial theory, have been dealt with

in great detail and applied in the investigations of the writers of "Colour" and their contributions. The issue of borders, breaking through certain ones and erecting others (borders) have also been dealt with and analysed. The issue of various borders ties in with that of space and identity.

University of Cape Town

HOOFSTUK 1: Inleidend

1.1. Algemene inleiding

“Die Afrikaanse taal en die Afrikaanse letterkunde staan beide in die teken van ambivalensie... Afrikaans is die taal wat deur Afrikanernasionaliste beskou is as dit wat aan hulle ‘n spesifieke identiteit en bestaansreg gee, terwyl net meer as die helfte van die moedertaalsprekers van Afrikaans bruinmense is wat deur die rasbasis van Afrikanernasionalisme uitgesluit is...”¹

In hierdie studie gaan dit om “Gekleurde”² skrywers as gemarginaliseerde skrywers in Suid-Afrika, en meer spesifiek, gemarginaliseerde skrywers binne die Afrikaanse letterkundige arena. Dit is interessant om te let op die huidige³ opbloeï van Afrikaanse letterkunde deur “Gekleurdes”.

Die tydsraamwerk waarbinne die studie staan, strek vanaf 1990 tot ongeveer 2004, dit wil sê, veral die laaste dekade van die twintigste eeu. Die rede vir 1990 as aanvangsperiode is polities-sosiaal verhaalbaar. In 1990 sien ons die begin van ‘n nuwe era in Suid-Afrika met die offisiële bekendmaking van oud-president Nelson Mandela se vrylating in oud-president FW De Klerk se bekende Februarie 1990-toespraak en ook die afskaffing van Apartheid. Verandering, hetsy sosiaal en/of polities, in ‘n land word dikwels in die letterkunde van die betrokke land

¹ Viljoen Maart 1998:73

² Met “Gekleurde” verwys ek na beide Kleurlinge en Swartes, hoewel dit veral Kleurlinge is wat in Afrikaans skryf. Die woord “Gekleurde” moet hier gesien word in die lig van die historiese klassifikasies wat gemaak is op grond van ras met betrekking tot beide outeurs en karakters, en nie ‘n benaming deur my, as ondersoeker hier, toegeskryf nie.

³ Hier verwys ek na die laaste dekade van die twintigste eeu, d.w.s 1990-2000

voorspel en weerspieël. Dit is hierdie veranderinge en die “stories” daaromtrent in die Afrikaanse letterkunde, en spesifiek deur die eens “ras gemarginaliseerdes” wat in hierdie studie onder die soeklig geplaas word.

“The creativity and the talent of the new crop of brown writers is undoubtedly a substantial enrichment for Afrikaans literature”⁴.

1.2. Belang van die studie; afbakening en motivering

“Die opeense verskyning van die een pragtige prosawerk na die ander uit die gemarginaliseerde gemeenskappe [is] die literêre wonder van die jare negentig”⁵.

Wat opval in die huidige Afrikaanse letterkundige arena, is die ontbreking van ‘n samehangende studie oor die onlangse⁶ bydrae van “Gekleurde” skrywers tot die Afrikaanse literatuur. Hierdie leemte is een van die motiveringe vir hierdie skripsie. Die studie gaan dus daarvan uit dat hierdie leemte gevul moet word en wil op ‘n beskeie manier bydra tot hierdie taak. Daar moet hier duidelik gemaak word dat daar ‘n oorsigtelike kyk is na verskeie “Gekleurde” skrywers en hulle bydraes, maar dat die studie veral sal fokus op Dido en haar bydraes tot die Afrikaanse letterkunde.

⁴ Renders 2001:100

⁵ Van Zyl, *Die Burger* 1997.

⁶ Hier word verwys na die letterkunde tussen 1990-2000, na die afskaffing van die Apartheid wetgewing in SA.

“Deur die Afrikaanse literatuur heen was Afrikane steeds gemarginaliseer. En die kere wat hulle toegelaat is om ‘n verskyning te maak, is hulle stereotiep uitgebeeld”⁷.

‘n Onderzoek na die “Gekleurde” skrywers, as gemarginaliseerde skrywers, sal aan die gemarginaliseerde karakters ook ‘n nuwe dimensie verleen. Die eens gemarginaliseerdes het met “emansipasie”⁸ beweeg vanaf die randfigure in die prosa tot die hoofkarakters, vanaf die lesers tot die skrywers van die letterkunde.

Ontelbare vrae mag ontstaan oor die gekose aanvang en afsny-punte van die ondersoek van die studie, maar vir ewe veel redes is afbakening nodig. Ten eerste moet daar aangevoer word dat die volume informasie wat verwerk en ingesluit sal moet word, heeltemal te veel sal wees vir ‘n enkele verhandeling. Verder moet daar in gedagte gehou word dat hierdie “nuwe stemme” nou reeds net meer as ‘n dekade lank gehoor is in die Afrikaanse arena en baie van hulle vir hulself, as beduidende stemme, ‘n belangrike plek uitgerf het. Derhalwe het die “nuwigheid” nou plek gemaak vir bekendheid en erkenning vir hulle bydraes.

Dit moet hier duidelik gestel word dat hierdie verhandeling daarvan uitgaan om eksklusief te let op die verhalende prosa van “Gekleurde” skrywers na 1990. Bydraes van digters, na 1990, soos onder andere, S.V. Petersen, P.J. Philander

⁷ Renders September 1996:73

⁸ In hierdie geval: die politieke “vrystelling” van ALLE groepe

en ook Adam Small, alhoewel belangrike bydraes tot die Afrikaanse letterkunde, sal nie hier onder die soeklig geplaas word nie.

“Die swart Afrikaanse skrywer was bewus daarvan dat daar vanuit ‘n marginale posisie ‘n besondere bydrae gelewer kon word – hulle het weens apartheid oor die ervaringswêreld beskik wat drasties verskil het van enigiets wat tot op daardie stadium in die Afrikaanse letterkunde gepubliseer is”⁹

1.3. “Gekleurd, bruin, swart, anderskleurig”? – die tameletjie van benaming

“Whether you like it or not
your genes have a political past
your skin, a political cast
your eyes a political slant”¹⁰

Een van die grootste probleme met die studie is ongetwyfeld die benaming “Gekleurd” wat aan die spesifieke skrywers wat hier ondersoek word, toegeskryf word. SP Benjamin is een van ‘n aantal skrywers¹¹ wat ‘n weersin daarin het dat skrywers volgens ras oftewel velkleur geklassifiseer. In ‘n onderhoud waar hy kommentaar gelewer het op die etiket van velkleur wat om die nek van “Gekleurde” skrywers gehang word, het hy die volgende uitlating(s) gemaak: “Ek hou nie daarvan as mense na my verwys as bruin skrywer nie. Ek is skrywer. Punt... Vir jare het ons gebaklei om net Suid-Afrikaners te wees. Net dit... En ek

⁹ Hattingh 1998, p.3

¹⁰ Van Vuuren 1999, p.1

¹¹ Ander skrywers wat dit pes om volgens ras as skrywer geklassifiseer te word, is onder andere Elias P Nel en ook Kirby van der Merwe.

glo dat my werk 'n bydrae tot die Afrikaanse Letterkunde gemaak het, nie 'n bydrae tot die bruin letterkunde nie..."¹².

Hierdie wrewel wat die benaming "Gekleurd" betref kan in 'n mate geregverdig word deur die feit dat dit vir talle nog die negatiewe konnotasies van die verlede saamdra.

"Bruin. Is dit 'n velkleur, 'n etniese groep, 'n nasie, 'n ingesteldheid, 'n sienswyse, 'n kultuur, 'n manier van doen, praat en dink, 'n groep sonder grense, 'n skakering, 'n etiket of 'n smeltkroes? Is dit hoegenaamd nog relevant om daaroor te praat en te debatteer?"¹³.

Daar is wel ("Gekleurde") skrywers wat nie soseer 'n probleem het met benamings nie. Een van hierdie skrywers is E.K.M. Dido. By 'n ASV-praatjie¹⁴ op 01 Maart 2001, met Herman Wasserman as geselsleier en Dido as gas, het sy aangedui dat sy in die "ou" Suid-Afrika wel die benaming(s) gehaat het, en alhoewel sy nie heeltelmal seker is of sy tevrede is daarmee in die "nuwe" Suid-Afrika nie, het sy ook nie 'n groot probleem daarmee nie.

"Na 350 jaar weet bruin mense nog nie werklik wie of wat hulle is nie. 'Wat is ons: Kleurlinge, bruin mense, gekleurde anderskleuriges, Khoi-Hotnot, Malau, Ama-Coloured, Ama-Bushi, Gam of sogenaamde Kokosneute?'... 'Ons is nie

¹² Van der Fort 2000

¹³ Die Burger, 31 Maart 2003:9

¹⁴ Afrikaanse Skrywers Vereniging

coloured people nie, maar colourful people. Hopelik sal ons dit in die volgende 350 jaar uitge-sort kry”¹⁵.

Hier moet duidelik gemaak word dat dit nie hier gaan om ‘n benaming deur hierdie studie uitgedink en in werking gestel nie, intendeel. Wanneer ek hierdie term in die studie gebruik, is dit alles behalwe neerhalend en kategoriserend soos tydens Apartheid in Suid-Afrika. Dit gaan hier eerder om die fokus op, die spesifieke uitlig van ‘n groep skrywers, eens gemarginaliseer op grond van ras en nou op die voorgrond van nuwe ontwikkelinge in die Afrikaanse letterkunde. Dit gaan vir my dus nie hier om die aankleef van die ou ideologieë nie, ek self behoort tot die ou klassifikasie van die “Gekleurdes”, maar dit gaan om die uitlig van hulle besondere en unieke bydraes. Die ondervinding en skryf van hierdie “Gekleurde” skrywers is anders as die “blanke” stemme in die Afrikaanse letterkunde, juis omdat hulle ervaring – en beleweniswêreldes hemelsbreed verskil: “De kleurlingschrijvers die in de jaren negentig debuteeren hebben hun stempel op het Afrikaanse proza weten te drukken. Dat hun werken qua stijl en inhoud aanzienlijk afwijken van de literaire producten van de blanke Afrikaanse schrijvers is niet verbazingwekkend... De oude parameters hebben voorgoed hun bruikbaarheid verloren”¹⁶.

¹⁵ Die Burger, 31 Maart 2003:9

¹⁶ Fancken & Renders 2005:259

HOOFSTUK 2: TEORETIESE RAAMWERK

2.1. POST(-)KOLONIALITEIT

2.1.1. INLEIDEND:

“Om die verwarrende verskeidenheid en omvang van die postkolonialisme as studieveld te ondervang, is daar al voorgestel dat ‘n verskeidenheid postkolonialismes (geskryf sonder ‘n koppelteken) in die plek moet kom van ‘n enkele post-kolonialisme (geskryf met ‘n koppelteken om te dui op opvolging)”¹⁷.

Hoe word post-kolonialiteit vir die doel van hierdie studie beskou? Post-kolonialiteit word hier gesien as daardie “tydperk¹⁸” in ‘n land waar dit gaan om die uitdaging van die koloniale (verdrukkende) stand van sake, veral in die literatuur van die betrokke land. Maar soos in onderstaande voetnoot aangedui, kan spore van die post-koloniale reeds in die koloniale tydperk bespeur word. Tog is die konsep van post-kolonialiteit nie só onproblematis nie.

In die Suid-Afrikaanse konteks, en veral wat die Afrikaanse letterkunde betref, is die verduideliking en gebruik van die post-koloniale term problematis. Die post-koloniale kan nie eksklusief volgens geskiedkundige en/of tydlyne gedefinieer word nie, vir redes vroeër in hierdie afdeling genoem. Verder is daar die kompleksiteit

¹⁷ Viljoen 1996(a):163

¹⁸ Moeilik om postkolonialiteit aan tyd te bind, juis vanweë die feit dat post-koloniale oomblikke en karaktertrekke binne ‘n koloniale tydperk reeds te bespeur mag wees. Dink hier byvoorbeeld aan die Suid-Afrikaanse skrywer, Elise Muller: haar werk verskyn in ‘n koloniale tydperk (vanaf 1940’s – 1980’s) in Suid-Afrika se geskiedenis, tog is dit deurspek met post-koloniale karaktertrekke en daag dit die koloniale stand van sake en “koloniseerdes” uit. (Sien MM Lewis se ongepubliseerde MA-tesis 1996)

van die taal-aspek, veral gesien in die lig van die feit dat die “verdrucker”/kolonis en “verdrukte”/gekoloniseerde in Afrikaans (dikwels) ‘n taal deel. Viljoen (1996(a)) kyk na die geskiedkundige aspek(te) van die Afrikaanse taal wat nie buite rekening gelaat kan word in die post-koloniale gesprek oor die Afrikaanse letterkunde nie, en dui aan dat ‘n skematiese voorstelling heeltemal te eenvoudig is en die realiteit baie meer kompleks is: “Die oproep om ‘n enkele monolitiese teorie van die postkolonialisme te vervang met ‘n verskeidenheid van histories genuanseerde teorieë en strategieë is dus toepaslik by ‘n beskrywing van die hoogs uitsonderlike situasie van die Afrikaanse letterkunde.”

Dit sal in hierdie hoofstuk gaan om ‘n verduideliking van die siening van post-kolonialisme in hierdie verhandeling. Hierdie verduideliking sal geskied teen die agtergrond van die Afrikaanse letterkunde, maar veral ten opsigte van die Gekleurde skrywers in Afrikaanse letterkunde, veral oor die afgelope dekade. Die gesprek met die veelbesproke teorie van post-kolonialisme/teit sal onder verskeie hoofde aangebied word om die diversiteit daarvan duidelik te laat blyk.

“What each of these literatures has in common beyond their special and distinctive regional characteristics is that they emerged in their present form out of the experience of colonization and asserted themselves by foregrounding the tension with the imperial power, and by emphasizing their differences from the assumptions of the imperial centre. It is this which makes them distinctively post-colonial”¹⁹.

¹⁹ Ashcroft 1989:2

Die internasionale gesprek wat aan die gang is rondom en met post-kolonialiteit is een van diversiteit en is hoogs interessant. Dit is veral 'n interessante teorie, gesien vanuit die oogpunt dat daar aangevoer kan word dat Suid-Afrika 'n aantal koloniale periodes beleef het. Verder interessant is dat daar in die letterkunde, en hier word eksklusief na die Afrikaanse letterkunde verwys, voor die "beëindiging" van kolonialisme reeds diep spore van post-kolonialiteit te vinde is. Hier word byvoorbeeld gedink aan die bydraes van die Gekleurde²⁰ skrywers; Adam Small as 'n enkele voorbeeld hier, wat tydens die koloniale tydperk van Apartheid hul ontstaan gehad het uit sy ervaring ("experience") van die koloniale ("colonization"), en die klem wat hy, dikwels deur sy taalgebruik, op sy "andersheid" ("differences from the assumptions of the imperial") geplaas het. Daar is talle blanke (sien voetnoot 3) skrywers²¹ wat hulle ook beywer het, deur hulle letterkundige bydraes, om hulle te distansieer van die (wit) koloniale mag en oorheersing, maar dít is 'n onderwerp vir 'n verdere bespreking omtrent die post-koloniale gesprek op 'n ander tydstip.

"In die geval van die Afrikaanse letterkunde lyk dit inderdaad asof die postkolonialisme 'n heterogene kategorie is, voortdurend in die proses van verandering en steeds besig om sy eie definisies te herskryf"²².

²⁰ Om myself duidelik uit te druk en verstaanbaar te maak, is dit nodig dat ek terugval op die terminologie van die koloniale tydperk van Apartheid in ons land.

²¹ Ek dink onmiddellik hier aan Elise Muller en haar letterkundiges bydraes. Was haar gesprek met die tradisie (tradisionele, patriargale, plattelandse, Christelik-nasionale opset), dan nie van 'n post-koloniale aard opsigself nie?

²² Viljoen 1996(a):164

2.1.2. SUID-AFRIKA EN DIE POST-KOLONIALE GESPREK

Hier word kortliks Suid-Afrika se koloniale geskiedenis binne die post-koloniale gesprek geplaas. Daar kan as 't ware gepraat word van 'n "multi-kolonialisme"²³ in die Suid-Afrikaanse opset.

Said²⁴ voel dat die "Orient" nie bloot net "daar" was/is nie, maar dat daar verskillende "qualifications" is wat aanleiding gegee het tot die (idee van) "Orient" en die bestaan daarvan. Dit is veral die tweede "qualification" wat interesseer, waar hy aanvoer dat: "A second qualification is that ideas, cultures, and histories cannot seriously be understood or studied without their force, or more precisely their configurations of power, also being studied".

Hierdie geskiedkundige oorsig begin deur aan te voer dat Suid-Afrika vanaf die 16^{de} eeu, en elke eeu daarna, gestaan het binne die arena van kolonisasie/kolonialisme, in verskeie gedaantes.

Die vaslegging van die eerste "sigbare" koloniale periode kan aangewys word as die koms van die Nederlanders in 1652, met die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap, om 'n verversingspos te stig onder die vaandel van die VOC²⁵. Maar, daar is reeds vóór hierdie periode "spore" van "ander" koloniste, maar geen so permanent

²³ Hierdie term word gebruik om te verwys na die historiese feit dat daar in die Suid-Afrikaanse samelewing nie slegs een koloniale periode te vinde is nie.

²⁴ Met verwysing na Said se hoofstuk "The discourse of Orient" in Walder 1990:234.

²⁵ Vereenigde Oos-Indiese Companje

as dié van 1652 en daarna nie. In die opgetekende geskiedenis is dit seker Dias²⁶ se “ontdekking”²⁷, in die tweede helfte van die 15^{de} eeu, wat as ‘t ware die begin van kolonialisme aankondig in Suid-Afrika. Hier reeds is die begin van die spanning tussen kultuur (koloniste) en die natuur (gekoloniseerde) aanwesig, want die “nuut ontdekte” volk(ere) aan die Kaap is met rede “onrustig” oor hulle “besoekers”, en hulle het wel, selfs as gekoloniseerde, ‘n kultuur van hulle eie.

In die volgende eeu kom die Britte aan die beurt om die rol van die koloniste te vertolk, wanneer hulle “oorneem” by die Nederlanders in 1795. Hierdie “oornam” kom nadat Willem V, tydens die oorlog tussen Brittanje en Nederland (1780-1784), na Brittanje vlug na die Franse inval op Nederland, en hy instem dat die Britte, as beskerming teen die Franse, tydelik die Kaap “oorneem”. Hierdie “oornam” was alles behalwe vreedsaam, maar die Nederlanders aan die Kaap moes in 1795 die stryd gewonne gee na ‘n kortstondige geveg teen die Britte aan die Kaap. Dan, in 1806, is daar die permanente besetting van die Kaap deur die Britte.

Die tweede fase van die Britse oorheersing lei die 19^{de} eeu in deur die 1820-Setlaars-skema. Gesien vanuit die oogpunt van die inheemse gekoloniseerde, kan daar byna van dubbele kolonisering gepraat word, want die Hollanders is steeds teenwoordig en nou ook die Britte. Verder is dit vir die aanvanklike kolonis ook in werklikheid ‘n periode van kolonialisme. In 1815 besef die Nederlanders dat die

²⁶ volgens <http://www.nelsonguides.co.za/html/histpry.htm>, was dit in 1488 dat Dias die Kaap “ontdek” het. Elphick, R & Gilliomee, H(ed)*The shaping of South African society 1652 – 1840*, ook as bron vir geskiedkundige agtergrond gebruik.

²⁷ Waar hierdie woordjie (ontdek/ontdekking) en sy Engelse gelyke (“discover(ed)”), voorkom in die geskiedkundige en/of post-koloniale raamwerk, kan dit byna as lagwekkend beskou word. Dit was “ontdek” was het tog reeds bestaan of hoe? Maar hierdie is ‘n punt vir debat op ‘n ander tyd en plek as hierdie verhandeling.

Britte hier is om te bly, en nog meer, om te regeer en te maak en breek soos hulle goed dink. Hierdie tweede fase van Britse kolonialisme lei tot allerhande veranderinge en probleme met verreikende gevolge. Die Britte het oënskynlik gestrewe na "gelykheid" vir alle nasies, maar hulle motiewe is ook te bevraagteken en hulle siening van "gelykheid" debatteerbaar. Die vrystelling van slawe het groot ontevredenheid veroorsaak in die Kolonie, veral onder die slawe-eienaars. Ook die verengelsing wat gepaard gegaan het met die Britse regering het tot groot ontsteltenis gelei onder die Nederlandse koloniste aan die Kaap.

Die Groot Trek was 'n gevolg van die Britse oormag en die Nederlanders se gevoel van meerderwaardigheid ten opsigte van die slawe, Khoi en ander groepe. Die einde van die eeu sien die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog en die nadraai van jare se Britse kolonialisme. 31 Maart 1902 kondig die einde van die oorlog aan, en terselfdertyd die begin van 'n nuwe koloniale tydperk, die Afrikaner koloniale tydperk van die 20^{ste} eeu, waar "anderskleuriges" verder tot die marge gestoot word.

Met Uniewording in 1910 is 'n verdere stap op die pad van Afrikaner kolonialisme onafwendbaar en die "anderskleuriges" beweeg noodgedwonge al vinniger en verder uit die sentrum, word al meer gekoloniseer. Dit is in 1948 dat wetgewing, onder die vaandel Apartheid; die breinkind van Afrikaner- en Britse kolonialisme, deur wetgewing 'n werklikheid word en "anderkleuriges" duidelik as gekoloniseerde gebrandmerk word, nie die eerste keer nie. Hierdie koloniale periode is vanuit die

Afrikaanse letterkundige oogpunt nietemin 'n baie vrugbare tydperk. Daar is met Republiekwording, op 31 Mei 1961, 'n gevoel dat die langverwagte post-koloniale periode aangebreek het. Dit was so vir blanke Afrikaners/Suid-Afrikaners wat bevry was van die "juk" van Britse oorheersing, maar vir "anderkleuriges" het dit alleen maar die voortsetting van die Afrikaner koloniale periode beteken.

Dan breek 1990 aan en Suid-Afrika gee in die openbaar en werklik vir die eerste keer, die onsekere treë na 'n ander/"ware" post-koloniale era. Die 1994-verkiesing verklaar hierdie "multi-koloniale" periode iets van die verlede, en verwelkom 'n "nuwe post-koloniale" periode.

Hierdie (puur) historiese blik raak slegs aan die sentrale punte van die verskeie koloniale periodes in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en daar is nie ruimte vir 'n indringende kyk in hierdie verband in hierdie verhandeling nie.

2.1.3. KOLONIALISME EN DIE KOLONIALE LITERATUUR²⁸

In die koloniale literatuur is daar (gewoonlik) baie duidelike spore van die koloniale situasie op daardie spesifieke tydperk te vinde. Dit gaan onder meer gepaard met ongelyke magsverdeling wat voorop staan in 'n koloniale situasie. Verder is daar verskeie spanninge wat met hierdie ongelyke magsverdeling gepaard gaan, want dit is 'n geval van relatief baie mag in die hande van die kolonis (self/sentrum) teenoor relatief min (selfs geen) mag in die hande van die gekoloniseerde (ander/marge).

²⁸ Ek wil hier met dankbaarheid erken dat ek in hierdie onderafdeling gebruik maak van lesingsnotas en klasbesprekings soos bygewoon aan die Universiteit van Leiden, Vakgroep Nederlands, in 1998. Spesiale dank aan Eep Franken as dosent.

Dit is sonder twyfel so dat die koloniale literatuur duidelike teenstellings voorop stel wat die koloniale posisie(s) daarstel. Daar is verder ook verskeie **spanninge** wat voorop staan in die koloniale literatuur. Een van die spanninge wat gedurig voorop staan, is dié van **kultuur** (kolonis) teenoor **natuur** (gekoloniseerde). Die kultuur verbeeld die tegnologie en dit wat nutgerig is, terwyl die natuur te make het met die onbedorwe, die natuurlike, die spontane. Verder vind ons dat die kultuur dikwels in die koloniale literatuur as die goeie en aanneemlike daargestel word, terwyl die natuur dikwels as iets barbaars en agterlik voorgehou word. Daar moet hier bygevoeg word dat die bogenoemde stellings aangaande natuur en kultuur, slegs 'n persepsie is, en 'n valse een daarby, want die gekoloniseerde het wel 'n eie kultuur.

Daar is verder by die koloniale literatuur die **spanning tussen die (oud)moederland en die kolonie**. Hierdie spanning gaan dikwels, maar nie noodwendig altyd, gepaard met 'n ander spanning, naamlik dié van **ontheemding**, nie. Interessant by hierdie spanning van ontheemding is dat dit wedersyds kan voorkom. Dit kan beide 'n kolonis (in die kolonie) sowel as 'n gekoloniseerde (van die kolonie) wees wat hierdie ontheemding op hul eie manier ervaar.

Twee verder spanninge binne die raamwerk van die koloniale literatuur is (i) die **spanning tussen groepe** en (ii) die **spanning binne groepe**.

Daar is verder die **spanning tussen die mans en vroue**. Dié spanning kan gesien word as behorende tot die **spanning tussen groepe**. Dit herinner my aan die patriargale opset van die (ou) tradisionele koloniale Afrikaanse literatuur. Hier is die spanning van mans en vroue een waar die samelewing gedomineer word deur die man. So, ten spyte van die feit dat die vrou behoort het tot die koloniserende groep, het sy self in 'n mate die "juk" van kolonialisme ervaar, bloot deur haar vrou-wees.

In koloniale literatuur is dit ook dikwels so dat daar vanaf die sentrum na die rand geskryf word en nie omgekeerd nie. Verder is dit die sentrum wat die (geïnterpreteerde) ervaring van die rand skryf en nie die rand wat hulle eie ervaring verwoord nie. Die gekoloniseerde word gemaak tot iets tweederangs, selfs tot "niks", deurdat hulle ('eie') taal, kultuur en mens-wees verneder/verlaag word, ter verheffing van dié van die kolonis.

2.2. RUIMTE: 'n Algemene, oorsigtelike blik

"Place is also a palimpsest, a kind of parchment on which successive generations have inscribed and reinscribed the process of history... place... something in constant flux, a discourse in process"²⁹.

Wanneer daar gereflekteer word oor 'n konsep soos ruimte, dan is mens geneig om te dink in terme van 'n gegewe (fisiese) plek. Maar ruimte is baie wyer en meer omvattend as 'letterlike' ruimte.

²⁹ Ashcroft (et al) 1995:391-392.

Soos identiteit, is ruimte(s) iets wat gekonstrueer word. Ashcroft se siening van ruimte as 'n soort 'palimpSES' laat dink aan die idee van ruimte as dit wat altyd in 'n proses is en konstant aan die verander. Hierdie idee van die oue wat tot niet gemaak word en die skep van die betrokke ruimte tot iets anders, is sentraal in die interaksie tussen die verskillende ruimtes deur verskeie prosesse. Hierdie prosesse waardeur die verskillende ruimtes tot stand kom, is baie meer kompleks as wat dit voorkom. Hulle is onlosmaakbaar deel van 'n gegewe identiteit op 'n spesifieke oomblik en verweef met 'n reeds bestaande ruimte. In ooreenstemming met Ashcroft se siening van ruimte as 'n palimpSES, word hier aangevoer dat geen ruimte los van 'n ander voorkom nie. Ruimte, soos identiteit, is nie iets staties nie, maar moet eerder gesien word as dit wat veranderlik en gekonstrueer is.

Verskeie ruimtelike konsepte wat as belangrik beskou word vir hierdie onderafdeling, sal in onderstaande paragrawe, onder verskillende hoofde, aangebied word om die komplekse aard van die konsep van ruimte te belig.

2.2.1. Geografiese ruimte

"A major feature of post-colonial literature is the concern with place and displacement³⁰.

Ashcroft (et al)³¹ dui aan dat ruimte 'n baie betekenisvolle en belangrike aspek binne die post-koloniale diskoers is. Dit speel 'n beduidende rol in die konstruksie

³⁰ Ashcroft (et al) 1989:8-9.

van identiteit en die vind van mens se “plek” in die samelewing. Dit is ‘n komplekse aspek, wat soveel meer behels as bloot die fisiese en tasbare omgewing of die “landskap” soos Ashcroft (et al)³² daarna verwys: “By ‘place’ we do not simply mean ‘landscape’... Rather ‘place’ in post-colonial societies is a complex interaction of language, history and environment... The theory of place does not simply propose a binary separation between the ‘place’ named and described in language, and some ‘real’ place inaccessible to it, but rather indicates that in some sense place *is* language, something in constant flux, a discourse in process”³³.

Geografiese ruimte is verweef met die emosionele sowel as die ideologiese ruimte. Sonder twyfel het die geografiese ruimte te doen met die fisiese, maar sonder die verweefdheid met die emosionele en ideologiese ruimte, sou die geografiese ruimte betekenisloos wees. Alhoewel geografiese ruimte na fisiese ruimte verwys, kan dit nooit geskei word van dit wat betekenis gee aan daardie spesifieke fisiese ruimte nie, onder andere die ideologie en emosies wat verweef is met die herinneringe van daardie betrokke ruimte.

Soos aangedui aan die begin van hierdie onderafdeling met betrekking tot geografiese ruimte, en ter aansluiting by Ashcroft se argument dat “displacement”/ ontheemding(ontheemdheid) ‘n belangrike eienskap van die huidige post-koloniale diskoers is, sal hierdie konsep kortliks hier bespreek word.

³¹ Ashcroft (et al) 1989:8-9

³² Ashcroft (et al) 1989:391

³³ Ashcroft (et al) 1995:391.

Ontheemding kan nie plaasvind alvorens daar nie reeds 'n ruimte beset word nie, of sonder dat 'n nuwe of ander ruimte geskep word nie. Ontheemding kan as besonder traumaties ervaar word. Dit ontheem en vervreem en meng in met identiteite, wat lei tot die ontstaan van 'n krisistoestand aangaande identiteit, wat Ashcroft verbind met die post-koloniale gemoeidheid met plek/ruimte en ontheemding. Hierdie aspek van ontheemding word geken die wêreld oor, en talle, veral "nie-blanke" Suid-Afrikaners, is vertrou met hierdie konsep. Ontheemding het te make met die opsê en aflê, gewoonlik nie vrywillig nie, van die bekende en die omgaan met 'n onbekende ruimte.

2.2.2. Innerlike ruimte: herinnering en die verbondenheid aan geografiese ruimte

Innerlike ruimte (herinneringsruimte) is kennelik figuurlik en nie letterlike, fisiese ruimte nie. As mense onthou ons en herleef ons aspekte van ondervinding ruimtelik. Ons kan nie bestaan, ervaar en onthou buite die terrein van ruimte of tyd nie, so min soos ons sonder suurstof kan klaarkom. Dus, herinnering "herskep"³⁴ en stel die geleefde geografiese ruimte voor.

'n Interessante verskynsel aangaande herinnering en die verbondenheid aan geografiese ruimte, is die aspek van nostalgie. Die herinnering aan vervloë tye en ruimtes is gewoonlik rooskleurig. Hierdie vervloë ruimte en tyd word dikwels as iets glorieryk ervaar, iets wat erg gemis word, maar die eintlike ervaring en nie

³⁴ Hier kom die aspek van ruimte as 'n palimpsest weer na vore. Herskepping dui hier op dit wat reeds bestaan, maar nou herskep, onthou en herskryf word.

die nostalgiese herlewing” daarvan nie, was dikwels alles behalwe wonderlik. Dit wil voorkom of herinnering ‘n manier het om selektief te wees in die rekonstruksie van die geleefde ruimte.

2.2.3. Simboliese ruimte: sentrum vs rand/marge

“Asymmetry is apparent in the relationship between the centre of the semiosphere and its periphery”³⁵.

Die stryd om mag wat tussen die sentrum en die marge bestaan, is een van die sleutelkenmerke van die onlangse post-koloniale gesprek rondom ruimte. Hierdie stryd om mag word genoodsaak deur die opponerende aard van hierdie simboliese ruimtes, dié van mag hê en die gebrek daaraan.

Daar is ooglopende verskille tussen die sentrum en die marge. Dit sluit opposisionele posisionering in, sentraliteit teenoor marginaliteit, aanvaarding teenoor verwerping. Hierdie verskille, en ‘n hele aantal ander nie hier genoem nie, inisieer dialoog tussen hierdie opponerende ruimtes, wat verder die ongelykmatige aard van die verhouding wat tussen hulle heers, belig. Juis weens die opponerende “verhouding” tussen sentrum en marge word die ongelykmatigheid duidelik.

Hierdie wedersydse dialoog tussen die sentrum en die periferie bring mens by die konsep van grense. ‘n Interessante aspek aangaande die idee van grense, is

³⁵ Lotman 1990:127.

die (dikwels) binêre aard daarvan. Soos Lotman dit beskryf, is die grens daardie ruimte wat "...both separates and unites"³⁶, en dit is juis die tweeledige aard van die grens wat dialoog noodsaak en aanmoedig tussen die sentrum en die marge. Hierdie dialoog gee aanleiding tot die veranderende aard van beide die sentrum en die marge.

2.2.4. Liminale ruimte

"...[liminal space] a marginal, ambiguous space in which constructions of home and away are temporarily disrupted, before being reinscribed or reordered, in any case reconstituted"³⁷ (alle onderstreping my eie).

Liminale ruimte ontstaan in die sfeer van die simboliese ruimte. Dit is in hierdie tussen-ruimte, nóg sentrum nóg marge, dat soveel kreatiewe energie vrygestel word. Die energie vloei tussen sentrum en marge en nie slegs vanaf die sentrum na die marge nie. Hierdie ruimte is een wat baie opvallend is wat die Afrikaanse letterkundige bydraes die afgelope jaar betref, veral dié bydraes van "Gekleurde" skrywers, hulle "nuwe" stemme en "onvertelde" stories. So was dit dan ook in talle voorheen gekoloniseerde plekke, waar die post-koloniale stem van diegene op die marge na "binne" vloei, die marginale ondervindings bekend maak en die posisie en representasie aan hulle toegeskryf vir soveel (koloniserende) jare, uitdaag.

³⁶ Lotman 1990:136

³⁷ Phillips 1997:13.

Die liminale ruimte kan gesien word as 'n baie kreatiewe ruimte. 'n Ruimte vasgevang tussen verskeie en dikwels opponerende ruimtes. Nie behorende tot die een óf die ander, maar eerder 'n ruimte wat bruikbare karaktertrekke van beide "leen" ten einde hierdie "nuwe" marginale en dubbelsinnige ruimte te konstrueer. Die dubbelsinnigheid van hierdie ruimte is opgesluit in die feit dat dit nie tot die Een of die Ander behoort nie, maar gevorm word deur die dialoog tussen die twee opponerende ruimtes. Alhoewel dubbelsinnig, is hierdie ruimte besonders verliggend in die diskoers van identiteit. Dit behels nie net 'n "ongedomineerde"(undominated) "vry" ruimte nie, maar ook 'n relatief "ongeïdentifiseerde"(unidentified) ruimte. Die liminale ruimte hou sterk verband met die konsep van grense, juis omdat die liminale ruimte ontstaan by die grens van dit wat gevind word op die sentrum en dit wat tot die marge behoort. In hierdie lig gesien is liminale ruimte 'n ruimte wat dikwels, indien nie altyd, deur die hibried ingeneem word. Die hibried, ook self behorende tot geeneen van die opponerende wêrelde nie, voer eerder 'n bestaan in die ruimte wat ontstaan as gevolg van die spanning tussen die twee opponerende ruimtes.

Na 'n kykie na verskeie ruimtes te vinde binne die post-koloniale diskoers wat die letterkunde betref, en spesifiek Suid-Afrika, is dit ooglopend dat hierdie ruimtelike konsepte verweef is met mekaar, elk onmiskienbaar anders, maar die een gekoppel aan die ander.

2.2.5. Marge: in die kantlyn van “Gekleurde” identiteit

“...coloured identities were constructed out of a fragmented cultural material available in the contexts of slavery, colonialism and cultural dispossession. This leaves their constructed and composite historical nature always evident and their dislocation always present. These are identities produced and reproduced in the place of the margin”³⁸ (alle onderstreping my eie).

Wat die identiteit van die hibried betref, ook vroeër genoem waar gekyk is na die liminale ruimte en die “Gekleurde” persoon as hibried, is dit ooglopend dat die ruimte wat die “Gekleurde”, die hibried, beset, broos is. Hierdie aspek aangaande die marginaliteit van “Gekleurde” identiteit lok allerlei vrae uit soos: Wat is die marge? Na wie se marge word verwys? Wie bepaal die marge? Antwoorde op hierdie vrae is nodig om ‘n redelik goeie begrip van hierdie verskynsel van marginaliteit te verseker. “Speculating on marginality: where does the limit of marginality lie? The far out fringes of the very fringes, the outer, colder, darker regions of society? Does it have a boundary? What is beyond the boundary? Which boundary is implied by the idea of marginality?”³⁹

Die marge word algemeen gesien as die ruimte wat in direkte opposisie tot die sentrum staan. Dit word ook gesien as dit wat aan die sentrum betekenis toeskryf en omgekeerd, in konstante dialoog met die sentrum, wat dan aanleiding gee tot die ontstaan van die liminale ruimte waarna vroeër verwys is. Dit is duidelik,

³⁸ Erasmus 2001:17

³⁹ Viljoen 1998:1

maar die realiteit van die saak is dat só 'n binêre representasie van die sentrum en marge nie voldoende is nie, want die werklikheid is baie meer kompleks. Byvoorbeeld, dit verswyg die tussen-in, die liminale ruimte.

'n Interessante aspek wat die marge betref, is dat daar binne die marge 'n sentrum aangetref word. Dit is so die geval in die Kleurlinggemeenskap waar marge en sentrum, binne die marginale groepering van hierdie groep, bestaan. Diegene wat 'n opvoeding geniet het en/of van 'n hoër sosiale stand is as ander wat tot dieselfde "Gekleurde" klassifikasie behoort, word gesien⁴⁰ as meer gesofistikeerd en behorende tot die "interne"⁴¹ sentrum. Diegene wat nie voldoen aan die standaard van die "interne" sentrum nie, word gereleger tot die periferie van die marge. Die omgekeerde bestaan dan ook weer, dat daar marges binne die sentrum bestaan.

2.3. IDENTITEIT

2.3.1. Algemene inleiding

"Identity is not as transparent or unproblematic as we think. Perhaps instead of identity as an already accomplished fact, which the new cultural practices then represent, we should think, instead, of identity as a 'production', which is never

⁴⁰ Hier moet dit duidelik gemaak word dat hierdie posisionering dikwels gedoen word deur diegene wat eerder tot 'n "beleagere centre"- posisie wil behoort, as net die marge.

⁴¹ Met verwysing hier na die sentrum wat binne die marge bestaan

complete, always in process, and always constituted within, not outside, representation"⁴² (alle onderstreping my eie).

Die konsep van identiteit is onlosmaaklik verbind aan dié van ruimte. In die soeke na en konstruksie van identiteit is dit die ruimtes wat op verskeie oomblikke beset word, wat help met die vorming en vasstelling van die "self". Beide die konsep van ruimte en dié van identiteit het te make met ons ruimtelike ervarings as mense. Juis daardie ruimtes wat ons beset vorm ons identiteite en hierdie identiteite bepaal ons persepsies en representasies van ons uiteenlopende ruimtelike ervarings. Die verhouding tussen ruimte en identiteit is ook duidelik na aanleiding van 'n opmerking in 'n vroeëre onderafdeling, dat geografiese ruimte sonder emosionele en ideologiese ruimte, betekenisloos is. Die verhouding tussen ruimte en identiteit kan dus gesien word as 'n simbiotiese verhouding, 'n wedersydse afhanklikheid wat betekenis skep.

Ashcroft (et al) dui aan dat wanneer ruimte as meer as net 'n fisiese ligging aanvaar word, die sleutelrol wat dit in die konstruksie van identiteit speel, duidelik sal word. "In the case of diasporic peoples, place might not refer to a location at all, since the formative link between identity and an actual location might have been irredeemably severed. But all constructions and disruptions of place hinge on the question: 'Where do I belong?' The place of a diasporic persons' 'belonging' may have little to do with spatial location, but be situated in family, community, in those symbolic features which constitute a shared culture, a

⁴² Hall 1996:110.

shared ethnicity or system of belief, including nostalgia for a distant homeland. It is when place is least spatial, perhaps, that it becomes most identifying⁴³ (alle onderstreping my eie).

Verder interessant by die konsep van identiteit is waar Ashcroft (et al) argumenteer dat die behepthed met ruimte/plek en ontheemding binne die post-koloniale diskoers is waar "the special post-colonial crisis of identity comes into being; the concern with the development or recover of an effective identifying relationship between self and place"⁴⁴ (alle onderstreping my eie).

2.3.2. "Gekleurde" identiteit – "Gekleurd"? "Swart": die dilemma wat "Gekleurde" en hibriede identiteit betref

"... The racial discourses in South Africa have made it impossible to see colouredness as an identity that could be understood and respected on its own terms... it has always been understood as a residual, in-between or lesser identity – characterised as 'lacking', supplementary, excessive, inferior or simply non-existent. Discomfort among some coloured people with the idea of being coloured has resulted, on the one hand, in attempts to reconstruct a sense of purity based on claims to ethnicity and indigenous roots, or on the other, a complete denial of this identity. These negative characterisations and denials have contributed to the marginalization and trivialisation of coloured identities in

⁴³ Ashcroft (et al) 2001:125

⁴⁴ Ashcroft (et al) 1998:8-9

relation to processes of building a national identity in post-apartheid South Africa”⁴⁵.

Die dilemma wat ondervind word in die soeke om identiteit op te spoor en te konstrueer, is op sigself problematies, maar wanneer (‘n) identiteit gekonstrueer moet word wat nóg tot die sentrum nóg die marge behoort, soos die geval met die konstruksie van “Gekleurde” identiteit, dan word ‘n uitweg uit die dilemma ‘n ál groter uitdaging. Die konstruksie van identiteit is veral ‘n fokuspunt in talle post-koloniale diskoerse en dié soeke van die hibried, na ‘n “aanvaarbare” eie identiteit, neem deel aan hierdie gespek binne die post-koloniale kader. Die hibried, die “Gekleurde” persoon, moet nie slegs tussen verskeie ruimtes beweeg nie, maar moet ook hierdie ruimtes beset. In die besetting van en interaksie met hierdie ruimtes moet die hibried verskeie identiteite aanpas, afwerp, verwerp, aanneem en integreer om tot ‘n sekere soort “heelheid”⁴⁶ te kom, ‘n vorm van identiteit wat ‘n leefbare ruimte en “herkenbare self” moontlik maak.

Die identiteit van die “Gekleurde” is gefragmenteerd, baie meer so as dié van diegene wat tot die sentrale groep behoort. Hulle (“Gekleurdes” se) identiteite is gemaak tot iets wat verstaan moet word as dit wat nie onafhanklik kan bestaan nie. Hierdie siening en ander soortgelykes, om “Gekleurde” identiteite afhanklik

⁴⁵ Erasmus 2001:15-16.

⁴⁶ Hier word gepraat van ‘n “soort heelheid” want hierdie verhandeling wil voorhou dat op geen tydstip in ons menslike bestaan is dit werklik vir ons moontlik om te sê dat ons identiteit “gevind” is en vas staan en dat ons “heel” individue is nie. Ter aansluiting by Hall se siening dat identiteit vloeiend is, kan geargumenteer word dat ons dus altyd in die een of ander veranderende toestand is, en die “heelheid” wat ons op ‘n gegewe tyd en binne ‘n gegewe ruimte ervaar slegs voorlopig is.

te maak van die ander “beduidende” identiteite, is ‘n uitvloeisel van Suid-Afrika se rassistiese verlede⁴⁷.

Die hibried is dikwels die besetter van die liminale ruimte; daardie ruimte wat bestaan buite die opponerende sentrum en rand. Die “Gekleurde” persoon is gebonde aan beide die sentrum sowel as die periferie, maar behoort terselfdertyd nie tot een van die twee nie.

“The humiliation of being ‘less than white’ made being ‘better than black’ a very fragile position to occupy... Being coloured often means having to choose between blackness and whiteness. When one lives the aspects of both these cultural identities, having to choose one means the denial of some part of oneself. This is not easy especially when one’s actions are judged in these stark racial terms. Being coloured means being the privileged black and the ‘not quite white’ person”⁴⁸.

Erasmus⁴⁹ argumenteer dat: “coloured identities were constructed out of fragmented cultural material available in the contexts of slavery, colonialism and cultural dispossession. This leaves their constructed and composite historical nature always evident and their dislocation always present. These are identities

⁴⁷ Die rassistiese verlede waarna daar hier verwys word is die Apartheidsera in Suid-Afrika, veral tussen 1948 en 1990. Skeiding tussen verskeie groepe mense is op grond van ras gedoen. Gedurende hierdie tydperk het die wette van die land dit haas onmoontlik gemaak vir ‘n nie-blanke Suid-Afrikaner om met ‘n blanke Suid-Afrikaner te trou, in ‘n blanke woongebied te woon, blanke skole by te woon, ensovoorts. Verskeie wette is daargestel om segregasie op grond van ras te verseker.

⁴⁸ Erasmus 2001:13-14

⁴⁹ In: Erasmus 2001

produced and reproduced in the place of the margin"⁵⁰ (alle onderstreping my eie). Soos bo genoem by die identiteit van die (Gekleurde as) hibried en die ruimte wat beset word, is die identiteit (van die hibried) gekonstrueer uit 'n verskeidenheid aspekte, wat die gefragmenteerde element inbring, maar wat ook aanleiding gee tot 'n "tipe" heelheid, "eie" identiteit.

2.3.3. Identiteitsmerkers⁵¹

Identiteitsmerkers het te make met tasbare aspekte van die daaglikse bestaan. Die manier hoe ons aantrek, die taal wat ons praat, waar ons woon, wat ons eet, ons name en ander aspekte, almal in eie reg, wys wie ons is en waar ons op daardie gegewe oomblik in ons lewens bevind. Dit is duidelik dat net soos identiteit gesien word as iets vloeibaar en veranderlik ("fluid"), so is baie van die identiteitsmerkers ook: ons verander ons klere om by die geleentheid te pas, haarstyle, haarkleur- en tekstuur kan gedurig verander word, en baie mense volg die mode(gier) van die gegewe tyd, om in te pas en op 'n spesifieke manier geïdentifiseer te word. Verder besig ons ook dikwels 'n taal anders as ons moedertaal wanneer dit van ons verwag word of wanneer ons kies om dit te doen. Hierdie is slegs 'n paar algemene voorbeelde van daardie identiteitsmerkers wat gedurig kan verander. Maar dan is daar ook daardie merkers wat minder geneig is tot verandering, soos: ons naam(e), waar ons woon, ons professione. Vir sommige (meeste) is hierdie aspekte konstant, vir ander, veral die "gekonstrueerde hibried", kan selfs hierdie aspekte verander.

⁵⁰ Erasmus 2001:17

⁵¹ Ek gebruik hierdie term om te verwys na spesifieke elemente wat wys na 'n persoon se identiteit, hulle wese, hulle bestaan.

Hierdie aspek van identiteitsmerkers, en veral ten opsigte van die hibried, word breedvoerig bespreek in hoofstuk 4 van hierdie verhandeling aan die hand van Dido se boek, *'n Stringetjie blou krale*. Derhalwe sal daar nie hier verder op die aspek van identiteitsmerkers ingegaan word nie.

2.4. TEN SLOTTE

Waar daar in hierdie hoofstukke gelet is op verskeie teoretiese aspekte, onder andere die post-koloniale gesprek en Suid-Afrika se deelname daaraan, asook ruimte en identiteit, moet dit bygevoeg word dat baie van hierdie aspekte later in die verhandeling toegepas word by die analise van Dido se romans. Dit moet baie duidelik gestel word dat ál die aspekte, veral dié wat ruimte en identiteit betref, deeglik by die analyses van Dido se romans betrek word, maar nie noodwendig almal by elke roman nie. Die eerste rede vir die selektiwiteit is eenvoudig om eentonige herhaling te voorkom. 'n Verdere rede is dat ek my laat lei het deur die aspekte wat in 'n betrokke roman van die grootste belang is.

**HOOFSTUK 3: DIE “GEKLEURDE” SKRYWERS EN HULLE BYDRAES
TOT DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE IN DIE LAASTE
DEKADE VAN DIE TWINTIGSTE EN DIE BEGIN VAN DIE
EEN-EN-TWINTIGSTE EEU – ‘N OORSIGTELIKE BLIK**

“Dit het vir die swart Afrikaanse skrywer nie net om die herskep van hul eie identiteit gegaan nie; hulle wou ook hul lesers aanmoedig om ‘n ander identiteit aan te neem as die een wat die oorheersers tot in daardie stadium aan hul opgelê het... Die begeerte na transformasie – van minderwaardige identiteit wat deur apartheidsideologie ingegee is, na een te formuleer wat hulself kon formuleer en waarop hul trots kon voel – het nie net ‘n politieke sy gehad nie... (dit is) duidelik dat hierdie proses van selfhandhawing en selfdefiniëring ook ‘n persoonlike en psigologiese kant gehad het”⁵².

3.1. Inleidend

“The nineties generation of brown prose writers has staked out an important claim in the Afrikaans literary landscape. That the style and the thematic content of these works are different from the prose written by white Afrikaans authors is not surprising. At the same time the colour distinctions are becoming blurred”⁵³.

In hierdie hoofstuk sal dit hoofsaaklik gaan om ‘n oorsigtelike blik op die bydraes (prosa) van verskeie “Gekleurde” skrywers tot die Afrikaanse letterkunde, sedert

⁵² Hattingh 1998:4

⁵³ Renders 2001:100

1990. Hierdie oorsig sluit manlike sowel as vroulike skrywers en hulle bydraes in hierdie periode in. Die opbloei wat in die genoemde periode beleef is, is baie interessant en dui op die stemme wat gehoor moes/moet word, stemme wat sentraal staan binne die teoretiese kader van post-kolonialiteit. Hierdie "nuwe stemme" kan as 't ware gesien word as 'n uitlaatklep, maar ook as soeke, selfs die vasstelling van 'n identiteit wat nie geforseerd is nie, maar uitgebeitel en aangeneem. Hierdie identiteitskwessie, wat die "Gekleurde" skrywer betref, hang ongetwyfeld saam met die teenwoordigheid van die grenskarakter, die een op die marge, wat in die soeke na die "ware ek" (identiteit), vanaf die marge na die sentrum, dikwels 'n "nuwe sentrum", beweeg. Waar die "Gekleurde" skrywer bekyk word, daar sal die voorstelling van die "Gekleurde" karakter ook onder die soeklig kom. Die rede hiervoor is dat dié uitbeelding en voorstelling dikwels sal verskil van dié van byvoorbeeld die blanke skrywer as gevolg van verskille in ervarings. Meer oor die "Gekleurde" karakter in 'n opvolgende onderafdeling.

"Gekleurde" skrywers was eens op grond van ras gemarginaliseer, en eers na die "val van Apartheid", ingelei deur FW de Klerk se bekende 1990-toespraak, het daar op hierdie gebied ook verandering gekom. Dit is verder so dat wanneer op politieke en sosiale vlak groot verandering plaasvind, word dit (gewoonlik) in die literatuur van die betrokke land weerspieël. Hiervan is Suid-Afrika 'n sprekende voorbeeld. Die opbloei van "nuwe" "Gekleurde skrywers weerspieël die einde van diskriminasie teen hierdie groep.

3.2. 'n Oorsig van die bydraes van "Gekleurde" skrywers ná 1990

Dit gaan in hierdie onderafdeling, en hierdie verhandeling as geheel, nie om 'n bestekopname van al die bydraes deur "Gekleurde" skrywers sedert 1990 nie. Seminale bydraes sal wel genoem word en as voorbeeld voorgehou word om die omvang daarvan te belig, maar dit is by uitstek E.K.M. Dido se werk wat in 'n latere hoofstuk in diepte ondersoek sal word.

Hier word aangevang met 'n verwysing na A.H.M. Scholtz se bydraes van onskatbare waarde tot die Afrikaanse letterkunde na 1990. In 1995 debuteer hy, op gevorderde leeftyd, met *Vatmaar. 'n Lewendagge verhaal van 'n tyd wat nie meer is nie*. Hierdie debuutroman van Scholtz is voorwaar 'n diamant in die Afrikaanse letterkundige skatkis. Hierdie bydrae is aards en menslik, ongeslypte lewenservarings wat sonder fieterjasies of aanstellerigheid aangebied word.

In Scholtz se tweede boek, *Langsaan die vuur* (1996), gaan dit om die verhale en stemme van verskillende persone tydens verskillende tydperke van Suid-Afrika se geskiedenis. Hierdie 'ander' stemme, voorheen stil in die literatuur, is hier sonder moeite aan die vertel oor hulle omstandighede, maar ook die posisie van ander. Daar is die skille kontraste van die verskillende identiteite binne elke verhaal wat knap voorop gestel word: "nie-blank" teenoor blank (al die verhale), arm teenoor ryk (al die verhale), slaaf teenoor baas (Crudop-verhaal), terroris teenoor landsbeskermer (Kwela se verhaal), selfs man teenoor vrou en kind teenoor volwassenes.

In sy derde en laaste bydrae, *Afdraai* (1998), neem Scholtz die lewensverloop van 'n aantal doodgewone mense en maak dit tot 'n meesterstuk. Die geskiedenis kry "nuwe lewe" en ook "nuwe stemme". Hierdie "gekende/bekende" geskiedenis word nou nie gedeeltelik vertel of slegs uit een perspektief nie, maar 'n voller waarheid kom aan die lig deur 'n verskeidenheid stemme.

Op 17 November 2004 is A.H.M. Scholtz op Mafikeng oorlede.

In SP Benjamin se debuutroman, *Die reuk van steenkool* (1997), word 'n aantal aspekte, so eie aan die daaglikse bestaan van die mens, vooropgestel. Die blik op die alledaagse Du Toit-familie is een van eenvoud, onopgesmuk, dog empatiek en eerlik. Die disfunksionaliteit wat in families kan insluip, die uitwerking van drankmisbruik, die onvermydelikheid van verandering en die uitwerking daarvan op menselewe, is maar enkele van die kwessies wat op 'n byna terloopse manier hier aangebied word en toon waarom hierdie bydrae bekroon is met die debuutprys in De Kat se Derde Groot Romanwedstryd.

In Benjamin se bundel kortverhale, *Die lewe is 'n halwe roman*, wat in 1999 die lig sien, is daar die vooropstelling van die skrilte kontraste van verskillende identiteite: blank teenoor "nie-blank", ryk teenoor arm, man teenoor vrou en ook ander. Elke ervaring is "anders", dog eenders. Die andersheid in hierdie bundel van Benjamin lê opgesluit in die uiteenlopendheid van die identiteite. Die "eendersheid" is te vinde in die universele kwessies wat in die bundel aangespreek word.

In 1999 debuteer Kirby van der Merwe met sy roman *Klapperhaar slaap nie stil nie*. Hierdie debuutroman van Kirby van der Merwe gee 'n nugter, dog empatieke blik op die moesaamheid van versoening van uiteenlopende identiteite. Die byna onmoontlike taak om twee aparte, verskillende wêrelde, twee teenstrydige identiteite by mekaar uit te bring en aan te pas, word hier deur Kinta en haar bestaan verpersoonlik.

Bly te kenne, Braam (1997), Clive Smith se "eerste volwaardige novelle"⁵⁴, is 'n besondere bydrae tot die Afrikaanse letterkunde, deurdat daar empatiek en met eerlikheid, sonder aanstootlikheid, omgegaan word met mens-wees-kwessies, veral dié van die kind, waaroor daar in hierdie "verligte" eeu, nog steeds groot stilbly en stilmaak is.

Abraham Phillips debuteer in 1992 met *Die verdwaalde land*, wat André P. Brink bestempel het as: "'n klein boekie met 'n groot hart"⁵⁵. In 1993 volg 'n verdere bydrae uit sy pen, *Erfenis van die noodlot*. Op die agterblad van hierdie boek voer Franklin Sonn aan dat: "Sowel die storie as die Afrikaans van hierdie boekie sal derduisende Afrikaanssprekendes herken as ONS lewe geskryf in ONS Afrikaans. Dit is 'n belangrike werk in die proses van nasiebou". In 1997 sien Phillips se *Die Messiasbende* die lig. Hierdie verhaal oor die wel en wee van 'n groep haweloses is eg menslik, en in 'n oortuigende trant, sonder 'n patroniserende of neerhalende klank. Phillips gee in hierdie boek aan die sosiaal uitgeworpenes

⁵⁴ Agterblad van genoemde boek.

⁵⁵ Sien voorblad van genoemde boek.

van "Bellville-stasie"⁵⁶ 'n stem, 'n identiteit. Hulle lewe, hulle bestaan, is 'n werklikheid, en die uitbeelding daarvan in hierdie boek, is oortuigend, sonder 'n sweempie aanklag of veragting te bespeur.

"Ná die lees van *Ek, Joseph Daniel Marble* sal niemand kan sê: Ek het nie geweet die lewe in 'n Suid-Afrikaanse township lyk so nie. Dis 'n unieke leeservaring – in Afrikaans, maar ook in enige taal"⁵⁷.

Joseph Marble se debuutroman, *Ek, Joseph Daniel Marble* (1999), is 'n boek wat volgens my, die hare op menige leser se kop sal laat rys, die trane onbeskaamd by ander sal laat vloei en by ander 'n onwerklikheidsgevoel sal skep. Die vertelling is deurgaans maklik om te volg en dikwels skokkend, juis omdat dit so sonder fieterjasies aangebied word. Daar is geen hoogdrawende of mooi woorde nie, maar 'n byna ruwe taal, omdat dit al was wat hy, Joseph, as kind geken het: "So 'n rou eerlike stuk skryfwerk kan net kom van iemand wat dié soort lewe aan sy lyf gevoel het"⁵⁸.

Otto-Salies se *Diekie van die Bokaap* word geplaas in die kategorie jeugliteratuur. Dié boek van Otto-Salies is lekker-loslit-leesstof, veral vir die jeug, maar ook vir enige volwassene wat weer 'n slag die realiteit van jonk wees wil herleef en 'n gevoel wil kry van eietydse probleme wat jongmense ervaar en hoe hulle ouers dit hanteer en/of nie hanteer nie. Daar is Asa, met die bynaam Ice, en

⁵⁶ Dit is die naam wat die gemeenskap aan die bushalte gegee het waar die Messiasbende daaglik bymekaarkom en feesvier voor hulle "huiswaarts" keer na die dag se "werk".

⁵⁷ Gerwel op die agterblad van *Ek, Joseph Daniel Marble* (1999)

⁵⁸ Gerwel op die agterblad van bogenoemde boek

Sedick, Diekie, wat sentraal staan in hierdie boek. Hier is 'n blik op die Moslem-kultuur in ons samelewing, vanuit die perspektief van 'n Moslem, verfrissend en opreg. Die taalgebruik is ook heel geslaagd en die feit dat daar agter in die boek 'n verklarende lys woorde te vind is, maak die boek toeganklik vir selfs diegene wat nie vertrou is met Kaapse Afrikaans nie.

E.K.M. Dido debuteer in 1996 met *Die storie van Monica Peters*, wat in 1997 gevolg word deur *Rugdraai en stilbly*. In 2000 volg Dido se derde roman, '*n Stringetjie blou krale*. Haar mees onlangse bydrae tot die Afrikaanse letterkunde, *Die Onsigbares*, sien in 2004 die lig. Sy is sonder twyfel 'n baie beduidende (vroulike) stem in Afrikaans en sal breedvoerig bespreek word in 'n opvolgende hoofstuk.

Verder is daar ook die bydrae van Karel Benjamin, sy debuut, *Staan uit die water uit!* (1996) en later *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories* (1999). Die genoemde werke van Benjamin se trant is lig en humor is deurgaans te vinde in hierdie outobiografiese vertellings. Dan is daar ook die bydraes van Elias P. Nel, onder andere, *Iets goeds uit Verneukpan?* (1998) en *Mafoiing en annerlike gelofietjies* (2001). Nel se werk is veral streeksgebonde en dit is die wel en wee van die inwoners van plattelandse dorpie wat deel uitmaak van sy vertellings. Van P.J. Philander se *Rebunie* (2000), sy eerste roman, maar nie sy eerste bydrae tot die Afrikaanse letterkunde nie, word gesê dit maak "vir ons 'n ervaringswêreld oop waaroor nog selde eerstehands in Afrikaans vertel is."

Keerpunt (1995), saamgestel deur Rode en Gerwel, is 'n bundel kortverhale van "nuwe" stemme. So ook is *Die stukke wat ons sny. Twintig nuwe Afrikaanse verhale* (1999), 'n versameling kortverhale uit die pen van verskeie van die "nuwe" stemme.

Daar is sonder twyfel ander Gekleurde skrywers wat nie hier vermeld is nie, maar soos aangedui, gaan dit hier nie om 'n bestekopname nie en is daar ook nie genoegsame ruimte in hierdie verhandeling om almal te noem en/of te bespreek nie. Dié bied aan ander (studente) 'n geleentheid om ondersoek te doen na die ander Gekleurde skrywers en die leemtes van hierdie verhandeling aan te vul.

3.3. 'n Blik op die identiteit van die hibried op die marge

"'n Aantal tekstuele eienskappe van kontemporêre prosatekste gee duidelike aanduiding dat 'n bewustheid van kwessies te make met marginaliteit 'n sentrale rol speel in die hedendaagse Afrikaanse letterkunde. Dié bewussyn kan afgelei word uit, onder meer, die aard van karakters wat in kontemporêre Afrikaanse tekste optree... 'n Belangrike ontwikkeling van die Afrikaanse prosa – die publikasie van romans deur kleurling- en swart skrywers – het in hierdie tyd nog verdere ervarings van marginalisering op die voorgrond gestoot"⁵⁹.

Interessant, waar dit gaan om eens ras-gemarginaliseerde Afrikaanse skrywers, is die prominensie wat die kwessie van **identiteit** geniet. Waar 'n betrokke skrywer hom of haar bevind en/of bevind het, bepaal hulle "plek", maar ook

⁵⁹ John 1994:252

ongetwyfeld hulle identiteit, 'n onlosmaakbare deel van hulle mens-wees. Wat verder interessant is omtrent hierdie skrywers se bydraes, is die plek wat aan eens gemarginaliseerde karakter(s), die hibried (gewoonlik op die marge) toegeken word in hulle werke. Sekere aspekte rondom identiteit, wat voorop staan, word vervolgens kortliks bespreek⁶⁰.

"The category of the Other is as primordial as consciousness itself. In the most primitive societies, in the most ancient mythologies, one finds the expression of a duality – that of Self and the Other... Otherness is a fundamental category of human thought"⁶¹. Interessant by hierdie konsep van "self" en "ander" is hoe die twee, op die oog af botsend, tog 'n tipe simbiotiese verhouding handhaaf. Die "self" kan nie die plek (op die sentrum) inneem sonder die aanwesigheid van 'n "ander" (marge) om teen op teweeg nie, en omgekeerd. Marginalisasie bring mens dan ook noodgedwonge by die kwessie van grense, dit wat verband hou met afbakening: 'n aanduiding van waar die sentrum eindig en waar die periferie aanvang. Die grense word juis dan opgerig om sentrums te bewaak en die gemarginaliseerdes net daar ("waar hulle hoort"), op die marge. Sentrum, marge en grense bring mens tot die "tussen-ruimte", die liminale ruimte, nóg sentrum, nóg marge, 'n tipe "no man's land".

⁶⁰ As voorbeeld: die kwessie van sterk vroue en die stem van die kind

⁶¹ De Beauvoir 1990:307

Hall⁶² voer aan dat identiteit nie as iets vas gesien moet word nie, dis fluïed, nooit voltooid en dié dui dus op die veranderlike aard van identiteit. Hiermee is hierdie ondersoek eens. Maar tog vind hierdie verhandeling ook aansluiting by Ricoeur⁶³ se siening van die “idem” (“being the same”) en die “ipse” (“oneself as self-same”). Identiteit is wel veranderlik, maar tog is daar ook ‘n “sameness”, ‘n element wel onveranderd gebly het: “I am the ‘same’ person I was twenty years ago, even though I am so much different, and it is this sameness-in-difference that is my ipse, my narrative identity”⁶⁴. Hierdie onveranderlikheid te midde van die veranderlikheid wat Ricoeur se argument omtrent identiteit betref, laat onmiddellik aan Dido se *‘n Stringetjie blou krale dink*, en ‘n uitlating van die karakter Nancy/Nomsa nadat haar man, Bennie, uitvind dat sy, “Gekleurde” Nancy eintlik as swart Nomsa gebore is: “Bennie, ek... ek is... is ‘n Xhosa gebore... Ek... ek is nog dieselfde mens, Bennie”⁶⁵. Alhoewel sy Xhosa gebore is maar as Kleurling grootgeword het, is sy in wese nog dieselfde mens wat hy leer ken het, die hibriede Nancy, alhoewel sy grootgeword en baie verander het. Waar hy uitvind dat sy Xhosa gebore is, is sy in wese dieselfde mens wat hy leer ken het, liefgekry het en met wie hy sy lewe gedeel het. Alhoewel identiteit dus altyd aan die verander is, is daar ongetwyfeld ‘n element van “sameness”, van onveranderlikheid.

Die tema van identiteit, veral die van die persoon(e) op die **marge**, die **randfigure** en dan ook veral dié van die hibried, is ongetwyfeld een van die

⁶² Hall 1996:110

⁶³ Verwys na Simms 2003:102

⁶⁴ Simms 2003:102

⁶⁵ Dido 2000:148

belangrikste aspekte in A.H.M. Scholtz en ander "Gekleurde" skrywers se werk. Hier sal gelet word op die werk van onder andere A.H.M. Scholtz (*Vatmaar*), S.P. Benjamin (*Die lewe is 'n halwe roman*) en Kirby van der Merwe (*Klapperhaar slaap nie stil nie*).

In Scholtz se *Vatmaar* gaan dit om verskeie identiteite en maniere vir die vasstelling van ('n) identiteit en die beswering van 'n onwelkome een.

Vatmaar skenk hierdie groep verskillende mense, hulle op die marge, maar binne die grense van Vatmaar, 'n gemeensame identiteit: hulle is Vatmaar se mense. Hulle is elk anders, maar ook eenders deur die feit dat hulle deel is van hierdie groter gemeenskap, ongeag afkoms, ras of geloof.

So ook is dit in SP Benjamin se verhaal "Brand" in sy bundel *Die lewe is 'n halwe roman*, veral die karakter van Piet wat laat dink aan die uitgeworpe hibried op die marge, soekend na 'n "eie" identiteit, soos Scholtz se karakters op Vatmaar. Piet is nie meer welkom in sy eie (blanke) gemeenskap nie, tog wel in die plakkerskamp, maar hy "hoort" eintlik nie daar nie. Hy behoort dus nie meer tot sy "eie" mense nie, maar ook nie werklik tot die plakkerskamp nie, 'n tipe dubbele marginalisering: hy verkeer in 'n "tussen-ruimte", 'n plek êrens tussen die twee.

Die kwessie van identiteitsvorming, die soeke na identiteit en die konsep van identiteit funksioneer sterk in hierdie liminale ruimte, die ruimte van (veral) die gemarginaliseerde(s). Hierdie "tussen-ruimte" wat die gemarginaliseerde betref,

laat verder dink aan die karakter Nomsa/Nancy, die hibried, in Dido se roman *'n Stringetjie blou kraie* wat tussen verskillende identiteit staan en moet teruggaan op die spore (veelvuldig) van identiteitsvasstelling en die verlore/weggesmyte kraletjies van haar mens-wees gaan optel en her-ryg.

Juis die kwessie van identiteit, en dié van die hibried word pragtig uitgebou in *Vatmaar*. *Vatmaar* is die hemel van die gemarginaliseerdes en 'n toevlug vir die uitgeworpenes. Dis 'n plek waar die mense wat reeds daar woon jou "maar vat" en deel maak van *Vatmaar*. Hierdie "maak tot een van ons" is al vanaf die intrek van die "nuwe mense" sigbaar, wanneer almal betrokke is by die inwag van die dorpsklerk om die erf te kom aanwys, die hoekpale se inplanting en ook die feesviering van 'n nuutgevonde tuiste.

'n Ander interessantheid in verband met die kwessie van identiteit by die mense van *Vatmaar*, is die feit dat hulle nie heinings om hulle erwe het nie. Dit is oop erwe en suggereer 'n idee van "ons het niks om weg te steek nie" en ook dat almal welkom is. Hier woon diegene wat Du Toitspan nie kan bekostig, of wat nie welkom is daar nie. Hier woon hulle wat nie by "hulle eie" kan/mag woon nie, wat na die marge gedruk word deur "omstandighede", soos (wit) Oupa Lewies en sy (swart) Ruth.

Die idee van (menslike) eensaamheid is verweef met dié van identiteit en ook hierdie aspek word goed uitgebou deur Benjamin in die genoemde kortverhaal.

Hierdie kwessie van eensaamheid is veral voorop by sekere van die karakters, onder andere: Piet Langding, Sylvester, Koot Nienaber, Mattie Steenkamp. Alhoewel hierdie karakters omring is met ander mense is daar by hulle die verterende eensaamheid. Piet Landing het as "arm en blank" sy toevlug tot die plakkerskamp geneem uit vrees vir 'n lewe op straat, maar ook uit eensaamheid. So dwaal Sylvester maar gedurig rond en keer terug na Stienie se plekkie as die verlange te veel word, die verlange na samesyn en deel wees van: "Ek het na jou verlang Stienie..."⁶⁶. So is daar Koot wat 'n huis deel met Estelle, maar intense eensaamheid beleef, en skryf om as 't ware aan die lewe te bly, sy verhouding met sy rekenaar hou hom aan die gang, maar selfs hy beseft dit is nie genoeg nie. Verder word die idee van eensaamheid en die belangrikheid daarvan in hierdie bundel versterk deur die titel en die proloog. Waar dit gaan om 'n halwe roman is daar die afwesigheid van 'n ander helfte, 'n gedeelte wat gemis word, en derhalwe bydra tot die element van eensaamheid.

"The margins, our sites of survival, become our fighting grounds and their site for pilgrimage... The centre itself is margin... [H]ow possible is it to undertake a process of decentralization without being made aware of the margins within the center and the centers within the margin? Without encountering marginalization from both ruling center and the established margin"⁶⁷.

⁶⁶ Benjamin 1999:39

⁶⁷ Minh-ha 1995:215-216

In Kirby van der Merwe se *Klapperhaar slaap nie stil nie*, soos by Benjamin en Scholtz, is dit die kwessie van identiteit van die een op die marge van twee ruimtes wat veral voorop staan. Hierdie aspek staan sentraal in die lewe van talle van die karakters in die verhaal, onder andere Gustav, Hans, maar veral Kinta.

Dit is Kinta se soeke na wie sy is, wil wees, wat sentraal staan in hierdie verhaal. Haar soeke word dikwels aangevul deur die identiteite en bestaan van talle ander karakters wat op 'n manier deel van haar lewe was of is. Kinta het aan die begin van haar universiteitsjare van haar familie en haar verlede begin vlug: "Hoe het sy die Vlakte ontsnap? Oor die heining gekom?... Eenvoudig, dink sy, ek het die toegangsfooi betaal. Een pond vleis, nie 'n druppel bloed meer of minder nie... Sy was professor se witbroodjie... Toe was sy nog 'n skaam eerstejaartjie..."⁶⁸. Sy het geweet dat sy nie op die Kaapse Vlakte wou of kon bly nie: " 'n Heeltmaal ander ding, ja, die ergste ding, sou wees as sy laat aand uitgevat, met klere boonop verkreukel, uit 'n baie ouer wit man se duur kar klim voor haar deur in die township. Die oë, die skande, die stories! Sy móés net oorslaap"⁶⁹. Daar, in die township, sou sy nooit haarself kon vind nie, want dit waarna sy op soek was, nog dalk besig is om te soek, staan buite die grense van haar gekende gemeenskap. Die enigste deel van haar identiteit waaroor Kinta klaarheid het, is haar verlede, wie sy was en hoe sy grootgeword het, daardie gedeelte waaraan sy min, eintlik niks kan verander nie, behalwe stilbly daaroor, maar dit is moeilik, want: "klapperhaar slaap nie stil nie".

⁶⁸ Van der Merwe 1999:79

⁶⁹ Van der Merwe 1999:98

Saam met die kwessie van identiteit in hierdie werk van Van der Merwe, gaan dié van kultuur en die behoort tot 'n kulturele groep(e). Kinta het in haar lewe tot dusver met verskeie mense omgegaan. Mense van verskillende kulturele agtergronde het op die een of ander manier, hetsy deur bloedbande of bloot as kennis, Kinta se lewe binnegekom en beïnvloed. Daar is Ouma met haar aardse kultuur van wie Kinta ons vertel: "...soos ouvolk, ewig oud van geboorte af. Sy kom uit 'n harde tyd en harde wêreld. Hardegat... Sy't ons kinders so grootgemaak, gesond, met pruimtwak en kruie en rate"⁷⁰.

Kirby van der Merwe se *Klapperhaar slaap nie stil nie* vind aansluiting by die kwessie van identiteitsvorming van die hibried, maar interessant by Kinta is dit dat sy staan tussen hierdie twee kulture waaraan sy blootgestel is: die kultuur van die blankes, waaraan sy skynbaar wil behoort, en dié van (haar) Kleurlingmense. Sy hoort nie tot die Kleurlinggroep nie, sy is 'n gemarginaliseerde, maar terselfdertyd behoort sy ook nie tot die blanke groep nie, weens 'n beleid van die verlede. Maar nou, postapartheid, mag sy maar behoort tot hierdie groep, maar sy is steeds nie heeltemal deel van hulle nie, want 'n gedeelte van haar sit vas by "haar mense". Op die rand van albei hierdie kultuurgroepe bevind Kinta haarself, ewe ver van albei sentrums, nie juis behorende tot een van die twee nie en juis daarom so soekend na háár identiteit.

Die konsep van **naamgewing**, afkorting van name asook byname en titels van verskeie mense, is by hierdie kwessie van identiteit, veral dié van die randfiguur,

⁷⁰ Van der Merwe 1999:18

sterk aanwesig in die bydraes van verskeie van die “Gekleurde” skrywers. Daar sal vervolgens kortliks en afsonderlik gelet word op uitgesoekte bydraes van A.H.M. Scholtz, S.P. Benjamin en Kirby van der Merwe om hierdie kwessie van naamgewing as ‘n interessante deel van identiteit te belig.

In Scholtz se *Vatmaar*, is hierdie aspek van naamgewing belangrik. “Dit was die gewoonte om die Engelsman Mister en sy vrou Madam te noem en die boer Baas en sy vrou Miesies wanneer mense onder mekaar gepraat het. Deftige bruinmense was Mineer en Mevrouw. Ons het die grootmense Oupa en Ouma en Oom en Tante genoem, en hulle het mekaar Sus en Siesie en Neef genoem”⁷¹. Elke naam spreek boekdele in hierdie vertelling.

Soos by Scholtz se debuutroman, *Vatmaar*, is die kwessie van identiteit en dan verder dié aspek van naamgewing, in sy tweede bydrae, *Langsaan die vuur*, ook voorop. In hierdie vyf verhale gaan dit om die uiteenlopendheid, tog eendersheid van die verskillende hooffigure. Die aspek van name en naamgewing is in hierdie gesprek rondom identiteit baie belangrik. Al vyf lewensverhale se titel is die naam (en van) van ‘n (hoof)karakter. Die feit dat dit hier gaan om lewensverhale en nie ‘n fiksionele roman nie, dra by tot die belangrikheid van identiteit en watter vernames rol name speel in die vaslegging en behouding van identiteit.

Lewensverhale stel dit reeds duidelik dat dit hier gaan om die “wees” van mense, wie hulle is, waar hulle vandaan kom en waarom hulle is wie hulle is.

⁷¹ Scholtz 1995:4

Hierdie naamgewingselement se belang word verder kortliks belig aan die hand van die laaste verhaal, "Kwela Modise". Kwela word aan ons bekend gestel as Emma se kind⁷², 'n bepaalde identiteit. Hy "vind" later homself as mens, as skoolkind, as werkende jongman, selfs as gevangene en later as "terroris". Dan is daar uiteindelik sy naamlose dood. "Hier lê die terroris... Die gesig is onherkenbaar... Man sonder naam..."⁷³ (alle onderstreping my eie), en dan word hy onthou as held met 'n naam en sy naam word gekoppel aan aspekte van sy omgewing: Kwela se koor, Kwela se sokkerspan, Kwela se voetbalveld, Kwela se woonbuurt, die Kwela-deuntjie en die Kwela-dans. Sy aanvanklike naamloosheid word herstel.

So ook is hierdie aspek van naamgewing en naamloosheid te vinde in Scholtz se *Afdraai*. Dit blyk dat duidelik dat daar deur naamgewing 'n tipe vaslegging van identiteit is, 'n stempel wat afgedruk word. Dit is veral interessant om op te let hoe die mense van Brinks Pos op die een of ander manier aan mekaar verstrengel is. Daar is die troues en die nuwe vanne van die inkomelinge, die aanneem- en grootmaak kinders wat name en vanne kry wat glad nie verband hou met hulle "ware" identiteit (ouers) nie, en derhalwe tog 'n deel van hulle identiteit kwyt is. Die soeke na identiteit word treffend in Marius uitgebeeld. Een wat nooit sy biologiese ouers geken het nie, en nooit eintlik kennis gedra het van die feit dat hy 'n "grootmaakkind" is nie, is soekend na 'n deel van sy identiteit

⁷²Scholtz 1996:167

⁷³ Scholtz 1996:185

wat hy nooit geken het nie. Hierdie “ander, blas”, ongekende deel van sy identiteit is juis die rede waarom hy tot die marge gestoot word.

Naamloosheid is ook hier heel treffend aangewend. Ek dink spesifiek aan die naamlose prostituut met wie Marius gereeld gesels het. Dit is asof die prostituut (“prostie”⁷⁴) deur haar naamloosheid beskerm word, want saam met naamgewing om verantwoordelikheid en ‘n identiteit. Die feit dat sy ‘n prostituut is, dui slegs ‘n gedeelte van haar identiteit aan. Wanneer ons leer dat sy haar moeder en seun finansiëel ondersteun, kom ons te staan voor ‘n ander deel van haar identiteit, steeds sonder naam.

“Hulle jy en jou mekaar, daar word nie name gevra nie”⁷⁵ (alle onderstreping my eie).

“Alles verander. Net soos die wêreld om ons verander, verander ons self ook... Ons staan almal onder die wet van verandering”⁷⁶ (alle onderstreping my eie).

“Dit het my al voorheen getref hoe min ons mekaar hier in die huis op die voornaam noem. Dis nog net by die skool dat iemand my op my voornaam noem”⁷⁷.

⁷⁴ Scholtz 1998:132

⁷⁵ Scholtz 1998:133

⁷⁶ Scholtz 1998:129-130

⁷⁷ Benjamin 1997:22

Die verskillende karakters in Benjamin se *Die reuk van steenkool* is getuies van die feit dat die vasstelling van 'n eie identiteit 'n ewigduerende proses is, en dat representasie, buite-faktore, 'n kardinale rol speel in hierdie proses.

Die aspek van identiteit en naamgewing wat daarmee gepaard gaan, is sonder twyfel een van die belangrikste elemente in hierdie roman van Benjamin.

Dit is vir Kasper du Toit 'n baie belangrike saak, maar hy was altyd uitgesluit by hierdie deel van vaderskap deurdat hy nooit die voorreg gehad het om 'n naam toe te ken aan een van sy kinders nie. Dit blyk dat hierdie feit 'n gemis by Kasper tot gevolg het, en moontlik 'n rede is waarom sy seun voel hy, Kasper, groei weg van hulle. Maar Kasper is juis die een wat byname toeskryf aan verskillende lede van sy familie. Dit is dalk sy manier van deel wees van naamgewing. Tog is Kasper, naas Lukas, die enigste karakter wat blykbaar die belangrikheid van identiteit raaksien, en juis dit meen ek, dryf hom na drome, stilte, drank en uiteindelik die treinspoor.

Name en naamgewing is in Kirby van der Merwe se *Klapperhaar slaap nie stil nie*, soos by Scholtz en Benjamin, ook onlosmaakbaar deel van die hele identiteitskwessie. Baie van die karakters in *Klapperhaar slaap nie stil nie* het 'n soort bynaam en ook 'n doopnaam, al leer ken ons nie almal van hulle se doopnaam nie. Daar is onder andere Ouma, Kat en ook sy trawante. Dit is interessant, dalk net toevallig, dat die karakters met byname hier, "Kleurlinge" is: Kinta, Abe ook Kat en sy "vriende".

Kinta, wil dit voorkom, is 'n kleintyd-naam. Kinta maak nie beswaar teen die naam Kinta nie, dring nie daarop aan dat sy as Cathleen aangespreek moet word nie. Die gebruik van hierdie naam, Kinta, steeds in haar volwassenheid, dui moontlik daarop dat sy in 'n mate haar verlede koester en tevrede is met die gebruik van hierdie naam. Daar is volgens my geen aanduiding waar hierdie noemnaam vandaan kom nie. Die feit dat haar woonbuurt se naam (Observatory)⁷⁸ vir haar belangrik is, is veelseggend. Observatory, waar van gekyk word na die fisiese ligging, is "oorkant" die Liesbeekrivier en dui op die idee van Kinta en die grense wat sy oorsteek en alreeds oorgesteek het in haar soeke na identiteit.

"... sy debuutroman, *Klapperhaar slaap nie stil nie*, het gunstige kritiek ontlok as 'n genuanseerde ontleding van die soeke na 'n postapartheid-identiteit"⁷⁹.

In sekere van die "Gekleurde" skrywers se bydraes waar die aspek van identiteit sterk funksioneer, is daar ook die fokus op die **manlike identiteit**. Hierdie kwessie van die manlike identiteit laat ook die soeklig val op die vrou as karakter en die rol wat sy speel, maar hierdie aspek sal in 'n aparte paragraaf of twee, aan die hand van verskeie skrywers se bydraes, ondersoek word. Hier sal kortliks gelet word op enkele bydraes van A.H.M. Scholtz, S.P. Benjamin en Clive Smith om hierdie aspek van die manlike identiteit duidelik te laat blyk. In Scholtz se *Vatmaar* word daar subtiel gefokus op die manlike identiteit van *Vatmaar* se mans, terwyl dit in Benjamin se kortverhaalbundel onmiskenbaar

⁷⁸ Van der Merwe 1999:21

⁷⁹ Wasserman; *Die Burger*:13 Maart 2000

teenwoordig is en by Smith se *Bly te kenne, Braam*, duidelik op die voorgrond staan en meer breedvoerig bespreek sal word.

In Vatmaar val die (tradisionele) beeld van die man onder die soeklig. Ter illustrasie van hierdie aspek in Scholtz se genoemde werk wil ek ta Vuurmaak uitsonder.

Ta Vuurmaak is volgens die vertelling die oudste inwoner van Vatmaar. Hy was al twee keer getroud, maar elke keer het hy sy vrou na haar mense teruggeneem omdat sy nie vir hom (hulle), kinders kon baar nie. “Teen die tyd van die Runderpes (1896), het hy gesê, het hy al sy tweede vrou na haar ma-goed teruggestuur oor sy nie vir hom kinders kon gee nie. Wat hy nie kon verstaan nie, het hy altyd gesê en gelag, is dat altwee die vroumense ander man gevat het en vir hulle kinders gegee het”⁸⁰ (alle onderstreping my eie). Dit blyk nie dat daar ooit die gedagte by Ta Vuurmaak opkom dat hý die een met die “probleem” kan wees wat aanleiding gegee het tot sy en sy vrouens se kinderloosheid nie. Hierdie “klein werkie”, soos die oupas van Vatmaar daarna verwys het, kon Ta Vuurmaak nie doen nie, maar daar word op ‘n respekvolle, en selfs grappenderwys daarmee omgegaan, juis deur homself.

Die kwessie van ‘n manlike identiteit is in SP Benjamin se bundel, *Die lewe is ‘n halwe roman*, soos by Scholtz, besonders interessant. Dit gaan hier wat die manlike identiteit betref om die soeke na ‘n aanvaarbare, leefbare manlike

⁸⁰ Scholtz 1995:5

identiteit. Hierdie idee van 'n soeke na 'n manlike identiteit in die bundel verskerp deur die byna oorweldigende teenwoordigheid van vroue met sterk karakters en persoonlikhede. Hierdie eertydse figure van die marge is hier voorop en beur met mening na die sentrum.

By Smith se *Bly te kenne, Braam* is dit veral die manlike identiteit en die vasstelling daarvan, soos ervaar deur Braam, wat op die voorgrond staan. Hierdie aspek van Braam se lewe: sy soeke na wie hy is, sy identiteit, gaan sonder twyfel saam met sy seksuele ontwaking en sy verstaan en hantering daarvan. Hierdie soeke kom van binne, maar daar is die uiterlike soeke, die tas na die dinge rondom hom, want aangesien dat hy nog kind is, leef hy vir die tasbare, die konkrete. Dit is dan juis die volwassenes na aan hom en hulle optredes wat vir hom 'n verdere "rigtingwyser" in hierdie soeke van hom is. Dit is ongelukkig so dat die voorbeelde wat hierdie volwassenes stel, deur die lewens wat hulle kies om te lei, dikwels nie tot opbouing vir Braam is nie, maar eerder tot verdere verwarring. Daar is myns insiens drie belangrike persone in hierdie soeke na identiteit van Braam wat sentraal staan: sy pa (Bazil), sy ma (Priscilla) en Victor.

Sy pa het sy moeder (Priscilla) geslaan ("Miskien moet ek vir Ouma vertel dat Pa vir Ma geslaan het"⁸¹), en volgens sy ouma se reaksie is dit nie wat 'n "real" man aan sy vrou doen nie. Verder glo sy pa aan 'n "boys don't cry" -filosofie en hiermee sukkel Braam dikwels: "My onderlip begin vanself bewe. Ek voel hoe my

⁸¹ Smith 1997:5

trane in nat strepe langs my wange afloop. Net sissies huil, probeer ek vir myself sê...⁸². Dan is daar nog die hele kwessie van sy pa se "poppies" en die feit dat sy ma meen: "...ek moet nooit 'n vrou 'n poppie noem nie" en "real men" praat nie van poppies nie"⁸³, maar hy hoor sy pa dit doen, die eerste werklike manlike rolmodel in sy jong seunslewe.

Sy ma se sienings is dikwels strydig met dié van sy vader en dan moet Braam, na die skeiding van sy ouers, vasstel wat sy siening van die saak is, sonder dat dit gaan om kant kies, maar dis moeilik vir 'n kind. Daar kom nuwe mans in sy ma se lewe, eerste die lamsakkige Jack Stewart en dan die sensuele Viso, en Braam word gekonfronteer met gevoelens van jaloesie en haat. Hy sien die teenwoordigheid van hierdie mans in sy moeder se lewe as 'n bedreiging van sy plek in haar lewe, 'n bedreiging van hulle verhouding, sy eerste "verhouding" met iemand van die teenoorgestelde geslag. Die eerste twee verhoudings in sy lewe, beide met 'n man en vrou, sy ouers, is vir hom verwarrend en angswekkend wanneer daar 'n vreemde op die toneel verskyn, en te midde hiervan moet hy vasstel wie hy is. Die begin van 'n verstaan wie hy is kom egter eerste aan die einde van die verhaal vir Braam, na sy wedervaringe met Victor.

Dit is by Victor waar dit wil voorkom asof Braam op sy gemaklikste is. Victor, anders as sy ma, pa, Karel, Hansie, Lisa en die ander mense in sy lewe, laat hom toe om net homself, Braam, te wees. Victor is oënskyklik self op 'n tog om

⁸² Smith 1997:11

⁸³ Smith 1997:19

sy identiteit vas te stel, ten spyte hiervan is dit juis by hom dat Braam die meeste op sy gemak is, voel hy hoort, voel hy word verstaan. Dalk omdat hulle albei op dieselfde (identiteits) ontdekkingstog is?

Die mans in Braam se lewe is almal die een of ander "voorstelling" van manlikheid en die vroue in sy lewe het op hulle beurt weer eie hul idee oor manlikheid. Braam moet dan sy plek, sy mens/man-wees vind, binne al hierdie voorstellings en verwagtinge. Hy moet die plek vind waar hy gemaklik is, homself kan identifiseer en vrede het met wie hy is en nie is nie.

Die seksuele ontwaking by Braam en die gepaardgaande soeke na 'n eie identiteit is sonder twyfel 'n uiters traumatiese tydperk in Braam se lewe. Daar is aanvanklik die trauma van sy ouers se stryery en bakleiery en gevolglik hulle skeiding. Dan is daar sy pa se eskapades met die "poppies" en die alleenheid wat hy ervaar as gevolg daarvan, gevolg deur sy ma se reaksie daarop. Daar is sy ma se verwerking van hulle traumatiese skeiding en die uitwerking daarvan op hom as kind van beide. Daar is ook die nuwe mans in sy ma se lewe en die gepaardgaande bedreiging wat Braam ervaar. Die verhuising na Bokmakierie, weg van sy geliefde woonstel in die Tuine, is vir Braam ook erg traumaties, maar eers in Bokmakierie pas hy maklik aan. Daar volg nog talle ander traumatiese oomblikke en ervarings in Braam se jong lewe. So is daar ook die stres op sy vriendskap met Karel vanweë sy "liefde" vir Lisa en hul "verhouding", en dan die

daar Muriel en Aletta Growé, twee vroue wat ten spyte van veragting en teenkanting, hartseer en armoede, moedig bly en troos vind by mekaar, ten spyte van verandering in hulle lewens. Laastens is daar Ma Emma, die ma wat Kwela se belange voor haar eie stel en positief en dankbaar bly tot haar einde. Hierdie vroue word gedra deur hulle sterk geeste, onwrikbare geloof en hoop in hulle God en hulle onblusbare liefde vir hul geliefdes. Hierdie vroue bly staande ten spyte van swaarkry, diepe hartseer, vernedering en diskriminasie. Hulle is “anders”, tog eenders. Anders in hulle ervaring van hul afsonderlike werklikhede, anders ten opsigte van tyd en plek in die geskiedenis, maar eenders deur hulle sterk karakter. Die afwesigheid van sterk manlike karakters in baie van die verhale belig ‘n verskuiwing in die tradisionele rolle en die sterk vroulike karakters wat voorop staan.

By *Afdraai*, soos by *Langsaan die vuur*, is besonder sterk vroue te vinde. Hester Olivier Smith is een van die vroue wat onmiddellik opkom. Sy is ook die eerste sterk vrou met wie die leser kennis maak in die boek. Dan is daar die naamlose “prostie” (prostituut) en ten slotte is daar Louise wat uiteindelik haar waardigheid, haar mens-wees terugeis.

In Dido se bydraes is daar ook ooglopend die aanwesigheid van sterk vroue. Dit is juis die vroulike karakters se situasies en die uitdagings wat hulle te bowe kom, wat die “sterk vrou” uitlig. Maar daar sal hier nie ingegaan word op dié

aspek van Dido se werk nie om sodoende 'n herhaling te vermy, want haar bydraes word breedvoerig in 'n opvolgende hoofstuk behandel.

Daar is die aspek van **die stem van die kind** wat in heelwat van die werke van genoemde "Gekleurde" skrywers voorkom en funksioneel ingewerk word. Hier sal daar gelet word op enkele van hierdie bydraes om die stem van die kind "hoorbaar" te maak. Daar sal onder andere gelet word op S.P. Benjamin se *Die reuk van steenkool*; Joseph Daniel se *Ek, Joseph Daniel Marble*; Clive Smith se *Bly te kenne, Braam* en laastens A.H.M. Scholtz se *Langsaan die vuur*.

In SP Benjamin se roman, *Die reuk van steenkool*, is die stem van die seun Lukas du Toit baie funksioneel. Die outeur raak weg agter die (stil) stem van die eerlike vertelling van hierdie kinderstem. Die geslaagdheid van hierdie karakter as verteller lê opgesluit in verskeie aspekte van sy "wees"⁸⁷. Sy waarneming, sy ervaring, sy perspektief, bepaal sy storie aan ons. Lukas is 'n baie stil figuur, maar ondanks hierdie feit vertel hy ons die storie van sy hele bestaan, sy familie, sy straat se mense, sy (ons) land. Hy is beide as karakter (seun van die Du Toit's) en verteller die een met die Argusoë⁸⁸, en sy pa in die verhaal het gelyk dat "dis waar sy redding lê"⁸⁹. Die stem van die kind hier dra by tot die geloofwaardigheid van die vertelling, want onskuld en eerlikheid is twee van die eienskappe wat gewoonlik met kinders geassosieer word.

⁸⁷ Ek verwys hier na die bestaan, sy "is", die 'mens-wees' van hierdie kind/karakter/verteller.

⁸⁸ In die Griekse mitologie is Argus die reus met 100 oë. Hier dus: Lukas as iemand wat alles raaksien. Sien Benjamin 1997:44

⁸⁹ Benjamin 1997:44

“Ek sal skryf, skryf, en skryf tot daar nie meer woorde in my oor is nie. Ek sal opteken, ek sal hulle skets tot daar nie meer beelde voor my geestes oog rondans nie... Ek sal skryf sonder om iets by te voeg...”⁹⁰

Soos by Benjamin se debuutroman is die stem van die kind in sy kortverhaalbundel noodsaaklik om die walglikheid minder eksplisiet te maak. Die onskuld en ongekompliseerde beleweniswêreld van die kind word as ‘t ware op sy kop gedraai, verwring deur die “varklikheid” van sommige volwassenes in hierdie kinders se leefkring, en dit is juis die stem van die kind wat by die leser empatie uitlok.

In *Ek, Joseph Daniel Marble*, is die gebeure en die vertelling dikwels skokkend, ander kere hartverskeurend, soms byna onwaar, maar dit is juis hierdie aspekte wat die nuuskierigheid prikkel om te wil weet wat met die kind Joseph gebeur, sowel as die ander karakters.

Die stem van die kind is hier funksioneel, maar op ‘n sekere punt raak die kind-“wees” van die verteller weg, en is die kind, of altans die kinderlike onskuld van die kind verlore. Kan mens verwag dat die kind Joseph ‘n kind bly terwyl hy rypgedruk word deur soveel (prominente) grootmense in sy lewe? Die “amper”⁹¹-grootmens stem bring vir my ‘n afsluiting van die eertydse onskuld mee in die vertelling.

⁹⁰ Benjamin 1997:14

⁹¹ Ek praat hier van “amper”, want Joseph is ten tyde van baie van sy “grootmens” aksies, nog blote kind al beskou hy homself as “groot”/volwasse.

Die verteltrant in Smith se *Bly te kenne, Braam*, is lig en gemaklik. Dit is juis die stem van die kind, Braam, as hoofkarakter, wat hierdie maklike verteltrant teweeg bring en tot die geloofwaardigheid van die vertelling bydra.

Dit is dan ook juis die stem van die kind wat hierdie vertelling uiters geslaagd maak. By die kind gaan dit om die konkrete, die tasbare en saam met Braam "sien" en "voel" ons die lewe, die "op pad" wees op die tog van self-ontdekking. Met die lees van hierdie boek van Smith het ek oombliklik teruggedink aan 'n bydrae van Hugo Pos tot die Nederlandse letterkunde waar die stem van die kind ook voorop is. Net soos by Pos se kortverhaal, "Het doosje van Toeti", uit die bundel met dieselfde titel, is die kinderstem hoogs funksioneel. Die aanwesigheid van die kinderstem by Smith, soos by Pos, roep 'n gevoel van eenvoud en opregtheid op, kenmerke so eie aan kinders.

Braam se seksuele ontwaking is vir hom terselfdertyd opwindend, vreesaanjaend en verwarrend: "Dit voel nie reg om hulle so aan te staar nie, maar iets hou my vas"⁹². Die kinderstem rondom die gebeurtenisse van Braam, die kind, laat geensins ruimte vir walging nie, inteendeel. Die ongekompliseerde en eerlike manier waarop die leser daarmee gekonfronteer word, wek begrip en empatie. Braam se seksualiteit en sy seksuele ontwaking staan so sentraal op hierdie spesifieke tyd in sy lewe, en tog vind hy nie die nodige ondersteuning en simpatie by sy ouers nie. Dit is by sy vriende Karel en Hansie dat hy (en hulle) sonder woorde ontdek en leer.

⁹² Smith 1997:22

Dit is steeds in ons sogenaamde verligte eeu 'n probleem waarmee ons samelewing worstel, veral sekere groepe van die samelewing: die openhartige en eerlike uitpraat oor seksuele ontwaking en seks. Tog het Smith in hierdie boek dit reggekry om op 'n waardige manier, met die nodige humor, hierdie netelige kwessie te bespreek.

Die kinderstem wat aanvanklik in byna al die verhale in *Langsaan die vuur*, van A.H.M. Scholtz, deurkom en ontwikkel tot die stem van 'n volwassene, is baie funksioneel. Die eienskappe van eenvoud en eerlikheid wat gewoonlik met 'n kind geassosieer word, leen 'n dimensie van geloofwaardigheid aan die verhale. Dit gaan hier nie om die romantisering van die verlede, maar eerder net die oordra van 'n werklikheid soos deur hulle, op die rand, ervaar is.

3.4. Ten slotte

"When more and more coloured writers produce literary works of the highest standard, skin colour will become increasingly irrelevant"⁹³.

Dit moet hier duidelik gemaak word dat die bostaande ondersoek net oorsigtelik was en geensins 'n in diepte - bespreking nie. Dit het hier gegaan om 'n kyk na die bydraes van verskeie "Gekleurde" skrywers en die temas wat veral voorop staan in hulle werk. Die oorsigtelike aard van hierdie hoofstuk laat ruimte vir verdere studie deur andere. Daar word wel gehoop dat die belangrikheid van die kwessies rondom identiteit by die "Gekleurde" skrywers duidelik blyk uit die

⁹³ Renders 2001:100

ondersoek in hierdie hoofstuk. Daar sal vervolgens, in groter diepte, 'n ondersoek gedoen word oor die tema van identiteit in die werk van E.K.M. Dido. Daar sal ingegaan word op die aard van die identiteitskrisisse wat uitgebeeld word en die oplossings wat gesuggereer word.

HOOFSTUK 4: DIDO: DIE “GEKLEURDE” (VROU)MENS; DIDO, DIE SKRYWER – OOR GRENSE HEEN

4.1. 'n Biografiese oorsig⁹⁴

“Almal noem haar Dido. Voornamie is net so afwesig soos enige fieterjasies of opgesmuktheid. Toe ek Dido die heel eerste keer ontmoet het, het ek geweet: Hier is 'n vrou wat nie met haar laat mors nie – g'n doekiesomdraaiery, geveinsdheid of pretensies nie. En die pittigheid en humor wat ek so in haar skryfwerk geniet, sprankel in al haar gesprekke⁹⁵.”

E.K.M. Dido is in Julie 1951 in Tsomo in die Transkei gebore en het daar grootgeword. Sy is die derde oudste van twaalf kinders. Nadat sy standard vier op Tsomo voltooi het, is sy na 'n kosskool op Cofimvaba. Sy het op Cradock standerd agt voltooi waarna sy weens geldelike probleme skool moes verlaat. Sy besluit om verpleging te gaan doen alhoewel dit haar droom was om onderwyseres te word. Sy voltooi haar basiese opleiding in verpleegkunde in Kimberley waarna sy in 1972 na Kaapstad verhuis en voltooi hier diplomas in Verloskunde en Psigiatrie. Sy het daarna via 'n korrespondensiekursus gematrikuleer en haar graad in verpleegkunde deur UNISA verwerf in Gemeenskapsverpleegkunde, Verpleegadministrasie en Verpleegonderrig. Sy was 'n tyd lank dosent by die destydse Nico Malan Verpleging Kollege waar sy Etos en Professionele Praktyk aangebied het. In 1999 verlaat sy die beroep om

⁹⁴ Biografiese gegewens deur skrywer verskaf.

⁹⁵ Gouws – <http://www.twisted.co.za/page/writing/intervw/dido.htm>

haar voltyds op haar skryfwerk toe te spits, maar sy tree na *Die Onsigbares* (2003) terug tot die beroep en tans doseer sy by Netcare Training Academy. Sy is huidiglik besig met haar vyfde roman.

Sy debuteer in 1996 met *Die storie van Monica Peters*. In 1997 volg *Rugdraai en stilbly* en in 2000 sien 'n *Stringetjie blou krale* die lig. In 2003 verskyn daar uit Dido se pen, *Die Onsigbares*, haar jongste boek. Van haar kortverhale verskyn in verskeie bundels, onder andere, "Die Prediker" in 'n versamelreeks in *Douspoor*, "n Nuwe ID" in *Die stukke wat ons sny* en "Baby" in *Stroomversnellings* en *The Rapids*. Sy lewer ook bydraes op LitNet en van haar kortverhale is in Nederland gepubliseer.

4.2. Die "Gekleurde" vrou – "dubbeld-gemarginaliseerd" – 'n oorsigtelike blik

"Black women's writing ... is a series of boundary-crossing literatures, not a fixed geographically, ethnically, or nationally bound category of writing. Black women's writing, therefore, exists in cross-cultural, trans-national, diasporic contexts"⁹⁶.

Die stem en die invloed van die "Gekleurde" vroulike stem in die literatuur, en meer spesifiek die Afrikaanse letterkunde, is taamlik "stil". Hier word ook 'n blik gewerp op die identiteit van die "Gekleurde" vrou in die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit moet genoem word dat daar tot op hede slegs 'n handjievol

⁹⁶ Boyce-Davies 1995:1

“Gekleurde” vroueskrywers in Afrikaans is, van wie Dido seker die beduidendste stem tot op hede is.

“Women in many societies have been relegated to the position of ‘Other’, marginalised and, in a metaphorical sense, colonized... Women, like post-colonial peoples, have had to construct a language of their own when their only available ‘tools’ are those of the colonizer”⁹⁷.

“Gekleurde” vroulike identiteit blyk in gevaar te wees. Dié vloei uit die feit dat die “Gekleurde” vroue hulle in ‘n posisie van dubbele-marginalisering bevind. Die konsep van vroue as gemarginaliseerd is glad nie nuut nie, want vir eeue is vroue tot die rand gerangeer op grond van geslag. Maar die “Gekleurde” vrou vind dat sy op grond die feit dat sy vroulik is en ook “Gekleurd”, na die marge uitgestoot is/was. Hierdie marginalisasie is gegrond op geslag en ras, en word nie slegs deur die “imperiale” magte toegeskryf nie, maar ook deur ander wat die plek op die marge saam met hulle (vroue) beset. Daar word duidelike stappe geneem deur “Gekleurde” vroue oor die wêreld heen om hierdie marginale siening wat daar aangaande die identiteit van die “Gekleurde” vrou bestaan het, en selfs nog bestaan, reg te stel. Meer en meer word die onafhanklike stem van die “Gekleurde” vrou hoorbaar en vir ‘n groot gedeelte gebeur dit via die literatuur. Dido, wat uitvoerig bespreek word in hierdie hoofstuk, is maar een van talle “Gekleurde” vrouestemme die wêreld oor wat die juk van dubbele marginalisering breek wat “Gekleurde” vroue so slaafs verduur het vir so lank.

⁹⁷ Ashcroft (et al) 1989:174-175.

"If we see Black womens' writing only as gender- and race-based, peripheral, then we miss a major understanding of the very specific critique of imperialism that many of these writers are offering"⁹⁸.

Deur die eeue heen, en selfs in die een-en-twintigste eeu nog, word die vrou tot 'n groot mate as die swakker en dienende geslag gekarakteriseer en aanvaar. Daar skeel niks met die vervulling van 'n tradisionele rol⁹⁹ van vrou-wees nie, maar die onaanvaarbare in hierdie opsig is wanneer hierdie rol van (tradisionele) vrou-wees sonder meer op vroue forseer word en hulle menslikheid, hulle individualiteit, hul eie identiteit, in die slag bly.

Soos elders in hierdie verhandeling genoem word, word die samelewing en gebeure en prosesse op menslike en sosiale vlak, dikwels (indien nie altyd) in die literatuur van die betrokke tyd en volk weerspieël. Waar die tradisionele rol van vrou-wees in samelewings op vroue gedwing word, dikwels woordeloos, is die skrywende vrou dikwels die uitsondering wat protesteer.

4.3. Dido: haar bydraes tot die Afrikaanse letterkunde

In hierdie afdeling sal daar gelet word op Dido se bydraes tot die Afrikaanse letterkunde in die vorm van haar romans, vanaf haar debuut tot *Die Onsigbares*

⁹⁸ Boyce-Davies 1994:25

⁹⁹ Hier word gedink in terme van tuisteskepper, versorger, onderdanige vrou-mens

in 2004. Elk van haar bydraes sal breedvoerig bespreek word om verskeie aspekte rakende identiteit, wat in elke boek voorop staan, te belig.

4.3.1. Die storie van Monica Peters

In 1996 begroet E.K.M. Dido se debuutroman, *Die storie van Monica Peters*, die eens blank, manlik-oorheerste, Afrikaanse letterkundige arena, onder applous van verskeie resensente. Dit is ongetwyfeld nie Dido se beste bydrae nie, haar ontwikkeling is duidelik sigbaar in die romans wat op haar debuutroman volg, maar die eerste beduidende bydrae, wat literatuur in Afrikaans betref deur 'n swart vroueskrywer.

Die vertelling is aangenaam, maklik om te volg en die insluiting van Xhosa en die verduideliking daarvan, heel geslaagd. Dit gaan hier om 'n realistiese aanbieding, sonder aanstellerigheid, 'n nugter kyk na een mens "se storie". Die geselstrant wat deurgaans in die verhaal gehandhaaf word, maak die gebeure meer "aanvaarbaar", en die leser word as 't ware betrek by die gesprek. Verder word die leser bewus gemaak van wrede werklikhede en die uitwerking daarvan op die lewens van die karakters, maar die vertelling skrik nie af nie, intendeel. Al is baie van die gebeure "ou nuus" word die leser geboei deur die hartverskeurende verloop van sake, die wel en wee van die verskeidenheid karakters in die boek, veral dié van Eric (Ndlovu) en Monica (Ndlovukazi).

In hierdie postkoloniale debuutroman van Dido word die politieke en sosiale werklikhede van die "ou" en selfs die "nuwe" Suid-Afrika onder die soeklig geplaas. Dido het met hierdie roman dit reggekry om met begrip en waardigheid met so 'n netelige saak soos die politieke geskiedenis van Suid-Afrika en die uitwerking daarvan op die menselewens, om te gaan en dit geloofwaardig aan te bied. Interessant hier is dat dit 'n vrou se storie is. Hierdie aspek is alreeds vanaf die titel voorop, waar ons kennis maak met die hoofkarakter en verteller van die boek, Monica Peters. Dit gaan hier om die storie van 'n meisiekind, 'n dogter, 'n suster, 'n vriendin, 'n jong vrou, 'n eggenoot, 'n moeder, 'n ouma, kortom: dis die storie van 'n "Gekleurde" vrou(mens), soos vertel in haar eie stem. Dit is 'n storie van 'n "Gekleurde" (vrou)mens binne die kader van die tydperk voor Apartheid in Suid-Afrika, tydens die Apartheid - regime en ook daarna.

Dido se debuutroman, *Die storie van Monica Peters*, vertel vir die leser die lewensverhaal van Monica, terugskouend, maar sonder romantisering van die pynlike ondervindings en lewenslesse. As jong kind maak sy eerstehands kennis met die afstootlike gesig van Apartheid en die verskeurende en vernietigende effek daarvan op haar en almal om haar, veral "anderskleuriges", se lewens. Monica word jonk volwasse met die juk van Apartheid; sy trou "teen die wet in" met Eric Richmond, 'n blanke jongman, wie se pa, as nuwe landdros van Monica-hulle se dorpie, juis die een is wat Apartheid kom bekendstel in hulle wêreld. As 'n "bedreiging" vir die Regering, en vir hulle eie veiligheid, moet Monica en haar man landuit, Afrika in, en dan verder, na die buiteland, Engeland. Hier verkeer

hulle vir meer as 20 jaar in ballingskap, totdat Nelson Mandela in 1990 vrygelaat word, Apartheid afgeskaf word en Suid-Afrika op pad is na demokrasie, en hulle terugkeer na Suid-Afrika. Maar Monica verloor Eric, haar man, in 'n sluipmoordaanval nie baie lank nadat hulle terug is in Suid-Afrika nie. Die boek begin met juigkrete wat weergalm op die Parade met Nelson Mandela se toespraak, na die eerste demokratiese verkiesing; die boek eindig, nadat daar saam met Monica “deur die strate van herinneringe geloop is”, waar sy gereedmaak om saam met Franklin die oorwinningspartytjie by te woon, nadat die leser die kringloop gevolg het van die lewe in pre- en post-apartheid Suid-Afrika, gesien deur die oë van Monica Peters.

In hierdie ondersoek van Dido se debuutroman sal 'n aantal aspekte wat sentraal staan, onder die soeklig geplaas word. Hierdie aspekte sluit onder andere in: identiteit en identiteitsmerkers in die soeke en konstruksie van identiteit.

4.3.1.1. Identiteit

4.3.1.1.1. Die stem van die kind

Die feit dat identiteit, volgens Hall¹⁰⁰, 'n aspek is wat glad nie as onproblematies beskou moet word nie, en dat dit iets veranderlik is, is inderdaad waar by Monica en talle ander karakters in die boek. Die “vaslegging” van hulle identiteit is alles behalwe staties, want daar is, veral wat die hoofkarakter(s) betref, die heen-en-weer beweeg tussen verskillende en selfs opponerende kulture, tale, en ruimtes.

¹⁰⁰ Hall 1996:110

Hierdie heen-en-weer-beweging beïnvloed die identiteit, skep identiteit, verander identiteit. Daar is deur die loop van Monica se lewe verskeie oomblikke waar die proses van die 'wording'/'production' van haar identiteit ooglopend is, ander tye minder so. 'n Voorbeeld van ooglopendheid is toe Monica en ander kinders van die dorp, volgens rassegroepe opverdeel is en na verskillende "skole" moes gaan: "Daardie dag het ek gehoor dat ek bo alle redelike twyfel 'n Kaapse Kleurling is, al het ek die Kaap nog nooit met 'n oog gesien nie. Daardie dag het ek uitgevind dat die kleur van jou vel belangriker is as die lug wat jy inasem"¹⁰¹. Die ironie in hierdie uitlating van die jong Monica kan nie misgelees word nie. Interessant hier is dat dit juis 'n kind is wat hierdie uitlating maak: dat al was sy nog nooit in die Kaap nie, sy op grond van haar ras gegroepeer word met diegene, van dieselfde ras as sy, wat woonagtig is in die Kaap. En omdat hierdie opmerking(s) van 'n kind is, is die ironie so skrypend.

Hierdie, en talle ander oomblikke in die boek, is lewensveranderend, dus onomkeerbaar veranderend wat identiteit betref, vir Monica. Dit is derhalwe veilig om aan te voer dat die kwessie van identiteit in hierdie roman van Dido alles behalwe klinkklaar en eenvoudig is. Dit is juis die stem van die kind, wat ook in die boek aanwesig is, en waarna kortliks bo verwys is by die konsep van ironie, wat die kompleksiteit van identiteit verder uitbou. Juis omdat die kind se stem eenvoud, eerlikheid en onopgesmuktheid voorstel, word die gekompliseerdheid van identiteit ironies toegelig. Die stem van die kind is dus baie funksioneel in die boek. Dit hou verband met die ervaring van en die verlange na identiteit as

¹⁰¹ Dido 1996:52

idillies, iets volmaak. Tog is daar ook die element van verlies van die idilliese en die onskuld verbonde aan kind-wees en die uiteindelijke strewe om dit terug te vind. Hierdie strewe na die terugvinding van die kinderlike onskuld en idilliese word pragtig deur Monica se lewe geïllustreer.

Verder is identiteit by kinders iets wat self “gekweek” word en glad nie geforseer moet word nie. Hierdie element is voorop in die swemmerie van die kinders, waar die ouers die seuns en meisies verbied om saam te swem, maar hulle verontagsaam hierdie geforseerde kyk na hulle identiteit, juis omdat hulle die nodigheid by mekaar raaksien om te “word”: “...dis net ons klompie wat saam swem. Dis ons geheim. Die plek waar die seuns moet swem, is daar om die draai verby die wilgerbome. Jy sien dis net die kinders wat swem. Die grootmense swem nie meer nie, want hulle beskou dit as kinderspeletjies”¹⁰² (onderstreping my eie). Daar is by hulle glad nie diskriminasie op grond van kunsmatige identiteite nie, eerder die aanvaarding van elk, hetsy swart, wit of welke kleur dan ook en ook ongeag geslag, ten spyte van die waarskuwings en vermanings van apart swem deur die grootmense. Hierdie onskuldige en onopgesmukke siening van identiteit van die kinders, belig juis die skerp kontras tussen ongedwonge (natuurlike) en afgedwonge (geforceerde) identiteite. Verder belig dit ook die feit dat Monica reeds van vroeg af teen kunsmatige skeidings ingaan.

Vervolgens sal daar, onder verskeie opskrifte, gekyk word na verskeie aspekte rondom identiteit, wat voorop staan in *Die storie van Monica Peters*, onder

¹⁰² Dido 1996:41

andere: identiteit en Apartheid, Monica se siening/ervaring van identiteit, Eric en Monica en hulle identiteit(e), land, landskap en identiteit, gender/geslag en identiteit, en laastens, identiteit en 'God-verwantskap'.

4.3.1.1.2. Identiteit en Apartheid

"Deur ingewikkelde prosesse te reduceer tot biologiese kenmerke soos velkleur, het die rasseklassifikasie van apartheid van kultuur iets staties gemaak"¹⁰³.

Voordat daar na identiteit en Apartheid in hierdie boek van Dido gekyk word, is dit beide interessant en noodsaaklik om vlugtig die konsep van Apartheid onder die soeklig te plaas. Apartheid is 'n konsep wat voorafgegaan is deur 'n lang tydperk van segregasie wat oorgegaan het, in wat toe bekend geword het as Apartheid. In 1948 wen die Nasionale Party die (blanke)¹⁰⁴ parlementêre verkiesing en word die volgende 46 jaar die regerende party van Suid-Afrika. Die slagspreuk van die Nasionale Party tydens die oloop tot die 1948 verkiesing was Apartheid, om apart te hou. Alhoewel die term Apartheid eers werklik in 1948 gebruik is, was die konsep van "apart maak", van segregasie, lank reeds 'n werklikheid in Suid-Afrika. Apartheid was beide 'n slagspreuk en ook 'n stel konsep-idees wat gebruik is gedurende die Nasionale Party se regering, sowel as 'n konsep gebruik deur geskiedkundiges om 'n era in Suid-Afrika se geskiedenis te pen.

¹⁰³ Wasserman 2000:6

¹⁰⁴ Nie-Blankes het nie stemreg gehad nie

Van die Apartheidswette wat veral voorop staan in *Die storie van Monica Peters* is onder andere:

Bevolkingsregistrasiewet van 1950, waarby mense aangesê is tot watter rassegroep hulle behoort, dit wil sê, 'n soort geforseerde identifisering. Verder was daar die Verbod op Gemengde Huwelike van 1949 wat huwelike tussen diegene van verskillende rasse, (soos Eric en Monica), verbied het, en dan was daar ook die Ontugwet van 1950. Die Groepsgebiedewet van 1950 het verskillende rasse in aparte woongebiede ingedeel en ook tot grootskaalse geforseerde verskuiwings aanleiding gegee. Die Wet op Aparte Geriewe van 1953, wat geriewe ingedeel het volgens rassegroepe, en die Bantoe Opvoedingswet van 1953 is nog van die wette wat "voorkom" in Monica se storie.

Die redusering van identiteit tot iets tasbaars, iets sigbaars, het identiteit tot iets vas, onveranderlik en onrealisties gemaak, soos Wasserman tereg in die aanhaling aan die begin van hierdie onderafdeling aanvoer. Deur die verskillende rasseklassifikasies is mense in spesifieke kategorieë geplaas op grond van hul uiterlike identifikasie en is 'n onontbeerlike deel van hulle menswees opsetlik geïgnoreer ten gunste van 'n klein groep wat daaruit voordeel getrek het. Die siening van identiteit deur die lens van Apartheid het valse identiteite op mense afgedwing en dit is deurgaans op te let in *Die storie van Monica Peters*. As voorbeeld hier, 'n verwysing na Eric se karakter. Hy is in die "blanke kategorie" geplaas wat die Apartheidsbeleid betref het, maar hy was in sy eie oë net 'n seunskind, in Monica-hulle se oë net nog 'n nuwe kind op hulle

dorp. Die identiteit wat hy besluit het hom die beste pas, het niks met sy uiterlike te doen gehad nie, hy was meer innerlik “swart” as wat sommige van dié wat volgens Apartheid tot swart verklaar is, was. Dan was daar ook Monica, wat nooit haarself met ‘n “kleur” vereenselwig het nie: “Is ons nie net almal mense nie?”¹⁰⁵.

‘n Verdere interessante aspek in die boek, wat Apartheid se eng siening van identiteit betref, is opgesluit in die karakter van mev. Richmond. Sy (mev. Richmond) is as ‘t ware die dryfveer agter die realisering van Apartheid in die dorp. Alhoewel haar man die magistraat is, die eintlike wetstoepasser, is sy die een wat gedurig besig is om mense op ras -en klasverskille te wys en daarvolgens te behandel: “ ‘Het jou mense jou nie geleer om te klop as jy by blankes se huis kom nie? Is jy die nuwe meidjie? Jy lyk ‘n bietjie jonk vir my. Ek is miesies Richmond. Jy is laat!’ ... Mrs. Richmond het skaars haar voete in die dorp gevind, of sy kry al die wit vrouens bymekaar vir letterkunde en die opsê van gedigte... ‘My mense (blankes) het te lank onder julle barbare (“anderskleuriges”) verval en ek moet hulle weer regkry’ “¹⁰⁶(alle gedeeltes tussen hakies my eie).

By mev. Richmond gaan dit om die verheffing van self, die verheffing van “haar groep” en dat “ander groepe” afgedruk word. By haar kom hierdie verskynsel byna natuurlik voor en dit wil die gevoel wek dat sy dit doen weens ‘n onsekerheid binne haar eie menswees. Deur haarself te verhef bevestig sy (aan

¹⁰⁵ Dido 1996:31

¹⁰⁶ Dido 1996:45-46

haarself) haar identiteit wat 'n mate van sekerheid aan haar bied, en op 'n vreemde manier word ander se "groepering" deur haar, 'n verdrywing van haar eie onsekerheid.

Wat wel baie interessant is hier, is die element van hoop wat Dido selfs in die mees "hopelose" karakters plaas. In hierdie geval is dit mev. Richmond. Waar Monica as kind met haar en haar "Apartheidsgesindheid" kennis maak, sou die leser, en selfs nie Monica, kon dink dat dit dieselfde mev. Richmond sou wees wat jare later, met haar seun as banneling in die buiteland, getroud met 'n "anderskleurige", haar kleindogter se troue in Swaziland sou finansier nie: "Ons val oor ons voete om voorbereidings vir die reis te tref toe Ma Richmond instem om die troue in Swaziland te hou. Sy betaal vir alles en soek nie 'n pennie van ons nie"¹⁰⁷. 'n Ander voorval wat die element van hoop in die boek na vore bring, wat die karakter van mev. Richmond betref, is haar uitlating aan Monica tydens Josephine se troue in Swaziland: " 'Dankie vir die pragtige kleinkinders', sê sy onverwags en sit lank en kyk na haar hande wat sy gevou op haar skoot hou"¹⁰⁸. Ten laaste is daar nog die gebaar van die geld wat sy aan Monica-hulle gee, wat as 't ware die ou siening van mev. Richmond omverwerp en die element van hoop verstewig: "Op die lughawe gee ma Richmond vir my en Eric 'n koevert vir elk van die kinders wat in Engeland agtergebly het. Ons kry ook elkeen

¹⁰⁷ Dido 1996:185-186

¹⁰⁸ Dido 1996:188

een... Myne bevat 'n tjek van vyfhonderd rand. Eric en die kinders kry elkeen net vyftig rand..."¹⁰⁹

Dit blyk dus duidelik dat Apartheid se siening van identiteit sterk aangewese is op identiteitsmerkers, die tasbare aspekte, om identiteit vas te lê en voor te skryf. Dit is juis wat identiteit, binne óf buite die postkoloniale gesprek, nie kan wees nie: dit kan nie tot iets staties gereduseer word nie; dis vloeiend en is heeltemal te gekompliseerd om eenvoudig gekategoriseer te kan word.

4.3.1.1.3. Monica se ervaring van identiteit

Interessant is dat dit by Monica nie uitsluitlik, soos by Apartheid, gaan om die kunsmatige siening van identiteit nie maar 'n ervaring, 'n belewing daarvan. Monica ervaar identiteit en dit doen sy op verskeie vlakke en op uiteenlopende maniere. By haar is identiteit baie meer as die identiteitsmerkers wat ander waarneem. Alhoewel haar siening van identiteit 'n ongekompliseerdheid en onopgesmuktheid weerspieël, is haar belewenis wat die soeke na identiteit en proses van "identifisering" betref, vir haar alles behalwe simplisties. Monica ervaar nie net die veranderlikheid van identiteit nie, sy aanvaar dit. Soms is dit met moeite en struweling dat sy hierdie veranderlikheid as deel van haar identiteitsvorming aanvaar. Sy gaan van Monica Peters, die onskuldige kind, tot Monica Richmond, die "skuldige terroris en banneling"¹¹⁰. Hierdie ervaring van

¹⁰⁹ Dido 1996:189

¹¹⁰ Hierdie is maar enkele sienings van Monica deur Apartheid se "identiteitslens"

identiteit deur Monica weerspieël ook in 'n sin haar hibriditeit. Sy is 'n "produk"¹¹¹ van omstandighede, gebeure, ervarings, ander se invloed en die keuses wat sy as individu maak, soms selfs gedwing word om te maak. Hier, soos in 'n latere werk¹¹² van Dido, kan ons dus praat van Monica as 'n "constructed hybrid":

Monica word gebore as Kleurling, Kaapse Kleurling soos sy later in haar lewe sou verneem; sy word die "aangenome dogter" van Lungiswa, 'n swart meisie, in een van die speletjies wat hulle speel; sy is blanke meneer Hoover se oogappel; sy word die groot liefde en uiteindelik die vrou van Eric, 'n blanke seun wat saam met sy ouers, hom op Monica-hulle se dorpie kom vestig en sy word die moeder van kinders wat uit haar en Eric se huwelik gebore is, ware hibriede in die volle sin van die woord. Monica se hibriditeit strek dus verder as haar eie lewe, maar spoel onvermydelik oor in die lewens van haar kinders. Haar hibriditeit word verder belig deurdat sy die inheemse tale van hulle dorp magtig is en ook deur die verskeie name en naamsveranderings wat sy in haar lewe moes ondergaan, maar hierdie aspek word later breedvoerig bespreek in die onderafdeling oor identiteitsmerkers.

Monica se ervaring van identiteit lê verder opgesluit in haar ongekompliseerde houding teenoor die lewe en die identiteit van andere: "Maar sy is doodernstig en gryp my arm en druk dit teen hare. 'Monica, wat sien jy?' Wat was daar om te sien? 'Arms. My vel is ligter as joune, maar ons albei bestaan uit vyf-en-sewentig persent water en vyf-en-twintig persent spiere en vet as my gesondheidsleerboek

¹¹¹ Hierdie siening van Monica as "produk" maak haar nie tot kommoditeit nie, ook nie haar identiteit en hibriditeit tot iets wat klaarheid bereik nie, maar is eerder 'n verdere bewys van haar mens-wees "in wording", nooit voltooid.

¹¹² Met verwysing hier na Dido se 'n *Stringetjie blou krale*, en spesifiek die karakter Nomsa/Nancy

reg is'... 'Monica, jy is so onskuldig, ek kan dit nie glo nie. Daar is wit, swart, kleurling, Asiër en wie nog in hierdie land...'Lungiswa, ons is tog almal Suid-Afrikaners...'...My hele lewe lank nog was ons maar net almal mense. Hoekom praat julle almal so skielik van verskillende soort mense?"¹¹³. By Monica gaan dit nie om identiteitsmerkers wat mens se identiteit bepaal nie, maar eerder om die mens self, die uitleef van hulle mensheid, die beleving van wie jy is en wie en wat jy wil en kan word. Maar sy herken en erken die uitwerking van Apartheid se siening van identiteit en hoe dit haar eie menswees beïnvloed: "Ai mense, die verwoesting wat apartheid in my lewe gebring het!"¹¹⁴.

By Monica gaan dit dikwels om die vorming van haar identiteit deur protes. Dit is reeds duidelik by haar as kind en loop deur haar volwasse lewe. 'n Voorbeeld van die kind Monica se vorming van identiteit in opstand, is die insident met mev. Richmond in dié se kombuis toe sy Monica aansien as die nuwe huishulp. Monica se aanvanklike reaksie is een van skrik, maar nadat sy oor die skrik gekom het, is dit duidelik 'n aстранheid wat by haar oorneem: "Mevrou Richmond, ek is nie jou meidjie nie. Ek het vir Eric kom haal sodat ons saam skool toe kan gaan...Mevrou, my naam is Monica Peters...Niemand hiet en gebied my sonder om asseblief te sê nie"¹¹⁵. 'n Ander voorbeeld van Monica se identiteit wat in protes en opstand verder gevorm word, is die toneel waar sy as "terroris" met Eric moet landuit vlug en waar sy die "kamerade" besig sien om gewere skoon te maak: "Ek moet my sê, en ek doen dit. 'Ndlovu, jy weet seker

¹¹³ Dido 1996:32

¹¹⁴ Dido 1996:74

¹¹⁵ Dido 1996:44

wat daardie ding aan menselewens kan doen, né? Wat het dan van die vyfde gebod geword wat ons gebied om nie dood te maak nie?’¹¹⁶. Daar is nog ander voorbeelde te vinde rondom hierdie aspek, maar daar sal in hierdie ondersoek by hierdie twee volstaan word. Interessant hier is dus hoe ons sien dat Monica eintlik na alle kante protesteer teen aspekte van Apartheid sowel as dié van die Versetstryd.

Verder word Monica, met die verloop van tyd, in haar groei en uitleef van haar identiteit(e), meer en meer bewus van die maatstawwe wat dikwels gebruik word om identiteit te bepaal en te verduidelik, selfs al is dit valse identiteit wat op mense afgedwing word, soos in die geval van Apartheid se siening van identiteit.

4.3.1.1.4. Eric, Monica en hulle identiteit(e)

Wat die identiteite van Monica en Eric betref, moet daar afsonderlik op hulle individuele identiteite gelet word, asook op hulle gemeenskaplike identiteit as “verbode” egpaar. Albei van hulle beleef as ‘t ware verskillende identiteite tydens verskeie stadiums in hulle lewens. Alhoewel hulle deur die destydse regering tot verskillende rasgroepe ingedeel is, Eric as blanke, en Monica as “nie-blanke”, is daar by hulle die onmiskenbare gemeenskaplikheid: albei word bannelinge, hulle word ouers, grootouers, albei koester ‘n onblusbare liefde vir die vryheid van mense, ongeag ras, kultuur, agtergrond en so meer.

¹¹⁶ Dido 1996:104

By Eric en Monica het identiteit te make met keuses. Interessant hier is die feit dat hulle moet vlug vanweë die landswette (Verbod op Gemengde Huwelike Wet van 1949 en die Ontugwet van 1950) om hulle gekose identiteit(e), as getroudes, te kan uitleef. Hierdie vlug vir die uitleef van 'n "eie" identiteit is terselfdertyd 'n keuse maar ook 'n dwang. Hulle word gedwing deur die regime om hulle geboorteland te verlaat indien hulle, blank en nie-blank, as egpaar hierdie "getroude" identiteit van hulle wil uitleef. Tog, daar is ook die mate van keuse, van hulle kant af, om hierdie besluit van "selfopgelegde ballingskap" te aanvaar vir die geleentheid om hierdie "gemengde" identiteit te kan uitleef en die "valse identiteite" wat Apartheid op hulle wil afdwing, te verwerp.

Die leser maak met Eric kennis waar hy as jong seun in Monica-hulle se dorp aankom met sy ouers, sy pa die nuwe magistraat en sy ma, die hoogmoedige mev. Richmond: "Die Richmond-gesin het laat gisteraand hier langsaan ingetrek. Volgens jou pa lyk die klong goed, maar sy ouers is 'n ander saak...meneer Richmond is 'n magistraat en hy gaan by meneer De Waal oorneem..."¹¹⁷. Eric sluit aan by Monica en die ander kinders van die dorp en nabygeleë krale, en speel en "groeï" gelate met hulle: "Eric het die meeste tyd by ons deurgebring en saam met ons die krummelpap en dikmelk en stampmielies geëet. Hy het soms die kokery oorgeneem en sy eie disse voorberei"¹¹⁸. Hy vertrek ook later as jongman universiteit toe en behaal 'n B.Com-graad waarna hy na die dorp terugkeer en sy eie groothandelswinkel begin. Dit is veral op universiteit waar hy

¹¹⁷ Dido 1996:30-31

¹¹⁸ Dido 1996:48

hom begin skaar by die anti-apartheidsbeweging: "...maar na 'n paar maande neem hy my tog in sy vertroue. Hy is betrokke by die anti-apartheidsbeweging en hy is lid van die African National Congress... 'Ek het al as groentjie op universiteit belang gestel... '... 'Omdat ek jou en jou mense ken en vir julle omgee"¹¹⁹.

Alhoewel Eric se identiteit deur die destydse regering bepaal is as een wat tot die blanke, bevoordeelde groep, behoort het, het hy hom geskaar by Monica en haar mense, diegene wat deur die regering geïdentifiseer is as die minderes, die "anderskleuriges". Eric beywer hom ook vir die opheffing, gelykheid en vryheid van alle Suid-Afrikaners, en gebruik sy bevoordeelde posisie as blanke om die saak van die minderes te bevorder. Sy liefde vir die "anderskleuriges" kom deur sy kontak met hulle, sy uitleef van sy mens-wees saam met hulle en dit is onder hulle dat hy hierdie deel, wat glo in gelykheid en vryheid vir almal, van sy identiteit vind en uitleef. Hy is net soveel "anderskleurig" as Monica-hulle al is sy vel blank, want sy identiteit, sy mens-wees gaan vir hom oor baie meer as velkleur. Net soos by Monica kan daar by Eric ook gepraat word van 'n tipe "constructed hybrid", maar by hom is dit meer van 'n keuse as 'n dwang, as by Monica. Hy is blank gebore, word tussen anderskleuriges groot as sy maats en leermeesters in die dinge van die lewe en uiteindelik word hy deel van "hulle" stryd om regverdigheid en gelykheid. Hy is in sekere opsigte meer "swart" as baie van sy swart "broers en susters" juis deur die uitleef van sy kulturele identiteit, sy ware mens-wees. Hy word nie voorgeskryf deur sy velkleur nie, eerder sy hart, sy wese. Hy en Monica is as 't ware twee hibriede wat bymekaar

¹¹⁹ Dido 1996:70-71

'n soort "heelheid" vind, juis omdat elk "hibried-wees" verstaan en uitleef en met mekaar kan identifiseer.

Monica is die ek-verteller en dit is haar storie waarmee die leser hier gekonfronteer word. As jong kind word sy bevriend met Eric en word hulle groot maats, later 'n skelm, "gemengde" paartjie en nog later 'n "verbode" egpaar. Monica maak as jong kind met die lelike gesig van Apartheid kennis, wat haar lewe ontwig en haar identiteit skud. Sy wat geglo het dat almal eenders is, omdat almal na God se beeld geskep is, word skielik gekonfronteer met verdeeldheid op grond van velkleur. Hierdie verdeeldheid strek tot in hulle skole, sportbyeenkomste, openbare geriewe, winkels, hulle woongebiede en so kom sy dan ook geforseerde verskuiwings in aanraking, vanaf die groot oop ruimte van hulle eertydse woning tot byna onuithoudbare beknoptheid in die huis waarna hulle verskuif word, en al hierdie veranderings beitel aan haar identiteit. Dit wil voorkom asof dit die protes-persoonlikheid, die mens-in-opstand, in Monica se identiteit meer na vore bring, alhoewel dit op 'n byna naïewe manier geskied: " 'Benede julle?' Ek verstaan nie mooi nie. 'Watter kind kan ooit benede julle wees? Eric, is jy doodseker julle Richmonds is van hierdie aarde?' "¹²⁰. Monica moet na 'n kosskool op Cofimvaba vir haar hoërskoolopleiding en terwyl sy daar skoolgaan, korrespondeer sy en Eric gereeld. Dit is juis deur hierdie korrespondensie dat daar 'n insident ontstaan wat weer wys op die vorming van Monica se identiteit in protes en opstand: " 'Suster, praat asseblief met die posman. Elke brief van my is oopgemaak... 'Kind,' sê sy (non), 'dit is 'n reël dat al

¹²⁰ Dido 1996:43

die inkomende en uitgaande briewe deurgegaan word om seker te maak dat julle nie op die breë pad dwaal nie.'... 'Watter soort plek is dit dié?' maak ek kopsie. "n Konsentrasiekamp?... Ek los die saak toe ek my sê gesê het, maar ek maak kennis met die dik sweep... My boude brand, maar ek weier om verskoning te vra"¹²¹.

Na 'n kykie na Eric en Monica se identiteite as individue, sal daar nou gefokus word op hulle identiteit(e) as "verbode" egpaar. Hierdie verhouding van hulle wat gegroei het uit 'n vriendskap oor die kleur- en kultuurgrense heen, verander onherroeplik hulle identiteite en hulle lewens. Alhoewel hulle persone in eie reg is, elk met 'n identiteit van hulle eie, is hulle lewens nou onlosmaakbaar met mekaar vervleg, veral omdat hulle gedurf het om die landswette te verontagsaam en oor die kleurgrens heen te trou. Eric het gegaan van een van een van die bevoorreedes na 'n vyand van die regering. Monica vanaf 'n onskuldige, verliefde jong meisie tot 'n vrou wat die landswette oortree. Hulle identiteite word verstrengel, maar hulle kies hierdie verstrengeling, hierdie een-wording, want juis daaruit word 'n nuwe dimensie van hulle, hulle mens-wees geopenbaar, en word hulle "eenwording" 'n teken dat liefde oor die kleur- en kultuurgrens kán werk, dat die identiteit van 'n mens nie opgesluit lê in die persoon se velkleur nie.

Dan is daar die nuus dat Monica en Eric, as vyande van die regering en "skelm" getroudes, ouers gaan word en breek nog momente aan wat hulle identiteite onherroeplik gaan verander. Monica gaan moeder word, Eric 'n vader, maar

¹²¹ Dido 1996:67

niemand in die dorp mag die waarheid weet nie, want niemand weet hulle twee is "skelm" getroud in Swaziland nie. Redrow, 'n "kameraad", word genader om homself as die "vader" van Monica-hulle se ongebore baba voor te doen. Dit doen hy ook wel, maar hierdie reëling word net so vinnig nog 'n gebeurtenis in hulle lewens wat hulle onmiskenbaar verander en hulle lewens op 'n ander koers stuur, want nou moet hulle vlug, weg van hulle geliefdes en hulle bekende omgewing, na die onbekende: " 'Monica,' sê hy, sy stem amper onhoorbaar, 'ons vertrek vanaand. Ons het nog altyd geweet so 'n dag gaan kom. Wel, dit het gebeur. Ons sal terugkom wanneer ons doelwit bereik het'¹²². Dê gebeurtenis kondig die begin van 'n nuwe era in hulle lewens aan, want nou, as voortvlugtiges, "terroriste", wetsoortreders, gaan hulle ook binnekort ouers word in 'n onbekende omgewing tussen vreemdelinge, veral vir Monica. Hier, in Alexandra, Johannesburg, woon Monica en Eric saam met Mvula se familie vir ongeveer vier jaar, voor hulle uitwyk na Engeland.

Waar gekyk word na die "gemengde" identiteite van Eric en Monica, moet daar ongetwyfeld gelet word op die aspek van **kulturele identiteit**, want die saamsmelt van hulle identiteite, as man en vrou in hulle latere lewe, het baie te doen met kultuur, en min met velkleur as wegwysers van identiteit.

"Kulturele identiteit word gesien as die produk van die wisselwerking tussen drie faktore. Dit het allereers betrekking op die formele kenmerke (die statistieke) van 'n bepaalde nasie of van 'n bepaalde volk (aantal en samestelling van die

¹²² Dido 1996:97

inwoners, ekonomiese en kulturele produkte, politieke en sosiale verhoudings, historiese agtergrond, ens.). Voorts is daar die eie beeld: die konstruksie wat 'n volk van sigself gemaak het. In die derde plek is daar die imago, die beeld wat van buite (deur ander volkere) oor daardie volk gemaak is. Hierdie drie faktore besit 'n groot mate van onderlinge wisselwerking...Die studie na kulturele identiteit (is)... hoogs noodsaaklik in ons multikulturele wêreld"¹²³. Wat kulturele identiteit betref, dit is meer as wat die bostaande aanhaling aanvoer, deurdat 'n individu teen "sy volk" 'n posisie kan inneem. Dít sien ons dan ook baie duidelik in die karakter van Eric. Dit sal verder belig word in die onderstaande paragrawe waar daar gekyk word na Eric se kulturele identiteit.

Eric en Monica se huwelik sien nie net die saamsmelt van twee lewens tot een nie, maar ook die versmelting van kulturele identiteite wat uiteenlopend in aard en belewenis is, maar ook eenders in die sin dat hulle albei heel gemaklik buite die sfeer van hulle "aangebore kultuur" (Eric blank en Monica Kleurling) beweeg. Eric is 'n blanke Suid-Afrikaner, maar sy ware identiteit is verstrengel met die kulturele identiteit van diegene wat as swart geïdentifiseer is deur die Apartheidsregime. Hy is as kind een wat hom eerder vereenselwig met die "anderskleuriges" as diegene wat tot sy "soort" (blankes) behoort. Dit is dan ook anderkleuriges wat sy vriende word op Monica-hulle se dorp en later sy kamerade in die vryheidstryd. Soos vroeër in die ondersoek vermeld, gebruik hy juis sy "blankheid" tot voordeel van die stryd om vryheid en gelykheid van almal in Suid-Afrika.

¹²³ Van der Merwe & Viljoen 1998:144

'n Ander aspek wat spreek van Eric se kulturele identiteit is dat hy soveel inheemse tale magtig is: "... vir jou inligting: ek kan Xhosa, Zulu, Tswana, Tsonga, Sotho en natuurlik Engels en Afrikaans vlot praat. Omtrent op elke plek waar my pa was, het die mense 'n ander taal gepraat..."¹²⁴. Hierdie element verbreed Eric se kulturele identiteit, juis omdat taal ook gesien kan word as 'n identiteitsmerker¹²⁵. Dus, Eric is meer as blanke wat inheemse tale kan praat, omdat die sprekers van die tale vir hom eie is, sý mense. Hierdie aspek van Eric se identiteit vind ook aansluiting by die konsep van hibriditeit.

Verder is daar ook die tradisionele seremonie(s) waaraan Eric, asof gebore in daardie kulturele milieu, sonder voorbehoud meedoen: "toe hy as ndoda terugverwelkom is ná die tradisionele besnydingseremonie... Mevrou Richmond het behoorlik die apiestuipe gekry toe haar seun net ná matriek aankondig dat hy die ulwaluko-seremonie saam met Joseph en Savuka gaan deurmaak. Oor haar dooie liggaam, het sy ontplof. So 'n barbaarse gebruik! Maar Eric het net aanhou neul by haar tot haar floutes minder geraak het en sy uiteindelik teësinning ingestem het"¹²⁶.

'n Laaste aspek omtrent Eric se kulturele identiteit hier is dié van sy tradisionele naam¹²⁷.

¹²⁴ Dido 1996:40

¹²⁵ Hierdie aspek van identiteitsmerkers word later in hierdie ondersoek bespreek.

¹²⁶ Dido 1996:72

¹²⁷ 'n Naam is ook 'n identiteitsmerker is word ook later bespreek.

“My seun, van hierdie dag af sal jy aan my mense bekend staan as Ndlovu, die magtige olifant. Van hierdie dag af is jy my bloedbroer. Jou vriende is ons vriende. Jou vyande is ons vyande. Ndlovu, my seun, ek salueer jou. Kyk, toe weerklink die berge soos die kraal vir Eric-Ndlovu salueer”¹²⁸. Eric word slegs deur die mense van die kraal en Monica-hulle as Ndlovu aangespreek (net as daar nie ander in die nabyheid is nie) en vir die res van die tyd is hy Eric en het glad nie probleme met die verskillende name nie, inteendeel. Eric is heel gemaklik met alle aspekte van sy identiteit, veral sy kulturele identiteit wat hom toelaat om sy ware wees, dieper as velkleur, tot uiting te laat kom.

Wat Monica en haar kulturele identiteit betref, gaan dit nie by haar om ‘n doelbewuste aanneem daarvan nie, maar eerder die uitleef van ‘n aspek wat sy as doodnormaal beskou. Daar is vir haar niks vreemd dat sy die taal van die kraal se mense kan praat en hulle tradisionele seremonies bywoon nie. Sy beskou dit as deel van haar mens-wees. Dit is eers wanneer die nuwe wetgewing haar dorp kom skud, dat sy werklik bewus word van kulturele verskille tussen verskillende mense. Sy, as Kleurling soos sy later uitvind, is ewe tuis in die kraal as tussen “haar mense”. Haar verhoudings met al haar anderskleurige vriende, blank en swart, getuig van haar gemak wat haar kulturele identiteit betref.

“Ek het vir Lungiswa ontmoet toe sy met Savuka bevriend geraak het. Ná ‘n rukkie het sy my gevra om haar umntwana – kind – te word. Toe ek uitvind dat

¹²⁸ Dido 1996:73

ons geskenkies sou uitruil en mekaar sou oornooi vir partytjies, het ek ingestem. Van haar het ek die fraaiste tradisionele halssnoere gekry; by my het sy geleer om te swem en haar Afrikaans het verbeter”¹²⁹.

Soos Eric, is Monica, behalwe Afrikaans as huistaal en Engels, ook die taal van die mense in die kraal magtig. Hierdie vermoë ontsluit dié kulturele wêreld vir haar, soos vir Eric, en maak die uitleef van hierdie aspek van hulle identiteit so natuurlik, so deel van hulle bestaan. By Monica is daar nooit die gevoel dat dit ‘n taal is wat sy met moeite oor tyd moes aanleer nie, nee, sy praat dit net, soos haar moedertaal, Afrikaans.

‘n Kykie na beide Eric en Monica se belewenis van hulle kulturele identiteite, lei dan na ‘n kort ondersoek van hulle huwelik wat ‘n kulturele verbintenis is.

Wanneer hulle besluit om te trou, is dit baie meer as net eenwording in naam, daar is as ‘t ware ‘n kulturele versmelting.

Dit is eers met hulle verblyf in Engeland vir meer as twintig jaar dat hulle hierdie kulturele eenwording van hulle sonder ‘n “oor hulle skouer moet kyk”¹³⁰-houding kan uitleef. Hier in die buiteland is hulle werklik vir die eerste keer ‘n getroude paartjie in alle opsigte. Hulle kan saam op straat loop, hulle kan saam inkopies doen, hulle kan hulle hier uitleef as getroudes: “Ai, dis lekker om so saam-saam goed deur te kyk, en te koop. Toe alles betaal is en ons by die winkel uitstap,

¹²⁹ Dido 1996:31

¹³⁰ Toe hulle twee besluit het om te trou in Suid-Afrika moes alles in die geheim geskied en kon hulle nie openlik lewe as getroudes nie weens die Verbod op Gemengde Huwelike (1949).

voel ek eers dat ons nou ná vier harde jare, huis opsit. Dis 'n lekker gevoel"¹³¹ en "Ons doen dinge vir die eerste keer vandat ons mekaar ken, saam. Ons wandel hand aan hand deur die strate"¹³².

'n Ander interessante aspek van Eric en Monica se kulturele identiteit is dat hulle dit laat voortleef deur hulle kinders. Dit doen hulle deur aan hulle Xhosa name as tweede name te gee. Hierdeur verstewig hulle hierdie sy van hulle identiteit en al word die kinders dan in werklikheid Brits groot, kan hulle daardie kulturele sy van hulle lewens nie verswyg nie: "Skat, belowe my net een ding – dat ons nooit hierdie plek sal vergeet nie. Ons sal ons kinders Xhosa-name gee sodat hulle altyd sal onthou waarvandaan ons kom"¹³³. Verder is daar ook die aspek van die inheemse tale van hulle Vaderland wat hulle nie wil hê dat die kinders moet verleer nie, al is hulle dan in Engeland. "Ons kinders raak groot en tot my spyt leer hulle die Britse maniere en norme. Maar dít pla my nie so veel nie, ons moet tog aanpas en die kinders doen dit op 'n baie natuurlike wyse. Wat my meer pla, is dat hulle nie mooi verstaan wanneer ons in Afrikaans of Xhosa met hulle praat nie, en dit maak seer... Van toe af praat ek en Eve met Eric en Mvula Xhosa by die huis. Dit was die regte besluit, want dit wat die kinders verleer het, kom ná 'n paar weke weer na vore al klink dit snaaks in my ore"¹³⁴. So verstewig Eric en Monica dan hierdie gedeelde kulturele identiteit van hulle ook deur en in hulle kinders.

¹³¹ Dido 1996:164

¹³² Dido 1996:167

¹³³ Dido 1996:97

¹³⁴ Dido 1996:170

4.3.1.1.5. Land, landskap en identiteit

Hier gaan dit om baie meer as die geografiese ligging. Dit gaan ook om nasionaliteit, ontheemding en hoe identiteit deur ruimtes beïnvloed en gestimuleer word. Landskap is staties sowel as fluïed. Hier kan Monica-hulle se dorpie as voorbeeld voorgehou word. Die bindende faktor hier is dat die dorp se ligging vas staan op landkaarte, waar dit fisies geleë is, dít staan vas.

Daarenteen: die naam van die dorp kan verander word, wette binne die dorp kan verander, selfs die demografiese samestelling kan deur omstandighede beïnvloed word, en dit is hierdie tipe veranderlike aspekte wat die verbrokkelende aard van dié landskap weerspieël. Dit is dan ook wat gebeur met Monica-hulle dorpie. Die landswette na 1948 verander wel die “gesig” van die dorp, maar die geografiese ligging is onveranderd.

Landskap en plek hou verband met tuis-wees en ontheemding. By Monica en Eric is daar die “tuis” wees in die vreemde en “ontuis” wees in jou eie geboorteland. Hierdie aspek is veral voorop in Eric en Monica se lewe wanneer hulle uit Monica se geboortedorp moet vlug, eers na Johannesburg en uiteindelik na die buiteland. Monica en Eric se omstandighede neem hulle uiteindelik as bannelinge na die buiteland, Engeland, waar hulle meer as twintig jaar, “vry” en openlik as man en vrou kan leef, totdat hulle na die afskaffing van Apartheid, terugkeer na Suid-Afrika. Hulle lewens in Engeland is ‘n ander fase in hulle lewe, wat ook onvermydelik aan hulle identiteite skaaf. Hulle is vreemdelinge, aangewese op mekaar en hulle Suid-Afrikaanse vriende; daar is geen familie en

ou vriende om hulle te ondersteun nie, en hier moet hulle leer lewe, in 'n vreemde land, met 'n ander kultuur, ander landstaal - alhoewel hulle Engels magtig is, is dit glad nie Engels waaraan hulle gewoond is wat hulle nou in Engeland hoor nie. Hulle moet hier leer dat dit aanvaarbaar is om mekaar in die openbaar liefvallig en soos getroudes te behandel, anders as in Suid-Afrika, sodat dit vir hulle natuurlik word om vry te lewe.

Interessant hier is die paradoks dat Eric en Monica tuis sowel as vreemd is, beide in hulle geboorteland en ook in Engeland, die land waarheen hulle vlug as bannelinge. Hulle identiteite word gevorm in die wisselwerking met ruimte, die verskillende ruimtes waarin hulle op verskillende oomblikke van hulle lewens bevind. Dit is die prosesse van aanvaarding en verwerping van verskeie aspekte van hulle ruimtes, beide gekose en gedwonge, wat hulle identiteit verder uitbou.

Dit alles beïnvloed ongetwyfeld Eric en Monica se identiteite. Nooit sal hulle dieselfde Eric en Monica wees wat sorgvry saamgeswem, geëet en gespeel het nie, hulle identiteite is juis gevorm, vervorm en verander deur al die gebeure, en bly dan nog steeds veranderlik.

"It is through the cultural processes of imagining, seeing, historicizing and remembering that space is transformed into place, and geographical territory into a culturally defined landscape"¹³⁵.

¹³⁵ Darian-Smith(et al) 1996:3

4.3.1.1.6. Gender en identiteit

Hier sal kortliks gekyk word in hoe 'n mate gender die identiteit en die uitleef van daardie identiteit van 'n karakter beïnvloed, indien wel. Deary, die “vrou vasgevang in 'n man se liggaam” soos hy homself beskryf het, en ook Monica, sal hier vlugtig onder die soeklig geplaas word om hierdie aspek van identiteit toe te lig.

“Toe die haarkapper nou kom, kon hy wondere verrig... Hy was gelukkig en ontspanne, en kort voor lank toe dra hy vroumensklere. Die inwoners was geskok... ons het uiteindelik die man in die vrouklere gewoond geraak en hom sy gang laat gaan”¹³⁶.

Deary, die haarkapper wat 'n tydlank op Monica-hulle se dorp woonagtig was, het in skerp kontras gestaan met die patriargale samelewing van die dorp en die inwoners. Aanvanklik is Deary met agterdog bejeën maar later tog “aanvaar” in hulle midde. Na die gebeure wat Deary uit die dorp dryf, kom mens tot die slotsom dat Deary eerder verdra as aanvaar is deur die dorpenaars, omdat dit die medemenslike ding was om te doen. Maar hulle was regtig nie beïndruk met hierdie wese wat teen hulle stand van sake en uitleef van identiteite kom indruis het nie: “Inkomelinge moes eenvoudig net by ons waardes en norme aanpas om te oorleef, anders is hulle uitgeskuif”¹³⁷.

¹³⁶ Dido 1996:17

¹³⁷ Dido 1996:17

Deary het hom verbeel dat ou meneer Hoover, die oorlogsveteraan van die dorp, 'n oog op hom het en het by hom aangelê. Meneer Hoover was alles behalwe gevelei deur Deary se attenties en maak geen geheim daarvan nie, soveel so dat hy Deary dreig met die dood: "Niemand het dit vermoed nie, en die ding kon 'n stille dood gesterf het. Maar nee, meneer Hoover het sy haelgeweer gaan haal en gedreig om die man dood te peper. Dit het ál die groot manne en 'n paar ndunas gekos om ons veteraan te laat afkoel. Die insident is gou vergeet, deur almal behalwe die vrouens en vader Paul"¹³⁸ (alle onderstreping my eie).

Interessant wat die karakter van Deary betref is dat hy/sy, deur wat gesien kan word as twee "oeroue" pilare van die samelewing, die **godsdienst** (vader Paul) en die **patriarg** van die dorp (meneer Hoover), uit die dorp verjaag word. Alhoewel Deary kerkdienste bygewoon het, het sy "strydige leefwyse", wat die kerk betref, sy plek in die verderf "verseker": " 'Lucifer! Ek sê jou gaan uit! Weg na waar jy vandaan kom. Verlaat hierdie aarde nou!' ... Weet julle, ek weet nou nog nie of vader Paul hande op Deary wou lê of hom in die vloer wou slaan nie"¹³⁹. Die mense van die dorp moes "beskerm" word teen Deary se "bose" neigings en die kerk moes en kón nie sy plig versuim om op te tree nie, is die tipe redenasie wat mens byna hoor uit vader Paul se optrede. Wat meneer Hoover, die patriarg van die dorp betref, vind ons uit Monica se vertellings en bewondering van hierdie oorlogsveteraan, dat hy in 'n sekere sin taamlik onbevooroordeeld gestaan het teenoor sy medemens, maar hierdie skending

¹³⁸ Dido 1996:17

¹³⁹ Dido 1996:18

van sy tradisionele beeld van manlikheid was vir hierdie patriarg darem een te veel.

Interessant by Monica is die patriargale dominansie wat steeds aanwesig is na die politieke bevryding in Suid-Afrika en Monica se reaksie daarop: "My tong loop nog steeds met my weg as ek ontsteld word...Maar dis nie al rede waarom my woorde opdroog nie. Dit is Savuka se oë. Hulle is groot en rond. En kwaad. Hoe durf ek, 'n vróú, so met hom voor ander mense praat! Hy berispe my ook net daar. 'Dit is genoeg, Monica. Ken jou plek!'...val dit my weer by: ek is nou terug in ons dorpie en 'n vrou praat nie teë nie. Definitief nie in die openbaar nie"¹⁴⁰.

Alhoewel sy grootgeword het in 'n sterk patriargale opset, soos uit haar storie(s) afgelei kan word, ook die bogenoemde een van Deary en ou meneer Hoover, is daar opstand by haar te bespeur wanneer sy na meer as twintig jaar in die buiteland terugkeer en vind dat die patriargale orde van haar kleintyd steeds aan die orde van die dag is in en om haar dorpie. Hierdie opstand is sekerlik gebore uit die minder eng patriargale opset waarin Monica haar in die buiteland bevind het vir soveel jare en wat in 'n mate deel kom word het van haar identiteit. Wat hierdie verset verder aanvuur, is die uiters desperate toestand waarin sy "haar" mense vind en die gevoel van hopeloosheid wat ook by haar posvat en juis ook haar en Eric aanvuur om iets daadwerklik aan hulle omstandighede te doen: " ...roep al die vrouens en kinders wat daar rond sit, om my te volg. Mense, ek het

¹⁴⁰ Dido 1996:199

nog nooit so baie koppies en blikbekers vol pap en melk uitgedeel nie”¹⁴¹. Hierdie toneel versterk die idee, soos in ‘n vroeër afdeling bespreek, dat Monica se identiteit gedurig in verset en protes gevorm word.

4.3.1.1.7. Identiteit en ‘God-verwantskap’

In hierdie onderafdeling sal uitsluitlik gefokus word op Monica se verhouding met haar “Vriend” in die ondersoek van ‘God-verwantskap’ en identiteit.

Monica se verhouding met haar “Vriend” is iets wat sy reeds van kindsbeen af vertroetel en aan werk deur gereelde geselsies met Hom aan te knoop en haar hoop op haar God te vestig. Haar verhouding met haar “Vriend” is ‘n element waaraan sy geïdentifiseer word deur andere en skep op hierdie manier ‘n verdere unieke eienskap wat haar identiteit betref: “Monica? Monica Peters? Daar is net een persoon op hierdie aarde wat in drie tale bid en die Here haar Vriend noem asof hulle maats is”¹⁴².

Haar verhouding, selfs in die openbaar en ten aanhoor en aanskoue van ander, trek hulle ook binne hierdie kring van vertroue en haar verhouding met haar Vriend. ‘n Voorbeeld hier is waar sy en Eric uiteindelik ‘n woonplek, ‘n huurhuis, van hul eie in Londen bekom en hulle intrek neem: “Dankie, Vriend. Dankie vir alles. Nou het ek ‘n nes waar my man en kinders hul hoofde kan neerlê. Seën hierdie huis. Seën ook vir ons. Leer my om ‘n goeie vrou en ma te wees’. Ek

¹⁴¹ Dido 1996:204

¹⁴² Dido 1996:126

moes hardop gebid het, want Eric 'Amen' hier langs my terwyl die taxi-bestuurder my 'n snaakse kyk gee"¹⁴³.

Haar verhouding met God, haar "Vriend", is die een vaste eienskap van haar identiteit, haar lewe. Tog, hierdie anker word wel geskud met die sluipmoord van Eric. Monica is stukkend en hierdie gebrokenheid van haar skemer deur in haar verhouding met God in haar tyd van verlies. "Ek kan nie huil nie. Ek kan net in my gedagte met my Vriend redeneer. 'Vader, hoekom?'... Na die smeek met God, raak ek vir Hom kwaad. O, ek is kwaad! Ek gee nie meer vir Hom om nie, want Hy het my in die steek gelaat. Ek haat Hom vir my verdriet...'Ek wil nooit weer van God of van Sy liefde hoor nie!"¹⁴⁴.

Dit is juis die herstel van hierdie verhouding wat dan ook 'n katalisator is vir haar herstel en heelword. Hierdie verhouding wat ten spyte van al die verandering en omwenteling in haar lewe konstant bly, is 'n onlosmaakbare deel van haar identiteit. "Ek verwonder my nog aan die plantjies, toe ek op 'n dag 'n stem so duidelik in my kop hoor dat ek kan sweer iemand praat met my. Ek kyk rond, maar ek is alleen...'Hulp kom vir diegene wat die Here vertrou'. Ek sak net daar in die groentetuin op my knieë neer. 'Vriend, Jy is terug! Ek is jammer vir alles wat ek gesê het. Vergewe my. Kom asseblief terug in my lewe in, want dit is so leeg sonder Jou. Gee my asseblief nog 'n kans"¹⁴⁵.

¹⁴³ Dido 1996:165

¹⁴⁴ Dido 1996:211&213

¹⁴⁵ Dido 1996:215

'n Baie interessante feit by Monica en haar verhouding met haar "Vriend" is dat sy God, haar Vriend, as manlik beskou. Dit terwyl sy die tradisionele sienings byna altyd bevraagteken en haar identiteit so dikwels in protes en verset gevorm word. Hierdie siening van God as manlik deur Monica wek tog die idee dat haar siening in hierdie opsig deur konvensies bepaal is, want dit is juis die Joods-Christelike tradisie wat oor geslagte heen God as manlik voorgestel het. Tog, hierdie vaste anker, hierdie verhouding met haar Vriend, verleen ook 'n tydlose dimensie aan Monica se identiteit, haar menswees. Hierdie aspek in Monica se lewe vind aansluiting by Ricoeur se siening van die "idem" en die "ipse" – die veranderlikheid en tog ook die vastigheid, die "sameness" wat te vinde is wat identiteit betref.

4.3.1.2.IDENTITEITSMERKERS

Daar is in hierdie roman van Dido verskeie identiteitsmerkers maar daar sal in hierdie ondersoek slegs, ter illustrasie, gelet word op vier. Sommige van dié eienskappe is deur die ou regime misbruik om rasverskille voorop te stel.

4.3.1.2.1. Naamgewing en naamverandering

Die aspek van naamgewing en naamverandering is hier belangrik, juis omdat 'n naam een van die fundamentele sleutels is tot die totstandkoming van mens se identiteit.

In hierdie onderafdeling sal daar spesifiek gekyk word na die verskeie name en naamveranderinge wat Monica ondergaan.

“Mevrou, my naam is Monica Peters. Ek bly hier langsaan. Niemand hiet en gebied my sonder om asseblief te sê nie. Net my ma en pa en Nduna en sy vrouens doen dit”¹⁴⁶.

Al die “anderskleuriges” in haar lewe mag haar hiet en gebied, maar blankes wat hulself as haar meerderes beskou, moet nie waag om dit te doen nie, behalwe sekeres soos mnr Hoover en juffrou Samson. Alreeds as kind kom mens agter dat haar naam vir Monica 'n besondere deel van haar identiteit is, soos andere se name van hulle s'n.

“African names are important channels for ‘speaking’ for and about African society. They are used to achieve a number of goals, including showing human relationships and social roles; revealing Africans’ quest for truth and meaning in life; showing the polarity... in human behaviour; pointing to the name users (name-givers’ or name-bearers’) hopes, dreams and aspirations...African names may reflect the name-users’ geographical environment as well as their fears, religious beliefs, and philosophies about life and death. Children’s names may even provide insight into important cultural or socio-political events at the time of

¹⁴⁶ Dido 1996:44

their birth... There are as many naming practices in Africa as there are ethnolinguistic groups"¹⁴⁷.

Monica, lei mens uit haar vertellings af, is Katoliek. Dít werp nuwe lig op haar naam, Monica. Monica was die naam van die heilige Augustinus se moeder, wat jare lank vir sy bekering gebid het. Hier toon Monica en haar naamgenoot 'n ooreenkoms deurdadig gebed in albei se lewe so 'n belangrike rol gespeel het. Verder interessant wat haar geboortename betref is haar tweede naam, Angelique. Hierdie afleiding word gemaak na aanleiding van Monica se uitlating, net voordat sy Suid-Afrika verlaat as banneling: "Monica Angelique. Die naam klink snaaks in my ore en ek moet dit 'n paar keer hardop sê om daaraan gewoond te raak. Dis of ek iemand met daardie naam in 'n vorige leeftyd geken het maar nou nie meer weet wie sy is nie..."¹⁴⁸ (onderstreping my eie). Wat interessant is omtrent hierdie tweede naam van Monica is dat dit 'engel' beteken, en engele word dikwels vereenselwig met goeie, goddelike, gehoorsame wesens. Wanneer ons egter kyk na Monica, kan daar aangevoer word dat sy dikwels alles behalwe 'n engeltjie is, veral gesien in die lig van die feit dat haar identiteitsvorming juis gedurig in protes en opstand gehul is. Waar daar wel aansluiting is tussen Monica en die wese van 'n engel, is haar siening van die lewe, van mense, van identiteit, as iets ongekompliceerd en onopgesmuk, haar kinderlike onskuld en die stem van die kind wat so hard weerklink in hierdie boek.

¹⁴⁷ Obeng 2001:1

¹⁴⁸ Dido 1996:156-157

Die kwessie van naamverandering is 'n aspek wat deel van Monica se lewe word wanneer sy met Eric in die huwelik tree. Sy gaan van **Monica Angelique Peters**, na **Monica Angelique Peters Ndlovukazi Richmond**. Nie net lê sy 'n deel van haar af nie, maar sy neem 'n nuwe deel aan, sy gaan van jong dame tot getroude vrou, tot "terroris" en banneling en dit bring onvermydelike verandering in haar menswees tot gevolg. Nadat sy en Eric uit die dorp moet vlug, moet sy as 't ware haar ou self, vir Monica, afsterf: " 'Molo, kameraad Ndlovu. Molo, kameraad **Ndlovukazi**... Jy en jou man gaan net op julle nuwe name aangespreek word. Veiligheidshalwe...' "149.

Daar is weer die oomblik van naamverandering toe sy en Eric hulle tuiste in Alexandra, by Mvula se ouers moet maak. Dit is hier waar hulle vier jaar woonagtig is voordat hulle noodgedwonge die land moet verlaat en ook hier waar Monica meer as een naamverandering ondergaan. "Sonder ons wete, het Mama ook vir ons name gegee, en in die straat raak ek bekend as '**Noqoba – Ongeletterd** – en Ndlovu kry die naam 'Silima esithanda imali' – gebrekkig wat geld liefhet"¹⁵⁰. Dan is daar weer die tyd dat Monica 'n ginekoloog moet gaan besoek met haar swangerskap en wanneer sy ook hiervoor 'n ander naam gegee word: "Ndlovu en die Mnati-gesin het besluit dat ek hom onder die naam **Mona Richie** sou gaan spreek"¹⁵¹. Dikwels, soos in laasgenoemde geval, is dit nie noodwendig omdat Monica graag 'n ander naam wil hê nie, maar eerder omdat

¹⁴⁹ Dido 1996:102-103

¹⁵⁰ Dido 1996:121

¹⁵¹ Dido 1996:122

die omstandighede hulle daartoe dwing, sy het dus geen beheer daaroor nie, maar wel in 'n kleiner mate beheer oor die skuilnaam wat gekies word.

Dan is daar die oomblik waar hulle buite die grens van Suid-Afrika is, in Lusaka, waarvandaan hulle na Londen sal vlieg om hulle lewens as bannelinge te begin, toe hulle hul nodige dokumente vir die reis ontvang: "Mvula oorhandig aan elkeen van ons grootmense paspoorte en identiteitsdokumente... Ek lees op die eerste bladsy staan: Republiek van Suid-Afrika... Ek blaai om. **Monica Angelique**. Die naam klink snaaks in my ore en ek moet dit 'n paar keer hardop sê om daaraan gewoond te raak... Julle kan nou maar vir Ndlovu en Ndlovukazi bêre en weer julle wettige name gebruik..."

So beweeg Monica dan tussen verskeie name op verskillende oomblikke van haar lewe. Hierdie naamveranderinge het wel indruk gemaak op haar, haar identiteitsvorming ongetwyfeld beïnvloed, maar 'n deel van haar bly nog steeds Monica Peters, die naïewe en onopgesmukte kind van die Transkei.

4.3.1.2.2 Velkleur

"Ons was gelukkig – tot ons ontdek het dat die grootmense ons in een ding gefaal het: Hulle het ons nooit bewus gemaak van rasseverskille nie¹⁵².

Dit is weereens Monica se onskuld en onopgesmuktheid as kind, wat die wrede aspek van mense wat op hulle velkleur beoordeel word, juis vererger. Omdat sy grootgeword het in 'n milieu waar mense (aanvanklik) nie volgens hulle velkleur

¹⁵² Dido 1996:27

beoordeel is nie, is hierdie tipe beoordeling, later in haar lewe, vir haar so onsinnig en onregverdig: " 'Dada, hoekom sê jy wít man? Is ons nie almal net mense nie?'¹⁵³. Monica probeer dan ook ander, soos Lungiswa oorreed dat velkleur relatief is, iets heeltemal onbelangrik is:

"Maar sy is doodernstig en gryp my arm en druk dit teen hare. 'Monica, wat sien jy?' ...Arms. My vel is ligter as joune..."¹⁵⁴. Daar is diegene soos Lungiswa wat as swart geïdentifiseer word, en vroeg reeds op 'n manier hierdie klassifikasie probeer "aanvaar". Dit doen sy deur ook aan Monica die realiteit van rasseverskille uit te wys, en dit illustreer op 'n manier 'n tipe verlore onskuld by haar, anders as by Monica wat telkens op 'n manier "terugkeer" om die verlore onskuld te soek en terug te vind. Monica weier om te aanvaar dat mense, haar mense, op grond van hulle velkleur gekategoriseer kan word en spreek haar uit hierteen, redeneer selfs met God: "In my oë het God net een ding vergeet. Hy het vergeet om ons almal dieselfde kleur te maak. Dalk het die bleikmiddel opgeraak. Daar sou 'n helse klomp nodig gewees het..."¹⁵⁵.

Net soos anderskleuriges negatief op hulle velkleur getakseer is met die "aankoms van Apartheid" in Monica-hulle se dorpie, so ook is die blankes op hul velkleur geoordeel, maar in hulle geval was dit lonend vir hulle om te roem op hulle velkleur. Maar daar was diegene vir wie velkleur, soos vir Monica, glad nie

¹⁵³ Dido 1996:31

¹⁵⁴ Dido 1996:32

¹⁵⁵ Dido 1996:102

'n saak was nie. Eric en meneer Hoover is twee voorbeelde wat hier voorgehou sal word.

Eerstens is daar Eric, die wit seun wat sy intrek op Monica-hulle se dorp neem saam met sy ouers. Sy moeder, mevrou Richmond, sou sekerlik nooit kon droom dat haar seun hom opgehou het met die anderskleuriges van die dorp nie, laat staan nog dat hulle sy beste maats was. Verder nog het niemand kennis gedra van Eric se bedrywighede by die anti-Apartheidstryd nie, behalwe diegene wat geweet het, en hulle was maar die anderkleuriges. Niemand het dit verwag nie, minste nog die polisie, en dit uitsluitlik omdat Eric 'n blanke landsburger was. Verder nog het niemand die verhouding tussen hom en Monica regtig sien ontluik nie, nie totdat hulle as 't ware getroud was nie, omdat almal maar verwag het hy sou in sy eie "groep" trou: " 'Wat van die meisie met wie jou ma die hele dorp vol spog, Eric? Haar naam is Beatrice, reg? Jou ma vertel die wêreld vol dat sy van welgestelde familie kom en dat julle binnekort gaan trou' "156. By Eric, soos by Monica, is die kleur van 'n persoon se vel nooit ter sake nie, hulle kyk na die mens, die wese.

Tweedens, wat die positiewe siening van velkleur by blankes betref, is daar meneer Hoover. Hy is die blanke patriarg van Monica-hulle se dorpie. Hy is ook die een wat met die ontsnapping van Monica se pa help omdat niemand hom, ou blanke meneer Hoover, sal verdink van misdaad teen die regering nie: "Daar is iemand in die dorp wat jare lank vir die regering gewerk het maar wat ook lief is

¹⁵⁶ Dido 1996:79

vir die dorp en sy mense – en nog die liefste vir jou, Ndlovukazi. Ja, meneer Hoover. Hy sien jou as die kind wat hy nooit gehad het nie en hy sal alles doen om jou gelukkig te sien. Hy sal jou pa help wegkom omdat hy weet hoe geheg jy aan hom is...Meneer Hoover het nie net ingestem om my pa die dorp uit te kry nie maar boonop besluit dis sy plig om my pa tot in Swaziland te smokkel. Self. Met sy status sal geen polisieamptenaar durf waag om sy motor te deursoek nie”¹⁵⁷. Meneer Hoover se velkleur en Monica s’n keer hom glad nie om haar lief te hê soos ‘n eie kind nie. Net soos Eric sien meneer Hoover haar velkleur glad nie raak nie, net die mens wat sy is, ongeag haar velkleur.

4.3.1.2.3. Taal

Die gebruik van ‘n soort “loslit-Afrikaans” deur Dido is besonders verruimend in hierdie boek. Haar “afwyking” van Standaardafrikaans en die insluiting van ander tale, veral Xhosa as inheemse taal, verleen ‘n verdere dimensie aan die element van identiteit.

“Uphambene? Is jy mal? Yo! Msapha umntwana. Gee die kind hier. Kufuneka siye kuGqirha Woods. Ons sal dokter toe moet gaan...As sy in Afrikaans klaar is, herhaal sy elke woord in Engels en Xhosa...”¹⁵⁸. Die vertalings van stukke wat byvoorbeeld in Xhosa ingesluit is, is baie funksioneel. Dit gee aan die leser ook ‘n beter begrip van Monica se wêreld en haar storie.

¹⁵⁷ Dido 1996:108-109

¹⁵⁸ Dido 1996:24-25

In beide Monica en Eric se lewe speel tale en taalgebruik baie belangrike rolle. Dit is juis hulle vermoë om in ander inheemse tale te kommunikeer wat 'n paar maal hulle lewens red, veral toe hulle as terroriste deur die regering gesoek word en op die vlug moes slaan: " 'Redrow het ons gewaarsku dat daar binnekort iets interessants verby gaan kom. 'n Olifant of iets.' Hy lag... Ek is net dankbaar teenoor my Vriend dat die owerhede nie beseft het wat hy met 'olifant' bedoel het nie"¹⁵⁹. Die feit dat hulle albei Xhosa magtig is, laat hulle maklik inskakel by Mvula se familie in Alexandra waar hulle vier jaar woon toe hulle vanuit Monica-hulle se dorp moes vlug.

Uiteindelik moet Eric en Monica landuit vlug, Engeland toe. Hoewel hulle albei Engels magtig is, is die Engels wat hulle daar hoor, heel vreemd op die oor, veral vir Monica: "Toe voel ek hoe ek houtnugter binne in die toring van Babel beland het. Aarde, die taal! Dis Engels maar tog ook nie. Ek meen, die woorde kom hier diep agter die neus uit en teen die tyd dat dit oor sy lippe kom, is dit verkoue klanke!"¹⁶⁰. Maar, ten spyte van die vreemdheid van die taal wat die uitspraak betref, pas hulle aan en word die taal op 'n vreemde manier "hulle taal", hulle verbinding met die mense van hulle "nuwe tuiste" wat dan ook vir meer as twintig jaar hulle tuiste sou wees.

'n Ander aspek wat die belangrikheid van taal in hulle lewens beklemtoon, is dat taal vir Monica en Eric albei baie meer as net blote kommunikasiemiddel is, dit is

¹⁵⁹ Dido 1996:100

¹⁶⁰ Dido 1996:161

hulle skakel met hulle “eie mense”, hulle verbintenis met die verlede, ‘n onuitwisbare deel van hulle identiteite. Hierdie aspek kom veral aan die lig wanneer hulle waarneem dat hulle kinders besig is om deel van hulle erfenis, hulle kulturele wese, te verloor, deurdat hulle die tale van hulle vaderland verloor: “Wat my meer pla, is dat hulle nie mooi verstaan wanneer ons in Afrikaans en Xhosa met hulle praat nie, en dit maak seer. Ek wil dan juis hê dat hulle ons drie moedertale soos ‘n tweede vel moet dra sodat hul Xhosa-name eendag vir hulle sal sin maak – sodat hulle kan weet dat hulle wortels diep in die hartjie van Transkei begrawe lê... Van toe af praat ek en Eve met Eric en Mvula Xhosa by die huis. Dit was die regte besluit, want dit wat hulle verloor het, kom ná ‘n paar weke weer na vore al klink dit snaaks in my ore. Het julle al ‘n Engelsman hoor Xhosa praat?”¹⁶¹.

Wat Eric betref, is dit juis sy taalvermoëns wat hom laat inpas by die groepie kinders, Monica inkluis, en deel maak van hulle intieme vriendekring: “ ‘Savuka! Siyakwazi na ukudada esi sidenge? Kan die onnosel swem?’ Eric gluur my aan en sê: ‘Ewe, ndiyakwazi ukudada.’ Ja, ek kan swem.’ My mond val oop... ‘Monica, vir jou inligting: ek kan Xhosa, Zulu, Tswana, Tsonga, Sotho en natuurlik Engels en Afrikaans vlot praat. Omtrent op elke plek waar my pa was, het die mense ‘n ander taal gepraat...’ ”¹⁶². Dit gee daartoe aanleiding dat hy baie makliker aanvaar word tussen hulle en spoedig is hy “een” van hulle en

¹⁶¹ Dido 1996:170

¹⁶² Dido 1996:40

hierdie aanvaarding dra by tot sy uitleef van sy kulturele identiteit, sy mens-wees, in alle opsigte.

'n Ander interessante aspek wat Dido in die boek inwerk, is die feit dat taal baie meer as woorde is, dis kommunikasie en kan op verskillende maniere geskied. Hierdie aspek word goed geïllustreer in veral die karakter van mevrou Lesley. "Ek hou daarvan om na haar (mevrou Lesley) te luister. Sy praat nie, haar hande praat... Almal het haar vermy en gesê sy is vol fiemies... Sy is doofstom. Ek het toe vir my ma gesê om nie na haar mond te kyk wanneer sy praat nie, maar na haar hande. Eers het die vrouens dit moeilik gevind, maar later het dit gelyk asof mevrou Lesley in die dorp gebore is"¹⁶³ (gedeelte tussen hakies my eie). Monica is daartoe in staat om soveel meer as woorde te begryp. Sy is die een wat mevrou Lesley nie net probeer hoor nie, maar werklik verstaan, en sy doen moeite daartoe, en ook om die ander dorpsinwoners te help om hierdie doofstom vrou te "verstaan" en te "hoor".

4.3.1.2.4. Klere

"While dress is commonplace, it is not ephemeral, vacuous or meaningless. We wear our identities on our bodies..."¹⁶⁴.

In alle kulturele en bevolkingsgroepe die wêreld oor is kleredrag 'n element wat identiteit verleen. By Monica-hulle was daar ook sekere kodes van aantrek. Daar

¹⁶³ Dido 1996:42-43

¹⁶⁴ Arthur 1999:6

was dit wat aanvaarbaar was en dit wat minder of glad nie aanvaarbaar was nie, soos byvoorbeeld, Deary, 'n man in vroueklere. As kinders het Monica-hulle kaalvoet rondgeloop, skoene was 'n luukse en gewoonlik gereserveer vir spesiale geleenthede: "En o ja, ons dra net skoene kerk toe, vir spesiale geleenthede, en wanneer die inspekteur kom"¹⁶⁵. Die kinders het ook glad nie gevoel dat hulle te kort skiet in hierdie opsig nie, want dit is hoe hulle grootgeword het, en hulle het die stand van sake gelate aanvaar soos kinders, gehoorsaam aan hulle meerderes. Ook die omliggende krale se mense se manier van aantrek het Monica-hulle, wat in die dorp gewoon het, beïnvloed en andersom.

Wanneer Eric dan op die dorp aankom en hulle raak bevriend, is hy heimlik verbaas en ietwat verontwaardig oor hulle kleredrag by tye, of eerder gebrek daaraan: "Loop julle meisies altyd so half nakend rond?... Ons almal is stom... 'Ons is nie half nakend nie! Ons het dan rompe aan... Hy beduie so vaagweg in die rigting van ons kaal bolywe... Daar is niks snaaks aan ons nie, en ons hét krale om ons nekke"¹⁶⁶. Vir Monica-hulle is daar niks vreemds aan hulle kaal bolywe nie, die vroue en dogters in die krale loop so en dis heeltemal aanvaarbaar, ook hulle kaal swemmery. Dis juis die sfeer van kinderlike onskuld wat hierdie aspek van kleredrag by Monica-hulle openbaar, tog is daar die greintjie verlore onskuld wat wel reeds kop uitsteek in die volgende uitlating van Monica teenoor Eric: "...maar toe takel hy ons oor die kaal saamswemmery. Net

¹⁶⁵ Dido 1996:36

¹⁶⁶ Dido 1996:39

daar raak ek paniekbevange. As ons ouers ooit moet hoor dat ons saam met die seuns swem, sal daar nie 'n vel op my bas oorbly nie! Hulle dink dat ons in ons onderklere swem en hulle weet nie dat ons saam met die seuns swem nie. En dit poedelnakend!"¹⁶⁷. Hulle weet dat hulle eintlik nie saam mag swem nie, en veral nie poedelnak nie, maar in hulle kinderlike onskuld kan hulle nie 'n probleem daarmee sien nie en gaan voort, maar in die geheim.

Dan is daar ook die kwessie van Eric se kleredrag en die aanpassings wat hy moet maak om by hulle in te pas: " 'Eric, oor jou klere môre. Moet nou net nie jou beste Sondagpak skool toe gaan staan en dra nie. Hier prikkel ons net ons verstand, nie die mode nie"¹⁶⁸. Hy doen dit ook gelate, want in sy kinderlike wese weet hy ook dat hy wil behoort, deel wees van hulle groep, en as 'n verandering wat sy aantrekgewoontes betref die antwoord is, dan doen hy dit, selfs tot ergernis van sy ma: " 'Eric!' skreeu sy amper die dak af. ' Hoe durf jy soos 'n barbaar kaalvoet rondloop? Gaan trek onmiddellik jou skoene aan!' "¹⁶⁹. Hierdie aanhaling illustreer nie alleen Eric se vasbeslotenheid om by die kinders van die dorp in te pas nie, maar ook sy moeder se norme wat kleredrag betref. Vir haar is kleredrag juis so 'n belangrike merker van identiteit en ook van klasse- en rasseverskille. Anders as haar seun Eric, vir wie dit gaan om aanvaarding, eenwording, gaan kleredrag vir haar om iets wat hulle (blankes) "apart" stel, beter maak as die anderskleurige "barbare", volgens Eric se moeder, van die dorp.

¹⁶⁷ Dido 1996:40

¹⁶⁸ Dido 1996:37

¹⁶⁹ Dido 1996:45

"Dress is a coded sensory system of non-verbal communication that aids human interaction in space time. The codes of dress include visual as well as other sensory modifications (taste, smell, sound and feel) and supplements (garments, jewelry and accessories) to the body which set off either both cognitive and affective processes that result in recognition or lack of recognition by the viewer"¹⁷⁰.

Hierdie ondersoek na die kwessie van identiteit in *Die storie van Monica Peters* (1996), het aangedui dat identiteit so onlosmaakbaar deel is van elke mens se bestaan, tog so kompleks. Dit is verweef met 'n magdom elemente van 'n persoon se bestaan, en Monica se lewe, haar storie hier vertel, gee 'n blik hierop.

"Haar lewensverhaal word vertel met deernis en pittige humor. Dit is 'n storie van politieke vernedering en oorwinning, 'n storie van romanse, onwrikbare geloof en vasberadenheid. Dit is die storie van 'n jong meisie in die Transkei, 'n banneling in Engeland, en 'n vry vrou terug in die land wat sy so liefhet. Dit is die storie van Monica Peters"¹⁷¹.

¹⁷⁰ Eicher 1995:1

¹⁷¹ Agterblad van Dido se boek

4.3.2. *Rugdraai en stilbly*

In 1997 volg *Rugdraai en stilbly* waarin die soeklig geplaas word op die aaklige werklikheid van mishandeling, en meer spesifiek, vrouemishandeling, in verskeie vorme. In hierdie aangrypende boek van Dido kom die hoofkarakter, Bernie, van aangesig tot aangesig met die wrede werklikheid van mishandeling aan die hand van Randall, haar man. In haar stryd om die mishandeling te oorleef, beide die fisiese sowel as die emosionele mishandeling, moet sy oor, anderkant en tussen verskeie grense in haar lewe beweeg. Op verskillende oomblikke in haar lewe waar sy gekonfronteer word met grense, marginaliteit, liminaliteit en die trauma wat daaruit voortvloei, moet sy moeilike besluite neem. Die wrede werklikhede rondom mishandeling word aan die lig gebring en die stilswye rondom dié kwessie word verbreek deur hierdie bydrae van Dido.

4.3.2.1. Inleiding

Dit gaan hier om die kwessie van vrouemishandeling. Die aanvang, die voortslepende mishandeling, rou emosies en trauma en uiteindelik bereiking van 'n punt van besluitneming: vorentoe in dieselfde trant óf uitpraat en heelmaak óf afsny en alleen voortgaan. Randall en Bernie is smoorverlief, trou en is aanvanklik dolgelukkig, tot die eerste woedeuitbarsting, die rugdraai en stilbly: "Die heel eerste stryd kry die gelukkige paartjie 'n skrale drie weke ná die troue... Randall wil 'n sweetpakbroek aantrek en vra Bernie om dit vir hom te stryk... Toe sy tevrede is met die broek, gee sy dit vir hom en wag vir 'n

dankiesoen. Maar in plaas van 'n soen, hou Randall eers die broek in die lug op en vra dan met 'n frons: "Waar is die naat, liefing? Dié krom en skewe ding?... En Bernie vervies haar net daar... Nou verwyf hy homself dat Bernie so kwaad is... Hulle is albei maar te bly om weer in mekaar se arms te wees... Sonder 'n woord sak hulle op die bed neer"¹⁷² (onderstreping my eie).

Die aspek van stilbly, van rugdraai, is reeds vanaf die titel, wat besonder gepas is, aanwesig. Wanneer die eerste rusie kom, die eerste houe, dan verleen die titel 'n verdere dimensie aan die verhaal. Dit gaan nie net om Bernie en Randall se stilbly- en rugdraai-aksie nie, maar ook die samelewing, die woonbuurt waarin hulle hul bevind: "Al die bure se ligte is aan, en sy kan by 'n paar vensters koppe sien uitloer... En toe sy nog so klop, verdwyn die gesigte by die venster en die huis se ligte word afgeskakel. Niemand maak vir haar die deur oop nie. Ook nie by die ander bure by wie sy gaan klop nie"¹⁷³. Die kwessie van vroue-mishandeling is een wat lank agter geslote deure gehou is, omdat dit iets "persoonlik" is, iets waarvoor nie gepraat word nie. Dit is maar die afgelope paar jaar dat hierdie euwel werklik onder die soeklig geplaas word en daadwerklike pogings aangewend word om hierdie euwel aan te spreek, hierdie grens van stilbly wat opgerig is, af te breek.

"Recent decades have brought into sharp focus the dimensions of the once well-kept secret of violence against women. Around the world the women's movement

¹⁷² Dido 1997:31

¹⁷³ Dido 1997:145

has been calling attention to just how much violence women do experience, not only in the workplace and the public domain, but also in the apparent security of the home”¹⁷⁴.

Bernie is die dogter van Koos en Drienie Petroos en woon, voor haar troue met Randall, by haar ouers in hulle raadshuisie in Vygiestraat, Aloveale. Sy is teller by 'n bank op die dorp en die enigste van die drie Petroos-kindere wat nog tuis woon. Na haar troue met Randall, die seun van Maureen en Gerald Fontaine, trek sy uit Aloveale na die spoggerige buurt Victoria Park, waar Randall reeds voor hul troue vir hulle 'n huis laat bou het. Sy is aanvanklik vreeslik gelukkig en kan nie uitgepraat raak oor die deugde van haar man nie, maar namate die huwelik groei, maak Bernie eerstehands kennis met die gruwelike gesig van mishandeling aan die hand van die einste man wat sy so onherroeplik liefhet en wie se goedheid sy gedurig besing. Bernie se groei, te midde van haar en Randall se later stagnerende en vernietigende huwelik, is tasbaar en so ook haar beweeg oor verskeie grense heen.

Randall Fontaine, seun van Gerald en Maureen Fontaine, welgestelde inwoners van Victoria Park en bekendes in die omgewing, is die eienaar van sy eie slaghuis. Dit is ook hier, in sy slaghuis, waar hy Bernie die eerste keer raaksien en verlief raak op haar. Waar ons met Randall kennis maak, is hy die galante heer self, enige ma se droom-kind en droom-skoonseun. Hy is sjarmant en bedagsaam en oënskynlik baie lief vir Bernie, maar dit is hierdie einste Randall

¹⁷⁴ Bender 1994:199

wat ontaard in 'n wreedaardige vrou-mishandelaar en ontroue huweliksmaat wanneer hy sekere noodsaaklike grense oorskry.

Dié baie interessante aspek in hierdie boek van Dido, die een wat breedvoerig in hierdie ondersoek bespreek sal word, is die konsep van grense.

“Borders are set up to define the places that are safe and unsafe... A border is a dividing line, a narrow strip along a steep edge”¹⁷⁵ (alle onderstreping my eie).

Dit gaan hier om verskeie grense wat teenwoordig is in die lewe van veral die hoofkarakter(s) in hierdie boek. Verder gaan dit om grense wat deurbreek móét word, veral deur Bernie, en ander grense wat liefs in plek gelaat moet word, wat Randall dan wel deurbreek. Die grense in hulle lewens, as individue, maar dan ook as getroude paar, sal hier onder die soeklig geplaas word en krities geanaliseer word. Hulle deurbreking, huiwering op die rand van grens-oorstek en moedswillige oorsteking van “veilige en noodsaaklike” grense, het ook 'n uitwerking op hul identiteite, hulle ganse mens-wees en ook hierdié aspek kom onder die soeklig.

4.3.2.2. Grense

“Forever on the periphery of the possible, the border, the boundary, and the frame are always at issue – and their location and status inevitably raise the problematic of inside and outside and how to distinguish one from the other”¹⁷⁶.

¹⁷⁵ Anzaldúa 1987:3

¹⁷⁶ Henderson 1995:1

Waar ek hier kyk na die aspek van grense, is dit wel noodsaaklik om 'n wyle stil te staan by Lotman se konsep van die semiosfeer, juis omdat grense as belangrike konsep funksioneer binne die semiotiek. Dít kan afgelei word van die beginsel van tweeledigheid en ongelykmatigheid waarop semiotiek, volgens Lotman, rus. Waar daar verskille is, is daar grense. Wat interessant is by Lotman se opvatting van die grens is dat dit juis die grens is, 'n tipe "niemandland", wat beide bind sowel as skei. Dit is dan interessant genoeg hierdie tweeledigheid van die grens wat dialoog aanmoedig tussen dit wat duskant die grens te vinde is en dit wat daarbuite val:

"... the hottest spots for semiotizing processes are the boundaries of the semiosphere. The notion of boundary is an ambivalent one: it both separates and unites"¹⁷⁷.

Lotman verduidelik die semiosfeer as "... the semiotic space necessary for the existence and functioning of languages...; in a sense the semiosphere has a prior existence and is in constant interaction with languages"¹⁷⁸. Dit blyk dus dat tekens, 'n belangrike konsep binne die raamwerk van semiotiek, nie buite die grense van die semiosfeer kan "beteken" nie, want: "Outside the semiosphere there can be neither communication, nor language"¹⁷⁹. Volgens Lotman kan daar geargumenteer word dat die semiosfeer se samestelling op twee beginsels berus, naamlik (i) tweeledigheid en (ii) ongelykmatigheid. Wat die tweeledige aard van die semiosfeer betref, voer Lotman aan dat dit as "a principle which is

¹⁷⁷ Lotman 1990:136

¹⁷⁸ Lotman 1990:123

¹⁷⁹ Lotman 1990:124

realized in plurality since every newly-formed language is in its turn subdivided on a binary principle"¹⁸⁰ verstaan moet word. Daar kan aangevoer word dat verskillende tekens binne 'n gegewe teks beide intern en ekstern sal optree en verder die tweeledigheid van die teks belig en uitbrei. Wat die ongelykmatigheid betref, is dit juis die verhouding tussen die sentrum en marge, en die grense daartussen, die duidelike verskille wat sentrum en marge toon, wat aanleiding gee tot 'n wedersydse dialoog.

"Asymmetry is apparent in the relationship between the centre of the semiosphere and its periphery"¹⁸¹.

Waar gelet word op die konsep van grense, moet daar ongetwyfeld melding gemaak word van die marge. Juis omdat die marge ontstaan uit die vasgestelde grense van die sentrum.

Interessant is die feit dat Bernie dubbel gemarginaliseerd is. Sy is dubbeld gemarginaliseerd aan die magtelose kant van die "asymmetry": daar is die blanke sentrum en die Kleurling-marge; en binne die laasgenoemde is daar die manlike sentrum en vroulike marge waaraan Bernie "uitgelewer" is. Dus: sy is hier 'n sprekende voorbeeld van Lotman se tweeledigheid, maar in haar geval is dit 'n dubbele tweeledigheid.

¹⁸⁰ Lotman 1990:124

¹⁸¹ Lotman 1990:127

"In the semiosphere, he (Lotman) believes, the margin is a place of incessant dialogue between centre and periphery..."¹⁸². Daar sal later ingegaan word op die konsep van marginaliteit en die marge. Dit is juis die aanwesigheid van die marge wat die grens belig as beide eindgebied en ook 'n tussengebied, verder ook die drumpel ("threshold") van dit wat duskant én anderkant die spesifieke grens geleë is. Die afbakening van die sentrum, die aanduiding van waar die sentrum eindig en die marge aanvang, word beskou as 'n funksie van die grens. Die idee van grense hou ook verband met die idee van merkers, die "vasstellers" van wat binne die sentrum staan en wat buite. Juis deur 'n soort "anderse eendersheid" van sentrum en marge, word grense opgerig en bewaak om die sentrums in stand te hou en die gemarginaliseerdes juis net daar, op die marge.

Na hierdie teoretiese bespreking van die konsep van grense en gepaardgaande aspekte, sal daar in die onderstaande afdeling, onder verskeie hoofde, gelet word op verskeie ruimtes waarin Bernie, sowel as Randall, beweeg, wat verskeie grense vooropstel. Dit sal geskied aan die hand van 'n analise van hulle omgaan met hierdie verskillende grense in hulle lewens.

"Borders – both physical and mental – have long been part of the South Africa story"¹⁸³.

¹⁸² Viljoen, H 1998:19

¹⁸³ Sonn 1996:62

4.3.2.2.1. Grense: Bernie en Randall en die grense van hulle bestaan:

Verskeie grense – verskeie oomblikke – verskeie bewegings:

Hier sal nie slegs gelet word op die grense, veral dié in Bernie se lewe, wat deurbreek moet word nie, maar juis ook daardie noodsaaklike en veilige grense wat in stand gehou moet word, wat (dikwels) deur Randall verontagsaam en verbreek word.

4.3.2.2.1.1. Grense van rugdraai en stilbly

Een van die belangrikste en opvallendste grense wat (veral) Bernie, maar ook soms Randall, nodig het om te deurbreek, is dié van stilbly, van rugdraai en niks sê nie, asof die probleem vanself gaan verdwyn. Aanvanklik swyg en jok Bernie oor die mishandeling, probeer sy selfs haarself oortuig dat dit nie eintlik 'n probleem is nie.

“Violence against women is not restricted to any particular group – rich or poor, in developing or develop countries – any woman anywhere can become a victim”¹⁸⁴.

Dit is dan ook die geval met Bernie, gekleurde vrou wat uit 'n arm woonbuurt na 'n spogwoonbuurt trek na haar troue met Randall, 'n gesiene lid van die (Kleurling) gemeenskap. Alhoewel sy te midde van gesinsgeweld in haar gemeenskap, Aloevale, grootgeword het, het sy haar altyd voorgeneem om hierdie element te vermy. Nooit het sy kon droom dat sy die slagoffer van

¹⁸⁴ Women's International Network 1998:3

mishandeling sou wees, en dit aan die hand van die man wat sy so volkome liefhet nie. Bernie is 'n voorbeeld van mishandeling wat deur alle normatiewe grense breek.

“There are many reasons why a woman continues to live in a home where she is being abused: indeed the complexity of reasons almost defies answering the question”¹⁸⁵. Dit is so dat as leser mens op die een of ander tydstip wonder, maar waarom bly Bernie? Die aanhaling bo voer aan dat die redes uiteenlopend, kompleks en talryk is. Dit is dan ook so in die geval van Bernie. As gevolg van 'n hele aantal psigiese en maatskaplike grense word sy gevange gehou in die ellende van die mishandelde vrou.

Na die eerste insident van mishandeling, net na die glas-episode met Randall se moeder, kan daar aangevoer word dat Bernie heeltemal te geskok is en meer nog, te behep is met die bymekaarkoms van Randall se klante by hulle woning, die bewaar van die skyn, om dit af te stel. Sy gaan dus voort met die skemeronthaal en gee voor dat alles goed gaan; jok selfs dat Randall elders 'n krisis hanteer en nie teenwoordig kan wees nie. En dan, wanneer sy en Randall wel “praat”¹⁸⁶, met sy terugkeer huis toe, is Bernie maar te bly hy is terug en juis hierdie grens tussen uitpraat en stilbly word onverhinderd gelaat, juis die een wat deurbreek móét word deur hulle albei. Deur Randall sodat hy kan sê hoe jammer hy werklik is en hoe afskuwelik sy optrede hom laat voel, maar hy dink dit net, en

¹⁸⁵ Moore 1979:20

¹⁸⁶ In aanhalingstekens juis omdat dit een van die grense is wat Bernie en Randall moet deurbreek: hulle praat nooit werklik oor die probleem nie, nie totdat dit byna te laat is nie.

verwoord dit nooit rêrig nie. Bernie op haar beurt het nodig om Randall te laat hoor hoe verskriklik vernederd en bang sy optrede haar maak en die skade wat dit stilweg besig is om aan hulle huwelik te berokken. Maar nie een van hulle twee weet hoe om dit te hanteer nie, dus bly hulle eerder stil.

So gaan Bernie dan aan met die stilbly, totdat sy die punt bereik waar sy nie meer kan óf wil stilbly nie, want: "Deur haar stilbly het sy hom eintlik die reg gegee om haar te slaan. Deur haar stilbly het sy hom toegelaat om te doen wat sy pa aan sy ma gedoen het"¹⁸⁷ (alle onderstreping my eie).

Maar hoekom nog die stilbly by Bernie, na sy al soveel keer mishandel is, en Randall al ontelbare kere beloof het dit sal nooit weer gebeur nie en dat hy vreeslik jammer is? Hier bly sy juis stil glo ek, uit vrees. Sy moet in hierdie ruimte die grens van vrees deurbreek en dít is vir haar onbeskryflik moeilik. Daar is by Bernie aan die een kant die vrees vir die volgende insident en aan die ander kant die vrees vir die onbekende indien sy sou besluit om Randall te verlaat: "Maar Bernie wil nie daarvan hoor nie, en Drienie sou nooit kon raai dat haar kind bang is om weer pak te kry nie"¹⁸⁸. Aanvanklik sal Bernie dan eerder met die "bekende" vrees van die uitbarstings en gepaardgaande mishandeling saamleef, as met die ongekende, en dat sy 'n grens sal moet oorsteek daarheen. Hierdie vrees van Bernie gaan ook gepaard met die vrees dat niemand haar sal glo en ondersteun nie, sou sy praat. Bernie bly in hierdie web van vrees verstrengel

¹⁸⁷ Dido 1997:167

¹⁸⁸ Dido 1997:95

totdat sy op 'n dag besef dat sy iets sal moet doen omtrent die situasie, nie net vir haarself nie, maar ter wille van hulle kind en ook Randall: "Finally, help will not occur without change. If nothing is done, nothing will happen. Regardless of the number of kinds of reasons for staying, they all have one thing in common: they keep the victim in die abusive relationship"¹⁸⁹.

'n Ander rede waarom baie mishandelde vroue nie die deurbraak kan maak oor die grens van mishandeling nie, is hul finansiële afhanklikheid van hul huweliksmaat, dikwels die mishandelaar, soos in Bernie se geval. "As sy hier uitstap, verloor sy die huis en haar tuin en alles... En hoe sal sy in elk geval die dinge kan bekostig waaraan sy oor die twee jaar gewoon geraak het?"¹⁹⁰. Dit is dan ook juis Randall se bevestiging van sy tradisionele rol, as broodwinner, wat Bernie in hierdie afhanklike posisie stel en later in dié ruimte, binne hierdie grens van afhanklikheid vasgekleem hou. Dit is 'n grens waardeur sy sal moet breek om by 'n heelheid uit te kom. Hierdie ruimte het vir Bernie dan ook 'n gemaksone geword, en dit is juis daarom dat dit vir haar so moeilik is om deur die grens van afhanklikheid na dié van onafhanklikheid te breek.

'n Ander aspek wat die konsep van grense in die lewe van die mishandelde soos Bernie daarstel, is dat sy, soos talle ander mishandelde vroue, dikwels nie ander heenkome het nie, of so glo hulle. Bernie sal met ope arms by haar ouers, en selfs by haar twee goeie vriendinne ontvang word, maar uit skaamte en

¹⁸⁹ Ackerman 1995:49

¹⁹⁰ Dido 1997:81

ontkenning bly sy by Randall. Laasgenoemde is nog 'n rede waarom talle mishandelde vroue, Bernie ook, bly: die ontkenning en skaamte. Skaamte omdat Bernie voel dat sy dan gefaal het, en skaamte omdat sy ook nie wil hê mense moet hierdie kant van Randall ken nie. 'n Tipe beskerming van Randall, en 'n ontkenning dat daar werklik 'n probleem is, maar ook die angs dat indien mense hierdie sy van Randall sou ken, hulle dan haar as mishandelde sal leer ken. Hierdie beskerming van Randall bring my by 'n ander rede waarom Bernie en ander mishandelde ook bly: hulle het werklik hulle man(s) lief. Hulle liefde is net soos by enige ander "normale" paartjies, nie 'n gevoel wat hulle die een dag af en die ander dag aan kan draai nie, en juis daardie liefde, glo, hoop, verdra en vertrou dat die mishandelaar sal verander, dat die "ou" Randall sal verrys: " 'Maar is jy nog lief vir Randall, Bernie?' Bernie knik net. Sy is te bang dat sy gaan huil as sy haar mond oopmaak"¹⁹¹.

"We are falling apart inside, and that is why we are falling apart outside"¹⁹².

Dit is eers nadat Bernie met 'n maatskaplike werker gaan praat het, die interdik bekom het, en aan Randall kommunikeer hoe sy voel en wat sy beplan om te doen, dat dinge gebeur. Dus, eers nadat sy die grens van hierdie stilbly, die rugdraai, oorgesteek het, kan daar daadwerklik iets gebeur. Die berading waarop hulle besluit as 'n poging om te red wat te redde is, kom eers nadat Bernie opgetree het teen haar omstandighede, en hierdie talle grense van stilbly en aanbly en rugdraai deurbreek het, om nuwe ruimtes te verken en in te neem en

¹⁹¹ Dido 1997:82-83

¹⁹² Ackerman 1995:80

nuwe grense te bepaal, ten spyte van die verskrikking en trauma daaraan verbonde.

4.3.2.2.1.2. Psigiese grense

Die sielkundige of psigiese grense wat ontstaan tussen Randall en Bernie is juis 'n uitvloeisel van die grens van stilbly wat aanvanklik nie deurbreek word nie. Die feit dat beide Bernie en Randall na elke episode van mishandeling, watter vorm dit dan ook aanneem, stilbly, vererger hulle situasie. Dit open as 't ware die ruimte van mishandeling 'n entjie verder. Aanvanklik wil albei praat oor hierdie grens (mishandeling) in hulle verhouding wat oorgesteek is deur Randall (veral), maar hulle weet nie hoe om met mekaar daarvoor te praat nie en hulle is albei bang dat hulle die verkeerde dinge sal sê en bly dus eerder stil. "Nou verwyf hy homself dat Bernie so kwaad is... Om vrede te gaan maak. Hoe, weet hy nie. Al wat hy weet, is dat hy net sy laggende en gelukkige Bernie in sy arms wil hê... Van nie weet wat om te sê nie, sê hy somer die eerste ding wat in sy gedagte kom"¹⁹³ (alle onderstreping my eie). Hulle hoop elk dat die ander een dalk die saak sal aanroer, of verstaan hoe hulle voel, maar juis hierdie aannames wat hulle maak dra by tot die sielkundige grense wat opgerig word deur beide Bernie en Randall as 'n soort verdedigingsmeganisme, ook 'n tipe oorlewingsstrategie, 'n manier om te kan voortgaan.

Die psigiese grens wat kommunikasie tussen Bernie en Randall verhoed, het 'n vernietigende effek op Bernie se identiteit. Bernie toon aanvanklik slegs fisiese

¹⁹³ Dido 1997:30-31

letsels van die mishandeling, maar na 'n tyd is die emosionele en psigiese letsels te bespeur in haar lewe. Hierdie mishandeling neem verskillende gedaantes aan en dit is juis omdat Bernie nie weet hoe die volgende "aanval" geloods gaan word nie, dat dit haar so uitmergel. Daar is aanvanklik 'n tipe sosiale onttrekking by Bernie. Sy vervreem haarself van haar vriendinne en selfs ook haar familie deur al minder by hulle aan huis te kuier. "Toe sy haar weer kom kry, is sy so in haarself gekeer dat sy skaars meer haar ouers of skoonouers of vir Chiselle en Lorraine besoek. Sy doen nie eens meer die inkopies nie... Sy voel veilig in die huis"¹⁹⁴ (alle onderstreping my eie). Hierdie emosionele mishandeling breek Bernie se mens-wees, sy sprankel nie meer nie, sy is gedurig angstig, wat dikwels die gevolg het dat sy aggressief is. Verder is dit duidelik dat haar selfbeeld afgetakel is, en hierdie negatiewe emosies spoel oor in haar verhouding met Randall. Randall maak haar af as niemand. Hy voer selfs aan dat hy haar "gemaak" het tot wie en wat sy is, iemand met smaak en styl, en dat hy haar "gered" het uit Aloveale. Hierdie aftakeling word al hoe sigbaarder waar haar wêreld later so klein word en letterlik net draai om haar kind en sy haar heeltemal van haar buitewêreld onttrek het.

Die psigiese en emosionele letsels is ook te sien in haar kompulsiewe optredes, veral wat die netheid van haar en Randall se woning betref. Sy is selfs later so vreesbevange dat alles nie in orde sal wees soos Randall dit sal wil hê nie, dat sy dikwels takies herhaal, byvoorbeeld die afstof van die meubels, om seker te maak alles is perfek.

¹⁹⁴ Dido 1997:168-169

Die uitwerking hiervan is in haar en Randall se verhouding te bespeur. Hy let op hoe sy van 'n selfversekerde jong vrou verander in 'n vreesbevange mens, maar erken steeds nie sy aandeel daarin nie, sien nie sy skuld raak nie : "Hy groet haar nie. Kyk net na haar. En kan sien hoe sy haarself intrek van vrees. Die vrees is oor haar hele gesig geskryf"¹⁹⁵.

Hierdie emosionele en psigiese uitputting wat Bernie ondervind word vererger wanneer Bernie 'n interdik teen Randall kry, en hy 'n sielkundige oorlogvoering teen Bernie begin. Hy steek deur hierdie optrede van hom nog 'n beskermende grens oor. "In die maande daarna gaan dit eers rustig. Maar langamerhand raak sy spyt dat sy die belofte gemaak het... Randall begin met sy ou streke. Hy verkleineer en verneder haar met elke geleentheid wat hy kry... Niks wat sy sê of doen, is reg nie"¹⁹⁶ (alle onderstreping my eie). Hy raak nou nie meer handgemeen met Bernie om van sy frustrasie en woede ontslae te raak nie, maar takel haar psigies af deur die snedige kommentaar wat hy teenoor haar lewer en sy openlike losbandigheid. Dit is asof die feit dat hy haar nie fisies verniel nie, hom dryf om 'n ander uitlaatklep te vind vir sy emosies en dit vind hy in die geestelike aftakeling van Bernie.

Saam met hierdie sielkundige mishandeling waaraan Randall vir Bernie onderwerp, is daar ook die ongegronde jaloesie wat Randall ervaar en wat

¹⁹⁵ Dido 1997:163

¹⁹⁶ Dido 1997:167

verder sy mishandeling aanvuur en ook die sielkundige aftakeling waaraan hy Bernie onderwerp. Hierdie jaloesie weerspieël Randall se onvermoë om te praat oor die dinge wat regtig saakmaak: “Daar moet iemand anders in haar lewe wees! Die gedagte maak Randall woedend. Sy maak ‘n groot fout as sy dink dat hy handjies gevou sal sit en toekyk hoe ‘n ander man haar onder sy neus wegraap”¹⁹⁷. Indien hy aan Bernie sou vertel hoe hy voel en hoe haar optrede(s) hom soms jaloers maak, kon hulle dit uitpraat en albei van die onnodige emosionele bagasie wat elk saamsleep, ontslae raak, maar hulle bly stil. By Randall kom dit op ‘n negatiewe manier tot uiting en Bernie reageer op haar beurt dan ook negatief en só word die bose kringloop voortgesit.

Sekerlik een van die afskuwelikste “veilige” grense wat Randall deurbreek is wanneer hy die ma van sy kind, die vrou wat hy veronderstel is om met sy hele wese lief te hê, onderwerp aan seksuele mishandeling. Dit is ‘n normatiewe grens wat in talle getroude paartjies se lewens, wat deur mishandeling geteister word, deurbreek word, maar die stilbly hêrvoor is byna groter as dié van die fisiese mishandeling. Randall onderwerp Bernie aan hierdie vorm van mishandeling op meer as een geleentheid: “Sy moes seker weer aan die slaap geraak het, want toe sy haar weer kom kry, is haar man bo-op haar. Sommerso, sonder ‘n woord... En hoe meer sy hom van haar wil afstoot, hoe stywer pen hy haar vas”¹⁹⁸. Hierdie tipe mishandeling vind gewoonlik plaas nadat fisiese geweld dit vooraf gegaan het. Dít is dan ook die geval met Randall en Bernie.

¹⁹⁷ Dido 1997:

¹⁹⁸ Dido 1997:59

4.3.2.2.1.3. Grense van tradisie en tradisionele rolle

“As hy haar net so ver kan kry om op te hou werk, sal hy nog meer gelukkig wees... hy wil nie hê dat sy moet werk nie. Hy is dan die man in die huis. Hy is verantwoordelik om die pot aan die kook te hou... Al wat hy kan doen om haar by die huis te hou, is om te sorg dat sy so gou moontlik swanger raak”¹⁹⁹
(onderstreping my eie).

Die aanhaling bo getuig in 'n groot mate van die patriargale, tradisionele siening wat Randall, ten opsigte van 'n man en vrou se rol, het: die man is die broodwinner; die vrou die tuisteskepper. In 'n mate kan Randall, aanvanklik, nie kwalik geneem word vir die engheid van sy siening van dié verskillende rolle nie, want dit is hoe hy grootgeword het, die samelewing waaruit hy kom se siening wat op hom oorgespoel het. Maar aan die ander kant is daar die element van selfsug in die bestending van hierdie siening. Dat dit in 'n mate by Randall ook gaan om selfsug dat hy die rolle wil bevestig, blyk uit die feit dat dit hier gaan om die siening van homself en hoe ander hom sal sien en die bevestiging van sy manlikheid. Verder wil dit ook voorkom of dit by hom gaan oor 'n tipe stille en bedeesde manier van gesag afdwing. Hy wil deur Bernie as huisvrou bewys dat hy vir haar kan sorg en dat hy die hoof van hulle huishouding is. Daar is met die uitlewing van hierdie tradisionele rolle niks verkeerd nie, mits dit nie afdwing word en vir egosentriese redes bevestig word nie.

¹⁹⁹ Dido 1997:34

Dit is veral later in hulle huwelik dat dit by Randall dikwels gaan oor die uitoefening van mag oor Bernie, die bevestiging van sy rol as man, as hoof van die huishouding, eerder as werklike besorgdheid en onselfsugtigheid teenoor haar in haar rol as tuisteskepper. "Soms stry ons en dan maak sy so 'n bohaai dat ek haar so af en toe 'n oorveeg gegee het. Sy wil my nou daaroor los. Maar watter man gee nie so af en toe sy vrou 'n oorveeg nie? Die man wat dit nie doen nie, het sy vrou nie lief nie. Reg?"²⁰⁰. Hierdié verwarde persepsies wat by Randall voorkom ten opsigte van sy mishandeling van Bernie, lei dikwels tot sy regverdiging van sy afbrekende en liefdelose optredes teenoor haar.

"Weet sy dan nie hoe lief hy haar het nie? Weet sy nie hoe dit aan sy manlikheid vreet as sy hom soos 'n melaatse behandel nie?"²⁰¹ (onderstreping my eie). Tog is dit juis ook vanweë die feit dat Bernie nie deur sekere grense wil breek nie, te bang is om deur ander te breek en nie weet hoe om deur ander te breek nie, wat daartoe bydra dat sy wel in 'n mate skuld het aan Randall se deurbreking van sekere grense wat nie oorgesteek moes word nie. Hier wil ek Randall se fisiese mishandeling as voorbeeld voorhou. Ek wil dit baie duidelik maak dat dit nie hier gaan daaroor om die skuld op Bernie plaas dat sy mishandel word nie, geensins. Nog minder word Randall se mishandeling goedgepraat, inteendeel. Hy dra juis die meerderheid skuld aan sy optredes omdat hy 'n keuse maak om daardie grens(e) te deurbreek. Alhoewel Bernie wel in 'n mate daartoe bydra, is sy nie aanspreeklik vir die grense wat Randall oorsteek of nie oorsteek nie. Maar,

²⁰⁰ Dido 1997:175

²⁰¹ Dido 1997:78

indien sy wel haar pad kon oopsien om uit die staanspoor vir Randall te kon laat weet dat sy optredes, sy deurbreking van sekere grense, die mishandeling, nie aanvaarbaar is nie, dan sou dit dalk Randall tot nadenke geroep het, voor hy veilige grense herhaaldelik oorgesteek het. Aan die ander kant word Bernie, deur haar stilsweye, vasgehou binne tradisionele grense wat sy móét oorsteek om vryheid te vind en as mens te ontwikkel.

Soos vroeër vermeld, is daar absoluut niks verkeerd met die behoud en die uitleef van tradisionele geslagsrolle nie, mits dit vrywillig is en nie afgedwing word vir eie gewin nie. Bernie vervul ook teen die einde van haar swangerskap, en daarna, die rol van tuisteskepper en voltydse moeder. Hierdie tradisionele, tuisteskepper-tuisbly-moeder-rol kies sy, en daar is nooit enige aanduiding dat sy dit nie geniet nie. Selfs wanneer die mishandeling en sielkundige aftakeling aan die hand van Randall begin en deel word van haar bestaan, is daar nie enige aanduiding dat sy hierdie rol van tuisteskepper wil verruil en weer gaan werk nie. Sy dink wel daaraan om weer te gaan werk, maar dink eers daaraan nadat sy reeds herhaaldelik mishandel is en omdat sy sal moet om vir haar en haar kind Roderick te kan sorg, sou sy Randall verlaat. Tog is dit juis die vervulling van haar tradisionele rol wat haar hou in hierdie vernietigende verhouding totdat sy hulp soek. Sy is finansieel afhanklik van Randall en in 'n sekere sin hou dit haar gebonde, maar dan is daar ook die feit dat sy nie wil breek met haar tradisionele rol nie: "Dan sal sy ook moet gaan werk en sy sien nie kans om weer in dieselfde

bank te gaan werk nie. En hoe sal sy in elk geval die dinge kan bekostig waaraan sy oor die twee jaar gewoond geraak het?”²⁰².

‘n Ander interessante aspek wat tradisionele rolle in hierdie boek van Dido betref, is die feit dat alhoewel Randall die rol van die tradisionele man wil vertolk, is hy ook die een wat hierdie rol “mismaak” deur sy mishandeling van Bernie, sy vrou, die moeder van sy kind. Hier kan wel aangevoer word dat die voorbeeld wat deur sy pa, as manlike invloed in sy jonglewe, vir hom daargestel was, alles behalwe positief was. Intendeel, die feit dat sy pa (Gerald) sy moeder (Maureen), geslaan het, kan in ‘n mate voorgehou word as oorsaak vir Randall se optredes teenoor Bernie. Hy ken geen ander manier om die probleme tussen hulle op te los nie. Hy het as kind ervaar hoe sy pa sy ma slaan om sy punt af te dwing en sy rol as man van die huis te bevestig. Maar hierdie aspek regverdig nie Randall se mishandeling van Bernie nie. Hy het wel nie ‘n goeie voorbeeld gehad as kind nie, maar ook dít het verander en die slanery hét opgehou. Verder maak hy, Randall, en niemand anders nie, die keuse om sy hand teen Bernie te lig en so die “veilige” en noodsaaklike grens(e) van sy tradisionele rol van beskermer, broodwinner en hoof van sy huishouding te deurbreek, ten koste van homself, sy waardigheid, sy vrou én sy kind.

²⁰² Dido 1997:81

4.3.2.3. Trauma en grensdeurbreking

Waar daar veral hier²⁰³ gelet is op die verskeie grense wat Bernie-hulle deurbreek, moet daar in gedagte gehou dat die hele aspek van deurbreking en beweeg buite bekende grense dikwels gepaard gaan met trauma.

“Trauma can be defined as an event that overwhelms the individual's coping resources. Traumatic situations are those in which the person is rendered powerless... These experiences are unusual and out of the ordinary, and do not constitute part of the normal course of life”²⁰⁴.

Dit is inderdaad so dat die geweld en die gepaardgaande trauma daarvan, Bernie hulpeloos en ook besluiteloos laat. Omdat sy nie weet hoe om die situasie te hanteer nie en ook nie wil hê dat dit weer moet gebeur nie, begin sy in 'n waas van vrees, maar ook stille woede leef. Dit is veral van belang hier dat dit juis by die oorsteek en deurbreek van sekere grense in haar lewe is, dat Bernie ook blootgestel word aan trauma. Dit is traumaties om die onbekende te moet ingaan, dit wat “bekend” geword het (mishandeling) die rug op te keer, maar ten spyte van die trauma daaraan verbonde, beweeg Bernie uiteindelik oor die grense wat deurbreek moet word.

Wat verder aansluit by die idee van trauma en grensdeurbreking, is 'n aspek van drie soorte “oomblikke” wat ek hier identifiseer en waarby ek hier wil stilstaan.

²⁰³ Met verwysing na die afdeling in geheel en nie slegs die onderafdeling oor trauma nie

²⁰⁴ Hamber & Lewis 1997:1

Die eerste is dié van die voorlopers wat die grens deurbreek. Dit ontstaan die oomblik waar dit gaan om die beywering vir die deurbreking van 'n spesifieke grens op 'n bepaalde tyd. Daar kan gepraat word van 'n soort "baanbrekers-oomblik", die wegwysers na die nuwe ruimte. Ten tweede is daar wat genoem kan word die tussen-in-oomblik, buite die ou ruimte en op die drumpel en selfs al 'n ent die nuwe ruimte, die deurbreke grens, deur. Hierdie ruimte is ook in 'n mate 'n baanbreker deur die feit dat dit gaan om, die geopende grens wat oorgesteek word, waar daar nuwe "plek" gevind moet word. Derdens is daar die oomblik wat ontstaan na afloop van die eerste en tweede fases van grensdeurbreking, dit wat ná die eintlike deurbreking en vestiging kom.

Wanneer ek dink aan Bernie as karakter, dan wil dit voorkom asof sy in elk van hierdie drie kategorieë pas, op verskillende oomblikke. Sy is in die opset van haar huwelik die voorloper wat die stopsit van die mishandeling betref: sy is die een wat die maatskaplike werkster gaan spreek en die bal aan die rol sit om die ruimte van mishandeling te verlaat, die grens van aftakeling oor te steek na vryheid daarvan. In 'n ander opsig is sy die een wat haar in die tussengebied, die tussen-in-ruimte bevind, want sy is nie seker wat om te verwag nie, en hierdie aspek is geweldig traumaties vir haar. Wat verder bydra tot die trauma wat sy in hierdie tussen-in-ruimte ondervind, is Randall se houding en optrede²⁰⁵.

Alhoewel hy haar nie meer fisies mishandel nie, is daar die verbale en sielkundige mishandeling en sy ontrouheid wat haar verder traumatiseer. Wat die derde ruimte betref waarna vroeër verwys is: dit ondervind Bernie as net so

²⁰⁵ Met verwysing hier na die tydperk nadat Bernie die grens van swyg deurbreek het en 'n interdik teen Randall gekry het.

traumaties. Sy bevind haar nou in daardie gebied waar die grense deurbreek is, die tussen-in is verby en nou gaan dit om die ruimte vorentoe: gaan haar en Randall se huwelik gered kan word? Gaan die terapie help? Of gaan hulle ongebore kind buite die kring van die huwelik grootword? In al hierdie ruimtes sien ek Bernie en die trauma wat sy in elk ervaar.

Wat interessant is en ook aansluiting vind by die bogenoemde aspek van drie verskillende soort ruimtes wat ek hier identifiseer wat grensdeurbreking betref, is die idee van ontheemding en verplasing. Waar dit gaan om die ontworteling van die self, die verplasing vanuit bekende ruimtes, veral wat Bernie betref, dan besef mens die trauma van so 'n stap, hoe noodsaaklik dan ook al - soos in die geval van Bernie en die mishandeling wat sy moes ontvlug, waaruit sy haarself en hulle kind móés verplaas. Die ontheemding kan ook gesien word as tweeledig: aan die een kant is daar die gewillige ontheemding, die gewillige verskuiwing, 'n positiewe aspek. Hierdié aspek is te vinde in Bernie se skuif van Aloveale na Victoria Park na die troue, sy doen dit met afwagting, opgewondenheid en vrywilliglik. Aan die ander kant is daar wat beskou kan word as die negatiewe sy van ontheemding; die ontworteling en die gepaardgaande trauma. Hierdié gesig van ontheemding maak Bernie mee kennis deur die mishandeling wat sy aan die hand van Randall beleef. Sy word as 't ware onthoem van die (aanvanklike) rustige en gelukkige ruimte van haar huwelik na 'n ruimte waar sy by tye nie meer seker is oor wie sy is nie, en hierdie ontworteling is aan die hand van iemand wat sy ontsettend liefhet. 'n Ander

aspek van die trauma hiëraan verbonde is die feit dat Bernie dan moet besluit of sy voortgaan in die ruimte, of haarself verplaas, vrywilliglik ontwortel, om te oorleef, fisies en emosioneel. Juis hierdie aspek van besluitneming, die wroeging oor watter kant toe, belig verder die trauma wat ongetwyfeld verbonde is aan beide ontheemding en verplasing.

4.3.2.4. Marginaliteit

Stel die sentrum (altyd) die marge vas, of word die sentrum juis (dikwels) deur die marge gedefinieer? Wie stel die marge vas? Wie bepaal die sentrum?

Waarom die onderskeid tussen marge en sentrum? Waar daar gelet word op die konsep van marginaliteit, kom mens voor 'n magdom vrae te staan wat roep om antwoorde in die hoop om die "duisternis" van marginaliteit te ban.

In hierdie onderafdeling sal veral gelet word op die karakter van Bernie en die verskeie marginale ruimtes waarmee sy omgaan om lig te werp op die konsep van marginaliteit soos aangetref in hierdie boek van Dido.

4.3.2.4.1. Marge: van Aloveale na Victoria Park

"Randall is net bly dat hy vir Bernie uit Aloveale gekry het. Volgens hom moes sy nooit die binnekant van daardie plek gesien het nie"²⁰⁶.

Soos vroeër vermeld, tree die marge dikwels in dialoog met die sentrum, juis weens die strydige aard van hierdie ruimtes. Bernie beweeg vanaf Aloveale, wat gesien word as die marge deur diegene wat in die meer gegoede buurte soos

²⁰⁶ Dido 1997:33

Victoria Park woon, om haarself ook in die sentrum, in Victoria Park, te vestig. Tog, waar sy haarself in die sentrum, Victoria Park in hierdie geval, bevind, ondervind sy 'n ander tipe marge, 'n marge binne die sentrum. Hierdie aspek van 'n marge binne die sentrum ondervind sy deur die afsydigheid en eenkant-houding wat die inwoners in Victoria Park openbaar. Dit kom veral vir haar voor waar sy tydens 'n mishandeling-episode gaan aanklop by verskeie wonings, sonder dat enigeen haar hulp aanbied. Hierdeur bevind sy haar op die rand, uitgestoot na die marge, 'n nuutgeskepte marge binne die sentrum.

Ook aan die hand van Maureen, haar skoonmoeder, ondervind sy dikwels dat sy (Bernie), waar sy ook nou binne die grense van die sentrum beweeg as Randall se vrou, subtiel herinner word aan haar beweging vanaf die rand na die sentrum. Interessant hier is dat ons aflei uit iets wat Randall se vader aan sy vrou, Maureen, sê, dat sy self vanuit 'n arme gemeenskap, 'n gemarginaliseerde groep, na die sentrum beweeg het, toe sy met Randall se pa getroud is: "Haai soeka, Maureen. Jy vergeet dat jou pa én ma net so diep in die bottel gekyk het. Maar ons vergeet nou daarvan"²⁰⁷. Derhalwe sou mens dink dat sy van alle mense baie meer begrip sou hê vir Bernie, haar situasie en haar aanpassing by die sentrum, maar dit is ongelukkig nie so nie.

Interessant hier omtrent Victoria Park en sy inwoners wat hulle in die sentrum bevind en roem daarin deur hulle optredes, is die feit dat dit as woonbuurt tydens die Apartheidsregime ook 'n plek van marge was. Die inwoners is destyds op

²⁰⁷ Dido 1997:16

grond van hulle velkleur uitgestoot tot die marge van die samelewing; alhoewel dit "verhewe" was bo die ander arme woonbuurte, was dit nes hulle, een van die marge. Gesien in hierdie lig wil dit dan voorkom asof daar van Aloveale en sy inwoners van 'n dubbele marginalisering gepraat kan word. Nie net gemarginaliseerd op grond van velkleur deur die voormalige regering nie, maar ook deur hul "eie mense", diegene behorende tot dieselfde rasgroep, op grond van klas en status.

Wat verder die idee van Bernie as gemarginaliseerde na vore bring, is dat sy onder 'n groep tel wat dikwels gesien word as diegene wat op die rand verkeer: mishandeltes. Juis die stigma en marginalisering wat met mishandeling gepaard gaan, kan aangevoer word as rede waarom so baie stilbly daaroor. Eerder in stilte verduur en binne 'n kring bly, as om onderwerp te word aan die eensaamheid en onbekende ruimte van die marge, want selfs binne die kring van die gemarginaliseerdes is daar die uitskuif na die rand. Bernie word mishandel omdat sy vrou is. Omdat Randall, as man, fisies sterker is. Juis vanweë hierdie fisiese "ongelykheid" is die vrou (Bernie) in 'n nog meer magtelose posisie.

Bernie bevind haarself dus as mishandelde vrou op 'n marge binne hierdie sentrum waarheen sy haarself verplaas het. Dit is juis op hierdie marge waar sy lewensveranderende besluite moet neem, vir haarself, vir haar kind, vir haar man, vir haar huwelik. Dit is ook hierdie marge wat Bernie aanvanklik as verskriklik eensaam en onheilspellend ondervind. Eensaam omdat sy voel sy nie

durf laat blyk van die mishandeling waaraan sy onderwerp word nie, onheilspellend omdat dit vir haar onbekende terrein is. Mishandeling is iets waarmee sy nie grootgeword het nie, iets wat sy nie in haar ouers se verhouding waargeneem het nie, en 'n aspek, soos vroeër vermeld, wat sy nooit kon droom deel van haar huwelik sou uitmaak nie. Hierdie marge se grense deurbreek sy om vir haarself 'n "veilige" ruimte te skep wanneer sy haar vriendinne inlig omtrent die ware toedrag van sake in haar huwelik wat die mishandeling deur Randall betref, wanneer sy die stilte verbreek. Interessant is ook dat sy as mishandelde en gemarginaliseerde hier fungeer as hoofkarakter en in 'n sekere sin hêrdeur, gemarginaliseerdes op die voorgrond skuif, 'n "ander" soort sentrum vir hulle skep.

4.3.2.5. Liminale ruimtes

"...[liminal space] a marginal, ambiguous space ..." ²⁰⁸ (alle onderstreping my eie).

Interessant hier is dat die woord "liminaal" afgelei is van die Latynse woord "limen" wat drumpel beteken. Ingang sowel as uitgang, en interessant is dat 'n tweeledigheid, 'n teenstrydigheid ook, wat die liminale betref, waargeneem kan word. Nie behorende tot óf die marge óf die sentrum nie, maar eerder 'n drumpel tussen die twee, met eienskappe geleen by elk. Die konsep van die liminale ruimte hou sterk verband met die aspek van grense, juis omdat die liminale ruimte ontstaan by die grense van die marge en die sentrum.

²⁰⁸ Phillips 1997:13

“Liminality represents ‘the possibilities... of standing aside not only from one’s own social position but from all social positions and of formulating a potentially unlimited series of alternative social arrangements’. What is most interesting for our purposes, then, is how this ‘ritualized move into liminality’ that we are calling border crossing becomes a site in which the border subject often discovers the cultural creativity and cultural authority to formulate new models, symbols, and paradigms”²⁰⁹.

Dit is waar Bernie haar bevind na haar troue met Randall: tussen twee verskillende wêreldes, selfs opponerende ruimtes; (relatief) ryk en arm, snobisme en aardsheid, eenvoud en weelde, oorvloed en tekort. Alhoewel sy haar nuwe ruimte in die sentrum in Victoria Park geniet, is daar tog die hunkering na die eggenenskap van die ruimte van die marge, Aloveale, wat sy agtergelaat het. Sy bevind haar in ‘n soort “tussengebied”, en al behoort sy nou nie meer tot die een (Aloveale) nie, is sy ook nie heeltemal geïntegreer by die ander nie. Sy bevind haar as ‘t ware op die rand, die grense van beide hierdie ruimtes, ‘n “nuwe” gebied, die liminale ruimte.

Waar sy later onderwerp word aan mishandeling deur haar man Randall, word haar plek in hierdie liminale ruimte verder belig. Die feit dat sy nie weet watter kant toe nie, getuig verder van die onbekendheid van die ruimte waarin sy haar bevind. Sy is ware in ‘n soort tussengebied van bly of wegbeweeg van die bron van mishandeling. Bernie is egter so getraumatiseer deur die gebeure, die

²⁰⁹ Henderson 1995:5

mishandeling sowel as die ontnugtering van die onbekende ruimte waarin sy haar bevind, dat sy nie weet watter kant toe nie. Waar sy wel die keuse(s) maak om deur die stilbly te breek, bevind sy haar weer in die liminale gebied, en deur hierdie ruimte te betree gee sy stem aan die mishandeltes as gemarginaliseerdes, gee sy veral aan haarself 'n stem wat Randall dwing om werklik na haar (en haar pleidooie) te luister. Dit word dan 'n soort "kreatiewe" ruimte, die ruimte waar dinge gebeur. Eers wanneer sy haarself buite bekende ruimtes, of dit nou die sentrum of marge is, bevind, sien sy dat dinge verander. Sy bevind haarself juis tussen die twee opponerende ruimtes (sentrum en marge) waaraan sy gewoonnd geraak het, en dit kom eers ná haar beweging deur die grens(e) van rugdraai en stilbly.

"In recent years hybridity, indeterminacy and in-betweenness have come to be celebrated as spaces of radical openness that refuse to embrace essentialist myths of origin and totalizing narratives of ethno-nationalism... They are part of a conceptual vocabulary that signals the fluidity, contingency, and diversity of cultural identities..."²¹⁰

Die aspek van die liminale ruimte wek ook die gedagte van 'n tipe tydelike grensloosheid. Hier ook is Bernie 'n voorbeeld van een wat haar op verskeie oomblikke in tydelike grensloosheid bevind, dikwels juis deur haar besluitloosheid en die trauma wat sy ervaar met die grensgebied. Wanneer sy

²¹⁰ Grunebaum & Robins 2001:169

dan keuses maak, kom hierdie grensloosheid tot 'n einde, en het sy in 'n "nuwe" ruimte inbeweeg óf selfs die oue weer omarm.

4.3.2.6. Ten slotte

Hierdie ondersoek na die kwessie van grense in Dido se *Rugdraai en Stilbly* (1997), was daarop gemik om aan te dui hoe die verskillende ruimtes en die grense daaraan verbonde verstrengel is in die menslike bestaan. As individue verskil ons van mekaar en so ook die fisiese en psigiese ruimtes waarin ons ons op verskillende oomblikke van ons lewens bevind. In hierdie ondersoek het dit veral gegaan om die grense in die lewe van die hoofkarakter, Bernie, as mishandelde vrou, die uitwerking van beweging van een ruimte na die ander op haar identiteit, die spanning van 'n "tussengebied" en die traumas van die deurbreking van grense.

Kortliks iets omtrent die slot: soos met Dido se vorige roman, *Die storie van Monica Peters* en ook die een wat gevolg het op *Rugdraai en stilbly*, naamlik *'n Stringetjie blou krale*, is die slot van hierdie boek ook "oop". Hierdeur word bedoel dat die slot nie 'n klinkklare antwoord bied wat Bernie en Randall betref nie, maar veel eerder 'n hoopvolheid suggereer. Die leser is dus vry om self 'n slot in te lees en die moontlikhede wat gesuggereer is, te verwesenlik.

4.3.3. 'n Stringetjie blou krale²¹¹

In 2000 sien 'n *Stringetjie blou krale*, Dido se derde roman, die lig. Die stem in die boek is weer, soos in haar voorafgaande romans, dié van 'n vrou. Dis die stem van 'n vrou wie se lewe en werk 'n waaragtige verstaan van die soeke, vind en konstruksie van 'n eie ruimte en identiteit verbeeld.

In hierdie aangrypende boek van Dido kom die leser te staan voor die wrede werklikheid van rassisme en die verwickeldheid om 'n leefbare ruimte en oortuigende identiteite vir die "gekonstrueerde hibried"²¹², Nomsa/Nancy, te skep. Die roman beweeg tussen opponerende kulture en in verskillende ruimtes op verskeie oomblikke. Hierdie beweging beïnvloed ongetwyfeld die identiteite van Nomsa/Nancy, maar dit illustreer terselfdertyd ook die vloeibaarheid wat die konsep van identiteit betref en so word die leser bewus van hoe Nomsa/Nancy tussen die verskeie identiteite beweeg, dit verbind, ontken en aan neem. Nomsa beweeg tussen, weg van en terug na verskeie ruimtes en identiteite in haar soeke na wie sy is en waar sy hoort. Dit herinner aan Erasmus se tweede pilaar²¹³ in haar betoog oor identiteit waar sy aanvoer dat: "... coloured identities are distinguished not merely by the fact of borrowing per se, but by cultural

²¹¹ Hierdie onderafdeling (4.3) het (gedeeltelik) as 'n hoofstuk, in Engels, in Viljoen 2004 verskyn

²¹² Hier word gepraat van 'n gekonstrueerde hibried omdat Nancy as (swart) Nomsa gebore was, maar deur verskeie stappe getransformeer is tot (gekleurde) Nancy. Sy is dus 'n hibried deur konstruksie.

²¹³ Erasmus identifiseer 4 pilare in haar argument aangaande gekleurde identiteite, hier word verwys na die tweede pilaar soos te vind in: *Coloured by History, shaped by place* (2001)

borrowing and creation under the very specific conditions of creolization”²¹⁴ (alle onderstreping my eie).

Hier word beoog om ‘n indringende blik te werp op verskeie ruimtes wat Nomsa/Nancy, die hoofkarakter, by verskeie oomblikke van haar lewe, betree, sowel as die verskeie identiteite wat aangeneem en geproduseer word deur haar in die “tussen”- ruimtes wat sy beset.

“The politics of location brings forward a whole host of identification and associations around concepts of place, placement, displacement; location, dislocation; memberment, dis-memberment, citizenship, alienness; boundaries, barriers, transpositions; peripheries, cores and centres. It is about positionality in geographic, historical, social, economic, educational terms. It is also about relationality and the ways in which one is able to access, mediate or reposition oneself, or pass into other spaces given the circumstances”²¹⁵.

4.3.3.1. IDENTITEIT EN RUIMTE VAN DIE “GEKLEURDE” PERSOON AS GEKONSTRUEERDE HIBRIED IN DIDO SE ‘n Stringetjie blou krale

Die “Gekleurdes” van Suid-Afrika spog met ‘n kleurvolle en diverse verlede. Hulle verlede is een wat wyd nagevors is en ‘n onuitputlike onderwerp van bespreking en debattering is. Hulle diversiteit lê opgesluit in die feit dat hulle behoort tot verskeie groepe, hulle “vermenging” is meer as net ras – en tog het hulle ‘n

²¹⁴ Erasmus 2001:16

²¹⁵ Boyce-Davies 1994:153

outentieke identiteit. Hierdie aspek word geïllustreer deur Venter waar hy aandui dat: "From where do the Coloured people of South-Africa come – who were their progenitors? Opinions differ and the question itself may even lead to an emotional political discussion... For many years a formidable and polyglot array of 'experts' – qualified or otherwise – have sought to clarify this issue... What is true is that few communities in the world can claim origins as disparate, widespread and complex as the South African Cape Coloured... In fact, the average Coloured, whether we meet him in the country or the town, is South African. What else could he possibly be?"²¹⁶.

In opvolgende paragrawe sal hierdie aspekte van diversiteit en kompleksiteit, soos geïllustreer deur Venter se bogenoemde aanhaling, ondersoek word by wyse van 'n analise van Dido se *'n Stringetjie blou krale*. Daar word gehoop dat 'n indringende bespreking van Nomsa/Nancy se lewe, die "Gekleurde" vrou en haar konstruksie van identiteit en ruimte, die verskillende aspekte aangaande identiteit en ruimte sal belig.

4.3.3.2. NOMSA/NANCY EN DIE RUIMTES WAT SY BESET

"Dis eenvoudige klein krale. Gare wat seker eens op 'n tyd wit was en nou swarterig en smetterig lyk, is as rygstring gebruik. Iets krewel in my gedagte. Iets wat ek wil-wil onthou"²¹⁷.

²¹⁶ Venter 1974:13

²¹⁷ Dido 2000:21

Hierdie boek deur Dido vertel die storie van 'n vrou (Nomsa/Nancy) wat grootword in 'n kraal in 'n laer in Transkei²¹⁸. Toe sy omtrent nege jaar oud was, verlaat sy die kraal, met die seën van en van aandrang van haar biologiese moeder, om by 'n Kleurlingfamilie in die dorp te gaan woon, om sodoende 'n opvoeding te bekom. Siena, haar aanneemma laat haar as Kleurling klassifiseer sodat sy die Kleurlingskool kan bywoon. Sy word Afrikaans geleer en ook die manier van doen en die kulturele praktyke van die Kleurlinge. Met verloop van tyd word sy meer en meer "Gekleurd"/Kleurling tot nadeel van haar swart herkoms. Siena en Jan, saam met Nomsa/Nancy, verhuis²¹⁹ Kaapstad toe waar sy 'n verpleegkundige word, met Bennie trou, self 'n moeder word en byna heeltemal van haar swart verlede vergeet. Dan word sy geteister deur nagmerries wat sy nie kan ontsyfer nie en dit lei uiteindelik tot die algehele ontbinding van haar huwelik en forseer haar om "besoek te bring" aan haar verlede en dit aan te neem as deel van wie sy geword het. Na 'n besoek aan Transkei, soos aangesê deur Sisi Radebe (die sangoma), om die grafte van haar moeder en ook haar familie in die kraal te besoek, is dit vir haar moontlik om "heelheid" te vind.

By 'n sleuteloomblik in haar grootmenslewe, besef Nomsa/Nancy dat indien sy nie haarself fisies "displace" nie deur terug te keer na die kraal, die laer van haar biologiese ouers, sy nooit werklik haar "plek" of haarself (identiteit) sal vind nie.

²¹⁸ Transkei is een van die voormalige "onafhanklike" TBVC-state wat onder die SA regering gestaan het tot en met 1976 toe dit onafhanklikheid verkry het. Die TBVC-state was: Transkei, Bophutatswana, Venda en Ciskei. Vandag is Transkei by Suid-Afrika ingelyf en maak deel uit van die Oos-Kaapprovinsie.

²¹⁹ Hierdie verhuising van Nomsa/Nancy en haar aanneem-ouers word genoodsaak deur die finansiële swaarkry wat deur talle, beide wit en swart, in Transkei ondervind word, na hierdie voormalige TBVC staat onafhanklikheid verkry het in 1976. Die tekort aan werkseleenthede forseer Nancy se ouers om na die Kaapse Vlakte te verhuis. In hierdie boek werk Dido baie gevat met hierdie aspek (p.101-112).

Verder beseef sy ook dat totdat sy nie vrede gemaak het met haar verliese en beide fisies en geestelik tot daardie plek van aanvaarding en vergifnis kom nie, sy nooit 'n oomblik se vrede sal geniet of 'n soort "heelheid" of 'n ware identiteit sal ervaar nie.

4.3.3.2.1. NOMSA/NANCY EN DIE GEOGRAFIESE RUIMTE:

"Ek het agter die huis gaan sit en skielik geweet dié wêreld is baie, baie ver van die laere af"²²⁰.

Hierdie verwysing na haar twee wêreldes²²¹ as wêreldes uitmekaar reflekteer nie net die fisiese, geografiese ruimte of afstand nie, maar ook, en meer so, verwys sy na die manier waarop hierdie opponerende ruimtes van mekaar verskil.

Sy vind haarself vasgevang tussen verskeie ruimtes en die invloed daarvan op haar identiteit, haar wees en haar geestesgesondheid. Sy beseef dat indien sy haar lewe wil voortsit in die ruimte van "Gekleurde" Nancy, om te oorleef en 'n vervulde lewe te lei, en ook om buite hierdie ruimtes te beweeg om as individu te groei, sal sy moet teruggaan op haar spoor om die krale terug te vind wat sy verloor het tydens haar beweeg tussen die verskeie ruimtes wat sy in haar lewe beset het. Sy ontdek dat sy sal moet teruggaan tot by die kraal in die laer in Transkei, van haar kinderdae om al die krale te kry wat sy weggesmyt het soos

²²⁰ Dido 2000:78

²²¹ Met verwysing na haar wêreld van die kraal in laer waar sy vroeër gewoon het en later die dorp waar sy saam met haar aanneemouers woon.

sy in ander ruimtes en identiteite ingegroei en haarself van haar herkoms afgesny het.

Die traumatiese aspek van ontheemding in Nomsa/Nancy se lewe is mees opsigtelik in die nagmerries in haar lewe. Dit is op hierdie terrein dat sy, met die hulp van Sisi Radebe, besef watter impak die verskeie oomblikke en ruimtes van ontheemding op haar lewe gehad het. Sy het soveel van haarself en haar bekende ruimtes prysgegee, vrywilliglik en ook onwilliglik, en moes met die ontheemding en vervreemding wat dit in haar lewe teweeg gebring het, omgaan. Hierdie ontheemding word ervaar as 'n vermenging van fisiese, geografiese ruimtes en emosionele en ideologiese aspekte wat betekenis aan die fisiese ruimtes toeken.

4.3.3.2.2 HERINNERING EN GEBONDENHEID AAN GEOGRAFIESE RUIMTE

Nomsa/Nancy se beweging tussen ruimtes is vir die grootste deel ruimtelik, maar die simboliese ruimtes waarvan sy haarself moes losmaak, ander wat sy moes aanneem en andere wat sy moes integreer in haar konstruksie van leefbare ruimte en identiteit, is hier betekenisvol.

Dit is interessant om te let daarop dat Dido se boek begin met die gedagtenis van en die gebondenheid aan geografiese ruimte. Daar is die onmiddellike bekendstelling aan 'n gerekonstrueerde ruimte van die hoofkarakter, Nomsa/Nancy, by wyse van nagmerrie(s).

“ ‘Help! Asseblief, enigiemand! Help my!’ My stem is al skor geroep en gepleit. Maar daar is niemand nie. Ek en die naamlose dreigende gevaar is alleen op die klipperige heuwel met die geil doringbome... Met ‘n sug van verligting draai ek na hom en klou hom vas. Dit was toe net ‘n droom!’²²².

Die leser leer dat hierdie nagmerries ‘n paar maande reeds vir Nomsa/Nancy teister. Hierdie “droom”-ruimte is van kardinale belang vir Nomsa/Nancy in haar soeke na ‘n herontdekking van haar verlede, ‘n integrale deel van haar identiteit, ‘n vergete en dikwels onderdrukte deel van wie sy is. Hierdie onderdrukking van die Swart aspek(te) van haar identiteit het willekeurig asook onwillekeurig plaasgevind aan die hand van haar biologiese moeder en aanneem-ouers.

“Dis hoe ek Nancy Hendricks geword het. Sonder my toestemming. Sonder my ma’s se wete of toestemming. Teen die einde van my eerste jaar in die dorp was ek ‘n bruin mens’²²³. “Ek was te behep met die nuwe ‘ek’. Ek wou soos die bruin mense wees en alles vergeet van my lewe in die kraal en van die mense in die laer’²²⁴. Hierdie is maar twee voorbeelde van die manier waarop Nomsa/Nancy se onderdrukking van haar “swartheid” plaasvind beide met en sonder haar toestemming.

Nomsa/Nancy se herinneringe aan haar ruimtes van die verlede, as ‘n kind in die kraal met haar laer se mense, is versteur deur haar oorgang van Swart Nomsa

²²² Dido 2000:7-8

²²³ Dido 2000:90

²²⁴ Dido 2000:95

na "Gekleurde" Nancy. Daardie geografiese ruimtes wat sy beset het, is deur haar geheue herskep en vir die grootste gedeelte is dit gemaak tot iets om haar oor te skaam, iets om te verloën. Maar dit is juis die probleem vir Nomsa/Nancy, want alhoewel die geheue die geografiese ruimtes herskep wat sy beset het, vee dit nie haar beleefde ondervinding uit nie. Die willekeurig onderdrukte ruimtes en dele van haar identiteit kom in haar nagmerries na die oppervlak as 'n ruimte waar hierdie aspekte aangespreek word en integrasie gesoek word. Nie totdat sy dié ruimte van herinnering herbesoek en erkenning gee aan die gebondenheid daarvan aan geografiese ruimte, sal dit vir haar moontlik wees om sinvol in en tussen die verskeie ander ruimtes wat sy beset, te beweeg nie. Dít doen sy met die hulp van die sangoma sisi Radebe, en deur haar onderneming van 'n fisiese reis, terug na die kraal van haar biologiese familie.

Wanneer sy terugkeer van haar besoek aan Transkei, 'n besoek waartydens sy ruimtes en identiteite van haar verlede herontdek, ervaar sy 'n soort heelheid. Hierdie heelheid kom deur die erkenning van haar verlede, die aanneming en insluiting daarvan in wie sy geword het. Die nagmerries hou op en sy droom, 'n vreedsame, nie-bedreigende droom as 'n aanduiding dat haar reis na en deur ou en bekende, maar vergete en verstote identiteite en ruimtes, suksesvol was.

4.3.3.2.3. SIMBOLIESE RUIMTE – SENTRUM VS MARGE

Nomsa/Nancy beweeg vanaf die vergeleë rand na dit wat sy as sentrum ervaar, net om uit te vind dis 'n ander marge. 'n Marge wat sy ervaar as dit wat effens

nader aan die sentrum is. Die skuif is vanaf Nomsa op die rand wees, as swart kind in die laer, na Nancy, die "Gekleurde" kind van Jan en Siena Hendriks en later die vrou van Bennie Karelse. Hierdie skuif deur Nomsa/Nancy dui op die graduele verskille binne die marge.

Baie soos die opponerende aard van die sentrum en die periferie is die lewe van Nomsa/Nancy, as Swart en "Gekleurde" persoon. Die ruimtes van haar lewe in die kraal en in die dorp, is ver verwyderd van mekaar en om 'n aanhoudende dialoog tussen die opponerende ruimtes waarin sy haarself bevind, te vermy, onderdruk sy die ruimte van die kraal en neem die lewe as "Gekleurde" Nancy aan en so probeer sy swart Nomsa na die marge stoot. Maar dit is duidelik uit die aanhoudende nagmerries wat sy as volwassene ervaar, dat die dialoog tussen die sentrum en marge altyd teenwoordig is, juis deur hulle bestaan en opponerende aard. Nomsa/Nancy vind dat sy nie werklik tot die sentrum of die marge behoort nie, maar eerder tot die ruimte wat geopen is deur die dialoog tussen die twee.

4.3.3.2.4. NOMSA/NANCY EN DIE LIMINALE RUIMTE

Die hoofkarakter in die boek, Nomsa/Nancy, word in die "tussen-in"²²⁵ ruimte geplaas na haar oorgang en transformasie as kind, vanaf swart Nomsa, na "Gekleurde" Nancy. Sy is nie meer swart nie, maar sy is ook nie waarlik "Gekleurd" nie. Nomsa/Nancy het beweeg vanaf swart Nomsa wees na

²²⁵ Hierdie "tussen-in" toestand van die liminale ruimte word hier gesien as daardie ruimte anderkant die sentrum en marge. Dit is nie 'n ruimte wat vasgevang sit tussen die opponerende ruimtes van die sentrum en marge nie, maar 'n ruimte wat anderkant die grense van beide die sentrum en marge is.

“Gekleurde” Nancy en om Nancy te wees moet sy Nomsa se identiteit onderdruk. Aanvanklik is hierdie onderdrukking byna onmoontlik want alle opvallende identiteitsmerkers dui op haar “swartheid”. Sy kan die “vreemde” taal, Afrikaans, wat die mense van die dorp besig, aanvanklik nie praat of eens verstaan nie. Wanneer Joyce McKerry, die dogter van Siena se bure, probeer kennis maak met haar, word haar onvermoë om Afrikaans te verstaan óf te praat, duidelik: “Tjank as jy wil tjank!” het sy op my geskree. Hierdie keer het sy woorde met handgebare opgevolg, en ek kon raai dis omtrent wat sy gesê het. Ek het net my kop geskud en niks gesê nie. Dit was duidelik dat sy nie my taal kon praat nie en ek het nie geweet hoe om vir haar met my hande te verduidelik dat mens nie vir als huil nie²²⁶. Wanneer haar moeders²²⁷ haar by Siena agterlaat, word hierdie ruimte tussen sentrum en marge, of eerder tussen marge en sentrum van ‘n ander marge, waarin sy haarself bevind, belig. Sy word by mense agterlaat wie se taal sy nie verstaan nie en wie se kulturele tradisies²²⁸ in skerp kontras staan met dit wat sy aan gewoond is.

Nomsa/Nancy beset daardie ruimte wat deur Erasmus beskou word as ‘n besondere brose ruimte. Die broosheid van hierdie ruimte lê opgesluit in die feit dat sy nie behoort tot enige van die opponerende ruimtes van sentrum of marge nie. Vanweë haar oorgang van swart Nomsa na “Gekleurde” Nancy, pas sy nie meer in die ruimte van haar “swartheid” nie, maar terselfdertyd pas sy ook nie

²²⁶ Dido 2000:57

²²⁷ Nomsa het twee (swart) moeders gehad, haar biologiese ma (Ma Omncinci), haar vader se tweede vrou, en haar “ander” moeder, Mam’omkhulu, haar vader se eerste vrou. Volgens hulle kulture tradisie word albei vroue as haar moeder aanvaar.

²²⁸ Voorbeelde sluit in: in die kraal praat die kinders nie teë nie (veral teenoor meederes), maar in die dorp aanskou sy hoe Joyce haar moeder teëpraat. Die dorpenaars koop hout en gaan nie uit en soek hout nie. Sy sien ook dat die vroue se hare lank is en nie bles soos die vroue in die kraal nie.

regtig in by die “gekleurdheid” nie. Wanneer Nomsa/Nancy die kraal besoek met haar “Gekleurde” ma, Siena, is haar oorgang, haar skuif vanaf die marge wat sy as swart Nomsa beset het na die liminale ruimte wat sy as Nancy beset, duidelik: “Ek was bly om weer in die laer en in ons kraal te wees, maar nie oor dieselfde rede as antie Siena nie. Ek wou net by almal met my voorkoms spog. En ek het. Nog meer toe my susters nie hul oë van my linte kon wegdraai nie...maar ek het nie in die hutte gegaan nie... Die binnekant van die hut was vir my te donker en kaal”²²⁹. Nomsa/Nancy het beweeg vanaf een (ras)-gedefinieerde groep tot ‘n ander.

Nomsa/Nancy word as kind in die “tussen-in” ruimte ingedruk, maar op die brose ouderdom van nege jaar verstaan sy nie die verwickeldheid wat gepaard gaan met die besetting van ‘n ruimte wat so verwyderd is van dit waaraan sy gewoond is nie, of om daaraan bekend gestel te word in die vorm van die “Gekleurde” identiteit. Die oomblik toe sy sprakeloos is, toe sy in die dorp aankom om by Siena en Jan te woon, kan gesien word as ‘n liminale moment, maar vanweë haar brose ouderdom neem sy onmiddellik die “Gekleurde” identiteit aan om die “swart” identiteit, wat sy afgelê het, te vervang. Dit is eers na haar nagmerries, as volwasse vrou, dat sy werklik en meer bewustelik in hierdie liminale ruimte in beweeg. Hierdie keer kan sy nie wegvlug van hierdie vreesaanjaende ruimte nie, want haar heelheid hang daarvan af dat sy haar plek, haar identiteit, in hierdie liminale ruimte vind. Daar is geen ander ruimte waarheen sy kan vlug nie, want sy hoort nie langer tot óf die sentrum van die “Gekleurde” marge wat sy as Nancy

²²⁹ Dido 2000:85

beset het, óf die marge van swart Nomsa nie. Dit is in hierdie ongedefinieerde en hoogs kreatiewe ruimte dat sy ware vryheid en 'n waaragtige gevoel van self ervaar. In hierdie ruimte word Nomsa/Nancy se identiteit nie vasgestel deur óf sy swart Nomsa óf "Gekleurde" Nancy óf Siena en Jan se dogter óf Bennie se gewese vrou óf Jean en Vicky se moeder, in hierdie ruimte is sy wie sy kies om te wees: Nancy Nomsa Karelse.

4.3.3.3. KONSTRUKSIE VAN IDENTITEIT EN OOGLOPENDE IDENTITEITSMERKERS IN DIDO SE BOEK

Soos vroeër aangedui, het identiteitmerkers te doen met die tasbare aspekte van die daaglikse lewe. Hierdie merkers dui sekere aspekte aangaande ons identiteit aan wat sigbaar is vir ander en onself en nie noodwendig die "werklike" persoon weerspieël nie, maar kan, soos in die geval van Nomsa/Nancy, eerder dui op iets gefabriseer en gekonstrueer. Hierdie merkers en ander aspekte aangaande die konstruksie en problematiek rondom identiteit sal in die opvolgende paragrawe ondersoek word.

4.3.3.3.1. DIE DILEMMA VAN "GEKLEURDE" IDENTITEIT: NANCY – DIE GEKONSTRUEERDE HIBRIED

Wanneer Nomsa se biologiese moeder besluit dat sy buite die laer 'n opvoeding moet geniet, begin sy as 't ware die "dekonstruksie" van Nomsa se Swart identiteit en uiteindelijke transformasie na Nancy, die "Kleurling/Gekleurde".

Aanvanklik is Nomsa glad nie geneë om in die dorp te gaan woon nie, verwyderd

van haar moeders en haar broers en susters en die ruimtes waarin sy grootgeword het, maar die oorgang word vir haar al hoe meer 'n realiteit en sy omhels die nuwe "self", "Gekleurde" Nancy, en sy verstoot "swart, Xhosa" Nomsa. Die dilemma met haar nuwe "Gekleurde" identiteit is die feit dat sy steeds met diegene wat hulle op die marge bevind, geklassifiseer word. Die dilemma is nog meer van 'n realiteit vir Nancy omdat sy nie werklik tot die marginale ruimte van die "Gekleurde" behoort nie, nog dié van die swart Nomsa.

Een van die mees tekenende voorbeelde van Nancy se dilemma as die gekonstrueerde hibried, is wanneer Bennie, haar man, uitvind dat sy as swart persoon gebore is, as Nomsa Hlabathi van 'n kraal in 'n laer in Transkei. Haar reis na heelheid vereis dat sy haar man van haar swart verlede vertel, want deurdat sy dit doen is sy nie meer besig om die "swart" deel van haar identiteit te ontken nie, maar sal sy dit insluit by wie sy geword het, "Gekleurde" Nancy. Aanvanklik is Bennie gevul met ongeloof en is hy merkbaar geskok oor haar onthulling. Hy wys haar op die identiteitsmerkers wat haar, volgens hom, anders maak as swartes, maar dit verander niks aan die waarheid omtrent haar nie; dat 'n gedeelte van haar swart Nomsa is en altyd sal wees. Bennie word verskriklik onbeskof en aggressief teenoor Nomsa/Nancy wanneer die realiteit van haar woorde, dat sy swart gebore is, by hom insink. " 'Loop net uit my lewe uit, Nancy. Ek wil jou nooit weer sien nie. Gaan bly tussen jou mense in die squatter camp in Crossroads. Jy hoort daar. Verdwyn net uit my lewe en uit my kinders se lewe uit. Dink jy miskien hulle sal 'n swart ma wil hê?... Wat ek gedink het 'n troefkaart

is, besorg my 'n klap wat my sterretjies voor my oë laat sien. My kop ruk agteroor en kap hard teen die deur²³⁰.

"Ek is tog nie skielik 'n ander mens nie!"²³¹ en " 'Ek is as swart mens gebore en het eers later 'n Kleurling geword. Maar dit maak mos nie saak nie, ek is nog dieselfde mens"²³². Nomsa/Nancy se verweer dat sy dieselfde persoon is, is ironies.

4.3.3.3.2. MARGINALITEIT: IN DIE KANTLYN VAN DIE "GEKLEURDE" IDENTITEIT

"Coloured cultural production has always been precarious and marginal, making it difficult to claim and mark space powerfully"²³³.

Nomsa/Nancy ondervind dat sy nie werklik tot óf haar "Gekleurde" of haar "swart" familie behoort nie. Verder kan sy nie aanspraak maak op 'n bepaalde identiteit nie, want hare is gemerk deur teenstrydigheid en is gekonstrueer. Sy is beide Nomsa Hlabathi en Nancy Karelse, geskei deur ras en kultuur, maar ook op 'n unieke wyse een. Hierdie is 'n baie moeilike posisie waarin sy haarself bevind, want soos Erasmus aandui aangaande die "Gekleurde" identiteit, beteken dit die ontkenning van 'n gedeelte van jou bestaan om 'n ander aan te neem.

Nomsa/Nancy ontken haar "swartheid" om haar "Gekleurdheid" aan te neem en uiteindelik lei dit tot 'n gefragmenteerde psige van nie behorende tot die kultuur

²³⁰ Dido 2000:152 & 156

²³¹ Dido 2000:152

²³² Dido 2000:154

²³³ Erasmus 2001:22

of identiteit waarvan sy haarself geskei het nie, óf dit wat sy aangeneem het as Nancy. In beide vind sy haarself by 'n grens, nooit regtig behorende tot die sentrum, maar eerder altyd deel van die marge. Binne haar "Gekleurde" identiteit ondervind Nancy/Nomsa marginalisasie en is sy self skuldig aan die perpetuering van "interne" marginalisasie. Hierdie interne marginalisasie by Nomsa/Nancy is merkbaar by die geboorte van haar seun Jean en haar aanvanklike verwerping van hom omdat hy "minder Gekleurd" voorgekom het. Hierdie marginalisasie is ook te bespeur by Bennie, haar man, wie se rassisme gemik is op sekeres wat 'n marginale posisie met hom deel en dit is veral te bespeur in sy behandeling van Nomsa/Nancy wanneer hy uitvind van haar swart herkoms.

4.3.3.3.3. NOMSA/NANCY EN DIE IDENTITEIT VAN DIE "GEKLEURDE"

VROU

Nomsa/Nancy is 'n sprekende voorbeeld van die komplekse aard van die "Gekleurde" vroulike identiteit. Soos in vorige paragrawe, is die "Gekleurde" identiteit een wat gesien kan word as "identiteit in gevaar" en dit is veral so wat Nomsa/Nancy se "Gekleurde" vroulike identiteit betref. In Nomsa/Nancy se geval word die aspek van haar vroulike identiteit gekompliseer deur die feit dat sy 'n vrou van twee kulture is, beide onderwerp hulle vroue aan dubbele marginalisasie en hier moet sy die las van beide dra. As 'n volwasse vrou wat worstel met die uitmergelende effek van nagmerries, kan sy nie haarself losmaak van haar swart, vroulike identiteit van die kraal nie, nog minder kan sy haarself

afsnyn van haar "Gekleurde" vroulike identiteit, aan haar voorgeskryf en later aangeneem deur haar, ter wille van 'n opvoeding.

Nancy, alhoewel 'n gemarginaliseerde vrou, marginaliseer ook ander vroue op grond van hulle swart identiteit, selfs haar biologiese moeders marginaliseer sy deur nie kontak met hulle te behou nie. Deur haarself beide fisies en emosioneel van hulle te distansieer, ontken sy haar swart vroulike identiteit en bevestig aan haarself en almal om haar, dat sy 'n "Gekleurde" vrou is. As "Gekleurde" vrou, dubbel-gemarginaliseerd, verpersoonlik sy 'n dubbele bevryding deurdat sy deur die grense van ras en geslag, wat haar marginaliseer, breek én oorleef om haar storie te vertel. Wanneer Nomsa/Nancy aanvaar dat Bennie haar nie langer as deel van sy lewe wil hê nie, wanneer sy die feit erken dat dit vir haar nodig is om haar verlede en die ruimtes van die verlede te besoek en wanneer sy in die onbekende van die liminale ruimte beweeg, word haar bevryding duidelik. Haar aanvaarding van die feit dat Bennie met sy lewe wil aangaan sonder haar, is die eerste teken van haar nuutgevonde onafhanklikheid. Deur die waarheid van haar verlede aan Bennie bekend te maak, het sy nie net haarself bevry om haar onderdrukte verlede aan te neem nie, maar ook haarself losgemaak van 'n man wat tot 'n groot mate sy liefde vir haar meet aan haar uiterlike voorkoms en wat nie in staat is om verby sy rassevooroordeel te beweeg en haar te aanvaar vir wie sy werklik is nie. Haar gedagtes aan die einde van die boek belig die belangrikheid van haar nuutgevonde onafhanklikheid en eiwaarde: "Met elke tree wat ek verder van Bennie af gaan, weet ek dat ek van my onlangse verlede

wegstap. My meer as twintig jaar se verlede. Hoe verder ek stap, hoe ligter raak my tred by die besef dat Bennie geen meer houvas op my het nie. Ons deel net die kinders. Dis al... Net – nooit weer sal ek toelaat dat hy my minderwaardig laat voel of emosioneel ontwrig nie”²³⁴.

Sy het die vrou geword wat sy graag wil wees en nodig het om te wees en sy hoef nie afhanklik te wees van enigiemand nie, veral nie van Bennie, om daardie vrou te wees nie.

“Die kloof tussen twee wêreldes, en tussen twee kultuurgroepe, word op subtiële wyse blootgelê in hierdie verhaal van ‘n dapper vrou wat worstel om te aanvaar en aanvaar te word”²³⁵.

4.3.3.3.4. NOMSA/NANCY EN DIE IDENTITEITSMERKERS WAT SY TEËKOM

4.3.3.3.4.1. NAME EN NAAMGEWING

“... the dynamics of ‘naming’ becomes a primary colonising process because it appropriates, defines, captures the place in language”²³⁶.

‘n Naam, ongeag wat dit mag wees, is sekerlik een van die mees fundamentele sleutels in die vasstel en verstaan van mens se identiteit. Sonder twyfel is hierdie konsep van naamgewing, in die lewe van die hoofkarakter in *‘n Stringetjie blou*

²³⁴ Dido 2000:240

²³⁵ Agterblad van genoemde boek

²³⁶ Ashcroft (et al) 1995:392

krake, een wat deurgaans voorop staan. As jong kind in die laer het Nomsa haar moeder se nooiensvan omdat haar vader nog nie die lobola ten volle betaal het nie. Sy word sy van ontsê op grond van tradisionele redes en reëls en in 'n sekere sin word 'n deel van haar identiteit nie geïntegreer as gevolg hiervan nie. As jong kind wat deur Siena en Jan aangeneem word, verander haar name sodat dit beter inpas en haar nouer met die "Gekleurde" gemeenskap identifiseer. Aanvanklik staan sy bekend as Nomsa Hlabati en slegs wanneer haar vader die uitstaande lobola-geld betaal sal sy haar Mayekiso-van kan eien, maar hierdie van ontwyk haar, want haar biologiese vader sterf ontydig as gevolg van 'n ongeluk by die myne in die Noorde waar hy werksaam was. Met haar aanneming en 'n paar leuens deur Siena, haar aanneemma, word sy Nancy Hendriks.

"Dis hoe ek Nancy Hendriks geword het. Sonder my toestemming. Sonder my ma's se wete of toestemming. Teen die einde van my eerste jaar in die dorp was ek 'n bruin mens... Ek was Nancy Hendriks en my wettige ouers was Jan en Siena Hendriks"²³⁷.

Nie net het haar naam op daardie gegewe dag verander nie, maar ook die "name" wat sy gebruik vir haar aanneem-ouers. Hulle het gegaan van "sisi"(suster) en "bhuti" (broer) na "antie" en "oom" en uiteindelik op die dag van haar aanneming het hulle "ma" en "pa" geword. Hierdie naamsveranderinge dui ook op 'n beduidende oomblik in Nomsa/Nancy se lewe, want in 'n oogwink gaan sy vanaf Xhosa wees na 'n "Gekleurde" met die volgende woorde wat geuiter

²³⁷ Dido 2000:90

word deur Siena: “Jy is nou ons kind, wat jou ‘n Kleurling maak. Jy’s ‘n bruin mens. Maar voor jou ma-goed moet jy vir my sisi Siena sê”²³⁸.

‘n Ander interessante kwessie hier is die feit dat die dreigende teenwoordigheid in Nomsa/Nancy se nagmerries naamloos is. “Ek en die naamlose dreigende gevaar is alleen op die klipperige heuwel met die geil doringbome... Die naamlose ding is by my”²³⁹. Dit is eers wanneer sy, met die hulp van Mama Radebe, die veelseggendheid en belangrikheid van die naamlose dreigement en stem wat Xhosa praat, identifiseer en erken, dat Nomsa/Nancy haar reis na gesondheid en heelheid begin.

4.3.3.3.4.2. KLEREDRAG

Klere is ‘n ander identiteitsmerker van belang in hierdie boek. As kind in die kraal was Nomsa heel tevrede met die manier van aantrek soos voorgeskryf vir die vroue. Haar moeders het rompe gedra wat tot by hulle enkels gehang het, terwyl die jong meisies veel korter rompe gedra het. Doeke het hulle bleskoppe verberg en vir Nomsa/Nancy was onderklere iets ongehoords in die kraal. Hulle kleredrag het hulle onderskei van ander Swart kulture. Maar later word die kleredrag van die kraal vir Nomsa/Nancy iets om haar oor te skaam, veral toe haar moeder haar kaalbolyf in die dorp besoek. As die kind van Siena en Jan word Nomsa/Nancy altyd onberispelik aangetrek deur Siena en leer sy om trots te wees op haar voorkoms. Sy is versot op pragtige klere en hou daarvan om mooi

²³⁸ Dido 2000:91

²³⁹ Dido 2000:7 - 8

aan te trek en hierdie aspek bly deel van haar lewe soos sy grootword. Die uitwerking van die stresvolle tye in haar lewe is juis te bespeur in haar lusteloosheid om haarself mooi aan te trek. Een so 'n geleentheid is wanneer sy depressief word na die geboorte van haar seun Jean. Sy het heeldag in die huis in haar japon rondgeloop en geweier om haar hare te kam en om selfs haarself of die kinders aan te trek. Sonder haar kenmerkende klere is Nomsa/Nancy in 'n sekere sin sonder identiteit. Haar huishulp help kosmaak en versorg die kinders. Lena, haar huishulp, is ook die een wat gedurig by haar neul dat sy darem moet bad en aantrek, wat Nomsa/Nancy dan ook tog uiteindelik doen.

Hierdie aspek van kleding en kleredrag staan weer op die voorgrond wanneer Bennie, op daardie stadium as haar gewese man, haar nooi na 'n funksie by sy werkplek en by haar aandrang om iets "African style"²⁴⁰ aan te trek. Die uitnodiging is om die selfsugtige rede dat hy 'n promosie sal ontvang. Maar dit gee juis vir Nomsa/Nancy die geleentheid om aan Bennie te wys hoe sy daarin geslaag het om haar identiteite te integreer en dat sy gemaklik is met wie sy is en dat sy glad nie meer nodig het om mense te beïndruk met voorkoms, soos hy nie.

"Ek ervaar 'n blydschap dat al die mense wat my Xhosa hoor praat en my klere bewonder, my aanvaar soos ek is"²⁴¹.

²⁴⁰ Dido 2000:222

²⁴¹ Dido 2000:224

4.3.3.3.4.3. TAAL

Taal speel 'n belangrike rol in die lewe van Nomsa/Nancy. As kind in die kraal praat sy vlot Xhosa, haar moedertaal, en het sy geen kennis van of nut vir enige ander taal nie. Dit is egter wanneer sy dorp toe trek en "Gekleurd" word dat die noodigheid ontstaan om Afrikaans te kan verstaan en praat. Hierdie identiteitsmerker, saam met die ander, maak haar anders as haar Xhosa familie en vriende en open die deur tot 'n opvoeding en 'n hele nuwe identiteit. Nie net is 'n kennis van Afrikaans 'n voorvereiste wat haar "Gekleurde" identiteit betref nie, maar die manier waarop sy dit praat is ook belangrik.

Die ruimtes wat sy beset beïnvloed ook haar gebruik van die taal. Nomsa/Nancy ervaar dit as kind in die magistraat se kantoor die dag toe sy amptelik Nancy geword het. Sy word deur Siena beveel om nie 'n woord te sê nie, want haar Afrikaans is nog nie foutloos nie: "Nomsa, as ons daai groot deure ingaan, dan hou jy jou bek! Verstaan? Los die praterij vir my" ²⁴². 'n Ander geleentheid waar sy die invloed van ruimte op taal ervaar, is toe sy Joyce weer in Kaapstad ontmoet en die volgende kommentaar lewer: "Joyce se manier van praat het my amper net so 'n groot skok as my ouers se blyplek gegee. Waarheen het die Afrikaans gevlieg wat sy my as kind geleer het? het ek gewonder" ²⁴³.

Die feit dat die stem in die nagmerrie Xhosa praat, belig verder die belangrikheid van taal as identiteitsmerker: " 'Buyela ekhaya.' Kom terug huis toe, vra die stem

²⁴² Dido 2000:88

²⁴³ Dido 2000:109

van my"²⁴⁴. Dit kan vergeet word, ontken word, soos Nomsa/Nancy se lewe illustreer, maar algehele uitwissing is nie moontlik nie.

4.3.3.3.4.4. VELKLEUR

Nomsa/Nancy is lig van gelaat alhoewel sy swart/Xhosa gebore is. Haar ligte gelaat verdryf die mite dat mense suksesvol op grond van hulle velkleur geklassifiseer kan word. In die boek word die belangrikheid van velkleur in die samelewing geïllustreer deur die feit dat Nomsa/Nancy geen probleem ondervind om in te skakel by haar "Gekleurde" familie nie en sy is selfs ligter van gelaat as haar aanneemma. Wanneer Siena, haar aanneemma, haar na die magistraat se kantoor neem om haar wettig aan te neem, laat sy Nomsa/Nancy nie toe om 'n enkele word te sê nie, maar wil hê dat die magistraat op grond van Nomsa/Nancy se velkleur 'n beslissing moet maak. Omdat Nomsa/Nancy lig van gelaat is, maak dit die oorgang vanaf swart Nomsa na "Gekleurde" Nancy aansienlik makliker as wat dit sou wees sou sy 'n baie donker gelaat gehad het.

Dit is interessant dat Nomsa/Nancy noem dat haar biologiese moeder lig van gelaat was, maar "puur" Xhosa. Sy noem dat hierdie ligte gelaat van haar biologiese moeder dikwels tot gevolg gehad het dat sy gespot is deur ander swart persone wat gesuggereer het dat sy "blanke bloed" het.

Wanneer Nomsa/Nancy haar man vertel dat sy swart gebore is, verweer hy dat sy dan glad nie donker is nie maar eerder baie lig van gelaat. Hy kan nie glo dat

²⁴⁴ Dido 2000:8

Nomsa/Nancy, wat so ooglopend “Gekleurd” voorkom en so vlot Afrikaans praat, swart is nie. “ ‘Hoe kan jy ‘n darkie wees as jy gladde hare en ‘n ligte vel het? En wat van jou spraak?...Al die swart mense is nie swart van kleur nie, Bennie. En ek praat al Afrikaans vandat ek nege was’ ”²⁴⁵. Bennie besef nie dat haar “swartheid” nie net ‘n kwessie van velkleur is nie.

Hy is een van die vele karakters in die boek wat baie aandag skenk aan die kleur van ‘n persoon se gelaat om hulle rasse-identiteit vas te stel. Nomsa/Nancy se kollegas by die Opleidingskollege, en veral haar “Gekleurde” kollegas, aanvaar haar omdat sy “Gekleurd” voorkom, maar wanneer dit bekend word dat sy vlot Xhosa kan praat kry sy die bynaam “kafferpoppie/KP”²⁴⁶.

4.3.3.3.4.5. HARE EN HAARTEKSTUUR

“Hairstyling and texturising were (and still) are key beautification practises in the making of womanhood among young coloured women”²⁴⁷.

In hierdie boek is haartekstuur²⁴⁸ deurgaans veelseggend. As jong kind in die laer word Nomsa/Nancy onderwerp aan die kulturele praktyk waar die vroulike lede van haar familie se hare afgeskeer word. Wanneer sy in die dorp aankom, is sy beide verras en ontstig deur die praktyk van “Gekleurde” vroue wat hulle hare lank en gestileer dra, anders as dit wat sy gewoon is in die laer.

²⁴⁵ Dido 2000:149-150

²⁴⁶ Dido 2000:136

²⁴⁷ Erasmus 2001:13

²⁴⁸ In die “Gekleurde” gemeenskap word baie geklem geplaas op hare en haartekstuur. Persone word beskou ten opsigte van watter tipe hare hulle het, is dit dit gladde hare of krullerig of “kroes”, wat dan verskeie middles en behandeling vereis om dit “hanteerbaar” te maak.

“Elke keer as haar hare in haar oë geval het, het sy haar nek wild eenkant toe geruk en die hare woes in die ander rigting geswaai. As sy goeie gewoontes soos my mense s'n geken het, het sy haar hare nes myne bles gehou, het ek gedink”²⁴⁹.

Die belangrikheid van hare, die tekstuur, lengte en behandeling daarvan word duidelik in Nomsa/Nancy se lewe wanneer sy 'n “Gekleurde” word. Wanneer sy gewoon en ook opgewonde raak oor haar groeiende hare en die versorging daarvan, word dit 'n belangrike aspek in haar “Gekleurde” lewe. Haar hare word een van die fisiese merkers wat haar onderskei van Nomsa, haar lewe in die laer en haar biologiese moeders. Soos sy opgroei, bly haar hare een van die duidelike identiteitsmerkers in haar lewe.

'n Ander interessante aspek aangaande haar hare as identiteitsmerker, is haar moeder Siena se reaksie wanneer sy Bennie ontmoet. Sy is ontevrede oor sy “Afro”-haarstyl. Siena, soos baie “Gekleurde” vroue, plaas baie klem op hare en haartekstuur. Toe sy Bennie ontmoet en sy “Afro” waarneem, is al wat sy sien, die feit dat hy nie gladde hare het nie. Die belangrikheid van hare en haartekstuur vir Siena het ook duidelik geword uit die tyd en aandag wat sy aan die versorging van Nomsa/Nancy se hare bestee het. Dan is daar Nomsa/Nancy se seun, Jean, wie se hare baie kort geknip word om die krul (kroes) in sy hare te versteek. Nomsa/Nancy trek ook haar hare uit haar kop gedurende die

²⁴⁹ Dido 2000:56

nagmerries wat haar teister en hierdie aksie is veelseggend, gesien in die lig van die feit dat sy haar lewe begin het in 'n kultuur waar die vroue nie hare op hulle kop gehad het nie, maar dit afgeskeer het. Dit is ook haar hare wat glansloos en leweloos voorkom wanneer sy deur die nagmerries geteister word en op medikasie geplaas word en later uit haar man en kinders se lewens verjaag word.

Die belangrikheid van hare as 'n identiteitsmerker in Nomsa/Nancy se lewe tree weereens op die voorgrond nadat sy 'n reis onderneem het na die laer van haar kinderdae en ook die grafte van haar moeders besoek het. Wanneer sy na die reis by haar aanneem-ouers se woning aankom, is die eerste ding wat sy by haar moeder hoor dat haar hare aandag nodig het: "En kyk hoe lyk jou kop! Net more loop jy hêrdresser toe"²⁵⁰.

Daar is baie ander voorbeelde in die boek waar hare en haartekstuur duidelike identiteitsmerkers is, maar ongelukkig kan almal nie hier voorgehou word nie.

4.3.3.4. SAMEVATTEND

Die soeke na en (her) konstruksie van identiteit(e) is belangrik want dit word die proses(se) waardeur mens begin verstaan wie jy is. In haar soeke na heelheid moes Nomsa/Nancy haar verloënde verlede terugvind, 'n gefragmenteerde hede aanvaar en 'n toekoms aanneem met 'n nuutgevonde heelheid, wetend dat die ruimtes en identiteite wat sy in die hede koester, uiteindelik ook sal verander. In

²⁵⁰ Dido 2000:201

haar soeke na en konstruksie van ruimte en identiteit vind ons dat Nomsa/Nancy se lewe die volle kringloop, die sirkel, voltooi het.

Die simboliek van die volle sirkel in Nomsa/Nancy se lewe word reeds deur die titel van die boek gesuggereer en is 'n motief wat deur die hele boek loop. 'n Stringetjie krale het 'n belangrike rol gespeel in Nomsa/Nancy se lewe in die kraal, want dit was die metode wat haar biologiese moeder gebruik het om tred te hou met haar kinders se ouderdomme. Soortgelyke krale om die sangoma se nek ruk die verlede na die voorgrond in Nomsa/Nancy se geheue en haar wêreld stort rondom haar in duie, maar terselfdertyd bring die krale wat sisi Radebe haar gee om te dra, vir haar 'n mate van vrede. Die stringetjie krale om sisi Radebe se nek mesmeriseer Nomsa/Nancy en dit ontketen die reis na haar verlede en haar terugkeer as verrykte persoon. 'n Stringetjie krale het nie 'n duidelike begin en/of einde nie en simboliseer die idee van volkommenheid, so is dit ook dat eers wanneer Nomsa/Nancy die volle sirkel voltooi het, Transkei toe en terug, dat sy 'n gevoel van 'n soort volkommenheid ervaar. Die punt van algehele heelheid of absolute volkommenheid word nooit bereik nie, maar 'n beter begrip daarvan word beleef in die soeke na heelheid. Soos die sirkel 'n soort volkommenheid en heelheid simboliseer, is dit ook 'n aanduiding van ewigdurende beweging, 'n nimmereindigende toestand van veranderlikheid, altyd in beweging, nooit staties nie. Hierdie toestand van veranderlikheid word besonders knap uitgebeeld deur die krale, en soos vroeër genoem, Nomsa/Nancy se biologiese moeder wat vir elke kind 'n stringetjie krale het om tred te hou met hulle ouderdomme. Die feit

dat daar gedurig krale bygevoeg word, dui op die veranderende aard en die onvoltooidheid van die sirkel in hierdie instansie. Die krale stel herhaling sowel as progressie voor.

'n Ander aspek van Nomsa/Nancy se swart verlede wat hierdie sirkelmotief belig, is die sirkulêre formasie van die hutte in die kraal en ook die krale wat die laer vorm waar Nomsa/Nancy gebore is. Hierdie sirkulêre formasie bied beskerming van die buitewêreld en beskut die inwoners, wat 'n gevoel van eenheid skep en ook 'n gevoel van behoort.

Dit is eers wanneer Nomsa/Nancy die volle kringloop voltooi het en kwytskeld is, haar verlede aanvaar het en trots is op wie sy geword het, dat sy in staat is om die toekoms aan te durf.

Die laaste paragraaf van *'n Stringetjie blou krale* trek pragtig 'n draad deur die verskeie interessante aspekte wat deel vorm van die volle sirkel waarin Nomsa/Nancy se lewe beweeg: "My hande gaan na onwillekeurig na die string blou krale om my nek wat ek nou pal dra, en ek klem dit vas. Dankie, Mama. Dankie, Mam'omkhulu, vir die geleentheid wat julle my in die lewe gegee het. Ek, Nancy Nomsa Karelse, gaan saam met my kinders en Ma en Pa sonder geheime die toekoms in. Ek weet waar ek vandaan kom – en dit maak my sterk"²⁵¹.

²⁵¹ Dido 2000:240

4.3.4. Die Onsigbares

4.3.4.1. INLEIDEND:

"In die verweefde verhale van hierdie vier vroue bied E.K.M. Dido 'n verstommend geskakeerde kyk op hoe ingrypend die lewe van 'n vrou (man) deur die loopbaan van haar man (vrou) geraak kan word"²⁵² (alle gedeeltes tussen hakies my eie).

In hierdie vierde roman van Dido kom die leser te staan voor die uitdagende vraagstukke oor die lewe van geliefdes van diegene wat hulle lewens daaraan wy om ander se veiligheid te (probeer) verseker, polisiemanne en -vroue in Suid-Afrika.

Die roman wek ook in 'n mate 'n gevoel van onrus, juis omdat die karakters, en veral Joan Arries, as hoofkarakter, soekend en tastend is, veral nadat haar man "verander"²⁵³ het. Aanvanklik is sy self nie seker waarna sy soek nie, maar namate sy haar behoefte(s) en ook dié van haar man en ander polisielede se familie raaksien, begin sy daadwerklike pogings aanwend om die soeke te bevredig en die antwoorde vind, selfs te skep op die talle vrae en onsekerhede. Juis hierdie aspek van die soeke en vind, belig die aspek van menslike identiteit en die ewige soeke na behoort, na die "ek", veral ook die aspek van fluiditeit en veranderlikheid van identiteit.

²⁵² Agterblad van *Die onsigbares* (2003)

²⁵³ Die verandering waarna hier verwys word in Willem se lewe, vind plaas nadat sy vriend en kollega, De Wit, vermoor word. Hy ondergaan 'n algehele persoonlikheidsverandering.

"The South African reality has indeed been opened up, not only by looking at wider spaces and larger periods of time, but also by looking from a wider spectrum of perspectives at the past and the present"²⁵⁴.

4.3.4.2. AANBIEDING

Hierdie bydrae van Dido word sonder twyfel verryk deur die verskeidenheid verteltegnyke wat hier aangewend word. Daar is veral die veelseggende terugblikke deur Joan en van die ander karakters. Hierdie spel tussen hede en verlede, die terugblikke, die verskillende stemme wat teenwoordig is in die verhaal, is baie funksioneel. Hierdie tegniek hou mens as leser as 't ware "op jou tone" om by te bly by die vertelling, wat vooraf gebeur het, om dit wat vorentoe gaan gebeur te verstaan en hoe sekere vertellings inpas. Hierdie gedurige beweging tussen hede en verlede, en ook tussen verskillende karakters en verskillende ruimtes, vind veral sterk aansluiting by die menslike lewe as 'n reis, om juis sin te maak uit die soeke na "wees", na identiteit, in die vasstelling van die "ek". Hierdie aspek van die verweefdheid van hede en verlede, die uitdaging om in die hede sin te gee aan die traumas van die verlede, word in 'n latere onderafdeling bespreek.

'n Ander verruimende aspek wat die aanbieding van Dido se vierde roman betref, is taal - die vermenging van tale en die loslitaanbieding van Afrikaans: "Op haar reguit manier van dinge sê... 'ek weet poelisiemanne se wages nie baie is nie... Anyway, as ek so 'n paar groceseries oorbring, kan jy mos lekker 'n pot

²⁵⁴ Du Plooy 2001:25

aanmeekaarslaan sodat my span ook daarvan kan eet, dan hoef ek nie oor kook te worry nie”²⁵⁵. Die feit dat dit gaan oor die man (hier eerder die vrou) in die straat se gebruik van hul moedertaal, dui aan dat dit hier gaan om gewone mense se verhaal.

‘n Ander opvallende aspek omtrent die verhaal, en lankal nie meer ‘n nuwigheid by Dido nie, is die stem van die vrou as verteller. Hier, soos by haar vorige boeke, is dit weer die vrou wat aan die woord is en vanuit wie se perspektief die verhaal aangebied word. Elke vrou in die verhaal het as ‘t ware haar eie hoofstuk, haar eie platform vir haar storie wat dan verweef word met dié van die ander vroue. Magda kry nie ‘n hoofstuk van haar eie nie, maar sy is, soos Joan, verweef in elke hoofstuk, juis deur haar betrokkenheid by Joan as buurvrou, vriendin en raadgewer. Verder interessant is die feit dat Joan, iemand wat nie juis “opleiding” het nie, tog die een is wat die “ondersteuningsgroep” in die lewe roep, organiseer en aan die gang hou, wat as ‘t ware “lewens red” te midde en ten spyte van haar eie gebrokenheid. Die stem van die vrou is derhalwe hier van oorheersende belang.

4.3.4.3. GRENSE EN IDENTITEIT

Hier sal onder andere gelet word op veral die aspekte van grense en identiteit in die lewens van die hoofkarakters, veral Joan Arries en die ander mans en vroue van polisieledede met wie ons kennis maak via Joan.

²⁵⁵ Dido 2003:10

4.3.4.3.1. GRENSE

In hierdie onderafdeling sal daar gefokus word op spesifieke grense wat in *Die Onsigbares* (2003) geïdentifiseer is en vra om ondersoek. Daar sal veral gelet word op grense wat deurbreek moet word vir uitkoms en oorlewing. Wanneer daar gelet word op dié aspek van grensdeurbreking wat die verskeie karakters in hierdie boek van Dido betref, dan moet dit gemeld word dat dit nie los kan staan van die konsep van identiteit nie. Waar grense oorgesteek word en deurbreek word, juis ter wille van oorlewing, hetsy fisies, geestelik of emosioneel, dan is die persoon nie meer dieselfde mens nie. Daar het verandering gekom ongeag die grens wat deurbreek is, en daar kan nie verwag word dat sake nog presies dieselfde sal wees, of die individu onveranderd sal wees nie. Juis omdat die karakters wat onder die soeklig geplaas sal word op soek is na (positiewe) verandering in hulle lewens, word die veranderende aard van grensdeurbreking, en identiteit belig. Alhoewel die grens wat deurbreek word heling en versoening teweeg bring, is die letsel wat dit laat onmiskenbaar en het dit 'n invloed op die identiteit van die betrokke karakters, maar die letsel is hier dan eerder 'n teken van oorwinning wat die grensdeurbreking betref. Juis omdat die konsep van grense (grensdeurbreking) en identiteit so verstrengel is, moet albei in hierdie ondersoek onder die soeklig kom.

4.3.4.3.1.1. Grens van swyg/stilbly

Soos in Dido se boek *Rugdraai en stilbly* (1997), waar die konsep van grense en grensdeurbreking ook 'n tema was wat voorop gestaan het, en veral die grense

van swyg en stilbly, is dit ook die geval by *Die Onsigbares*. Die grens van stilbly wat deurbreek moet word, is nodig om oorlewing te verseker. Hierdie aspek, die noodsaaklikheid van die deurbreking van die grens van stilbly, staan voorop by die hoofkarakters, maar is veral baie duidelik in die verhaal van Nadia, waar die verbreking van die grens van swyg byna vir haar te laat gekom het. Maar juis toe sy die grens oorgesteek het, kom daar redding vir haar en haar seun, maar is dit wel te laat vir haar (polisielid) man en dogter.

Daar sal in die onderstaande paragrawe gefokus word op spesifieke karakters wat voorop staan wat hierdie aspek van swyg en die deurbreking van daardie grens betref.

Joan Arries, vrou van Willem, 'n lid van die polisiemag, is die eerste karakter, (sy kan gesien word as hoofkarakter hier), met wie ons kennis maak, wat die noodsaaklikheid van die grensdeurbreking, wat die swyg betref, aan die lig bring. Sy weet dat hierdie grens van stilbly deurbreek móét word, beide deur haar en Willem, veral Willem, om te kan oorleef. Dis net dat hulle albei nie weet hoe nie. Joan is wel die een wat daadwerklike pogings aanwend om die grens te verbreek, eers deur baie hard te probeer om met Willem te praat en hom ook sodoende aan die praat te kry. Dan is daar haar geselsies met Magda, net om in 'n mate te kan ontlaai. Uiteindelik is daar die ondersteuningsgroep wat sy in die lewe roep, gebore uit haar nood om die stilte te verbreek, waar dit gaan om uitpraat, praat om gehoor te word, moontlike antwoorde te vind, en ook

vertroosting in die vertellings van die ander wat weet hoe uitmergelend dit kan wees (is) om met 'n lid van die polisiemag getroud te wees. Die "stilte"²⁵⁶ tussen Joan en Willem hou nie slegs verband met De Wit, Willem se kollega, se dood nie, maar ook met die politieke en sosiale veranderinge in die land, en veral die emosionele en persoonlikheidsveranderinge by Willem.

Opvallend is dat beide Joan en Willem weet dat die stilte wat tussen hulle kom lê het, verbreek moet word, maar nie seker is hoe en wanneer nie. Wanneer Joan die ondersteuningsgroep in die lewe roep, is daar nie omdraaikans nie, al is dit maar 'n kraak in die muur van stilte, die grens van swyg is oorgesteek en Joan getuig dat dit beter gaan, al is die probleme nog daar en stilte nog 'n kwessie. Abrahams²⁵⁷ voer aan dat: "Die vroue om wie die verhaal sentreer, vind uiteindelik 'n mate van uitkoms in die ondersteuningsgroep wat Joan op die been bring. In hierdie verband is daar egter 'oplossings' wat 'n bietjie onhandig gehanteer is. Die leser kry byvoorbeeld nie insig in hoe Joan of Gladys die druk wat hulle mans ervaar en op hulle oordra, *anders* hanteer nie..."²⁵⁸. Hier wil ek graag verskil van Abrahams omdat ek van mening is dat die "onhandigheid" juis funksioneel is, omdat dit die onkunde van die vroue om hierdie sake te hanteer en oplossings vir hulle probleme te bevind, belig. Maar juis die feit dat hulle nou iemand het met wie hulle kan gesels, iemand wat verstaan omdat sy/hy met soortgelyke probleme worstel, ook net iemand wat regtig luister, bring vir hulle

²⁵⁶ Dit gaan eerder hier om die feit dat Willem nie weet hoe om oor die sake wat hom kwel, veral die uitwerking van sy werk as polisieman, te praat nie en te vertel hoe dit hom emosioneel en psigies verteer nie. Mens kry byna die idee dat hy bang is dat dit sy beeld as (macho) man sal skaad.

²⁵⁷ Abrahams Des.2003: <http://www.litnet.co.za/seminaar/onsigbares.asp>

²⁵⁸ Abrahams Des.2003: <http://www.litnet.co.za/seminaar/onsigbares.asp>

oplossing: " 'Ek is baie bekommerd, maar ek het niemand om mee te praat nie'... Dis nie 'n verrassing vir Joan nie toe Gladys Mhauri vir haar sê dat sy klaar beter voel net omdat sy met haar kan praat, en omdat sy weet ander mense met probleme soos hare het ook op die advertensie gereageer... Mevrou Mhauri... Moenie wonderwerke verwag nie. Maar dinge kry my nie meer onder nie. En ons het al 'n paar keer daaroor gesels...²⁵⁹

Wat verder boei is die feit dat daar nie in wese stilte is tussen Joan en Magda nie, tog ervaar sy, wat Joan is, 'n tipe stilte, ten spyte van die baie praat. "Wat het jy en Magda alewig so baie om oor te praat?'... ' O, sommer oor als en niks...' ²⁶⁰. Die rede vir hierdie "stilte" ten spyte van die baie gepraat, kan wees dat Magda wel 'n simpatieke oor verleen, raad gee en ondersteun na die beste van haar vermoë, maar sy kan nooit werklik verstaan nie, omdat sy nie getroud is met 'n polisieman nie. Dus is daar 'n tipe stilte tussen hulle ten spyte van die baie praat met Magda; ook omdat Joan dikwels nie weet wat Willem pla nie, kan sy dit nie bespreek nie. Tog kan Magda Joan se hunkering en nodigheid van die verbreking van die stilte verstaan.

Wat opval is dat Magda ook op 'n manier, indirek as 't ware, soms die stilte in Joan se lewe aanhits. Hier word veral gedink aan die insident waar Joan-hulle, deur Willem se besluit, koeëlvaste vensters kry. " 'Jy beter vir niemand hier rond

²⁵⁹ Dido 2003:142-143

²⁶⁰ Dido 2003:11

van die ruite sê nie, want hulle sal nie 'n secret kan hou nie' ²⁶¹. Ander kere is Magda die een wat Joan aanmoedig om te praat oor die sake wat haar, hulle (haar en Willem) kwel en ook om die stilte te verbreek: "Ek het in 'n magazine gelees dat as so iets gebeur, die persoon therapy en 'n support group makeer. In julle case hoort julle almal daarvoor te gaan. Ek is seker dat die poelies-force sulke goed het" ²⁶².

By Willem ervaar mens dat hy die stilte dikwels uit selfsugtigheid aanwend, dat hy praat wanneer hy wil, en dan ander kere wel die stilte op 'n manier verbreek, vir eie gewin, omdat dit hom pas. Maar dit kan ook wees dat dit by Willem gaan om meer as selfsugtige redes, en omdat hy werklik nie weet hoe anders nie. Na De Wit, Willem se kollega en vriend, se dood weier hy om te gaan vir sielkundige berading omdat hy bang is dit skaad sy beeld, veral as polisieman. In hierdie geval dink hy nie aan hoe sy optrede en weiering sy familie beïnvloed nie en dit blyk selfsugtig te wees, hy dink aan homself en sy beeld: "'Nee, ek het nie en sal ook nooit nie.' Hy sug. 'As ek met 'n sielkundige praat, kom dit op my rekord en die owerhede sal dink dat ek nie stres kan hanteer nie. Los dit, Joan...' ²⁶³.

Tog is daar die oomblikke waar Willem wel deur die stilte breek, of altans probeer om deur die grens van stilte te breek, selfs dalk die noodsaaklikheid van deurbreking ervaar. So is dit met die insident van die kinderlyk wat hulle vind terwyl hy eendag aan diens was. Toe hy tuis kom het hy, dan ook sukkelend, met

²⁶¹ Dido 2003:20

²⁶² Dido 2003:33

²⁶³ Dido 2003:35

Joan gepraat daaroor: "...'Maar dalk sal dit help as jy met my praat...'...'Ons het nog 'n kind se lyk gekry,' sê hy gesmoord teen haar bors..."²⁶⁴

Dan is daar die kere waar Willem sukkel om deur die grens van stilte te kom, en juis op 'n negatiewe manier daarmee omgaan in sy soeke na deurbreking daarvan: "'n Warboel emosies spoel deur haar. Sy is verstom oor die braai wat hy wil hê en seergemaak oor sy opmerkings oor geld, maar terselfdertyd opgewonde omdat hy amper nes die ou Willem praat. Al het sy skel gekry, is hy darem weer aan die praat"²⁶⁵ (alle onderstreping my eie). Hier breek Willem wel deur die grens, maar soos opgemerk, is dit baie negatief in die sin dat Joan in die proses gekwes word.

Dan is daar **Adriaan Cronjé**, met hom maak ons kennis via Joan en die ondersteuningsgroep wat sy in die lewe geroep het. Adriaan het nie 'n afsonderlike hoofstuk soos meeste van die ander (vroulike) lede van Joan se ondersteuningsgroep nie, maar sy verhaal, sy wedervaringe as huweliksmaat van 'n lid van die polisiemag, kom ewe duidelik deur, vervleg in Joan se hoofstukke. Sy pyn, onsekerhede, radeloosheid en hulpkrete om die nodige grense te deurbreek, word glad nie afgemaak as minder belangrik nie. Inteendeel, dit help Joan om haar eie probleme en worstelinge in perspektief te plaas. Vir Adriaan het sy reaksie op Joan se advertensie, die ontmoeting en die praat met Joan, die stilte verbreek wat sy worsteling betref. Hy besef dat hy die stilte, betreffende sy vrou se probleme en sy hantering daarvan kán en móét

²⁶⁴ Dido 2003:66

²⁶⁵ Dido 2003:54

breek, ter wille van hom en hulle kind, sy huwelik, maar veral ter wille van sy vrou self.

Die leser maak met **Gladys Mhali** kennis as matrone by Chris Hani

Baragwanath-hospitaal en vrou van Joe, 'n polisieman. Gladys, so kom ons agter uit die lees van háár vertelling, kom uit 'n kultuur waar die vrou haar plek as onderdanige moet ken, en stilbly maak 'n groot deel hiervan uit. Dit kom ons veral agter in een episode waar daar mans is wat Joe, haar man, besoek: waar sy (probeer) meedoen aan die gesprek, word sy summier stilgemaak deur een van die mans: "Sithetha ne ndoda yendlu, sisi. Ons praat met die man van die huis..."²⁶⁶. Gladys, alhoewel sy uit 'n kulturele opset kom waar die vrou haar plek as onderdanige moet ken, en net praat wanneer dit van haar verlang word, word juis aangemoedig deur die vroue van die buurt om te praat oor haar verlies na die dood van haar kind en dié se oppasser: 'Soms was dit net om stil te sit en niks te sê nie, en soms, veral in die begin, was dit om haar aan te moedig om oor Sindiswa en Pumla te praat. Sy was diep dankbaar. Hoe meer sy met ander oor haar baba gepraat het, hoe draagliker het die hartseer geraak. Maar niemand kon iets aan die seer binne-in haar doen nie"²⁶⁷. Gladys, soos die ander vroue met wie daar kennis gemaak word in die boek, besef dat die verbreking van die stilte baie moed gaan verg en dat waar die stilte eers verbreek is, daar nie weer omdraai is na die stilte nie. Sy, soos die ander, weet dat hierdie grens-oorsteek absoluut noodsaaklik is om enigsins voort te gaan met 'n "normale" bestaan, om

²⁶⁶ Dido 2003:122

²⁶⁷ Dido 2003:108

te vergewe en probeer sin maak uit die lyding wat die stilbly veroorsaak het: "My naam in Gladys Mhauri... Ek is bekommerd oor my man... Ek is bekommerd, maar ek het niemand om mee te praat nie"²⁶⁸ (onderstreping my eie).

Shalon Jones is die vrou van Adam, 'n polisieman wat hom, soos Joe, Gladys se man, wend tot onwettige bedrywighede om hul inkomste aan te vul en vinnig en maklik geld te maak. Shalon is bekend met haar man se bedrywighede, doen lustig mee, en haar stilbly daaroor, selfs teenoor haar man, en die feit dat sy haar moeder maan tot stilte, maak haar medepligtig. Haar stilte kan gesien word as 'n vervlegting van dwang en keuse. "...besef sy eers werklik wat Adam gedoen het. En sy het hom daarmee gehelp!"²⁶⁹

Sy kies om stil te bly oor die onwettige bedrywighede omdat dit vir haar soveel gemak en materiële welvaart inhou, en aan die ander kant is sy in 'n mate daartoe gedwing deur haar man wat by hierdie bedrywighede betrokke raak sonder om eers met haar daaroor te praat.

'n Ander interessante aspek wat die stilbly betref en die grensdeurbreking van die swye, kom wanneer die man wat Adam verklik het, as 't ware die stilte rondom sy onwettige bedrywighede verbreek het, "stilgemaak" word. Die man word vermoor, tot swye gebring, maar dit is dan te laat, want die stilte is reeds verbreek en daar kan nooit werklik teruggegaan word na die swye van vroeër

²⁶⁸ Dido 2003:142

²⁶⁹ Dido 2003:176

nie. Shalon voel 'n oorweldigende behoefte om te praat oor die probleme wat hulle in die gesig staar en so skakel sy dan Joan (die ondersteuningsgroep), op aandrang van haar ma, en hulle "gepraat", 'n verdere verbreking van die stilte in Shalon se bestaan, help haar om nugter te dink en gee haar moed .

Nadia Viljoen is die laaste van die vroue met wie ons kennis maak. Daar is wat haar karakter betref 'n stilte regdeur die boek wat eers in die tweedelaaste hoofstuk verbreek word. Die feit dat die leser eers byna reg aan die einde van die boek met haar kennis maak is hoogs funksioneel. Die funksionaliteit lê opgesluit in die feit dat Nadia se deurbreking van die grens van stilte en swye, byna vir haar te laat kom. Soos aan die begin vermeld, kom die verbreking van die stilte vir haar dogter en man te laat, maar sy en haar seun oorleef die skietery deur haar polisielid-man. Die absoluut vernietigende uitwerking van swyg en stilbly, en die huiwering om die grens te deurbreek, is veral dan duidelik in Nadia se lewe en haar verhaal. Die meeste van die ander karakters met wie ons kennis maak het die stilte verbreek, soos byvoorbeeld Shalon, vóór dit te laat was, terwyl daar nog kans op uitpraat was. Maar dit is dan ook juis die verbreking van die stilte deur Nadia, die deurbreking van die grens van swye, wat haar en haar kind se lewe red.

Die stilte by al die karakters wek die idee dat hulle hoop dat deur te swyg hulle probleme sal verdwyn. Maar die stilbly vererger eerder hulle situasies en eers wanneer hulle oor die grens van stilbly beweeg het, besef hulle dat verbetering

dan eers werklik begin. Sommige, soos Joan veral, kies om die stilte te verbreek voor werklike rampspoed tref, en ander soos Shalon en Nadia word deur die uiteindelijke onuithoubaarheid van hulle situasies genoodsaak om die stilte te verbreek ter wille van oorlewing.

'n Belangwekkende aspek wat die noodsaaklikheid van die grensdeurbreking van stilte betref, is die manier waarop hierdie grens verbreek word. In sekere gevalle is dit op 'n uiters negatiewe manier, waar die verskillende partye mekaar as 't ware wond met woorde waar hulle die grens van stilte bly deurbreek. Hierdie grensdeurbreking wat stilte betref is dan ook 'n saak wat versigtig en nadenkend benader moet word. By Gladys en Joe, soos by die meeste ander karakters, sien ons hoe hulle sukkel met hierdie aspek, omdat die verwyte en beskuldigings so vlak in hul mond lê vanweë die pyn wat hulle beleef. Ook omdat hulle nie weet hoe om die stilte te verbreek nie, wat die regte woorde sal wees nie, en omdat hulle maats ook dikwels nie wil oopmaak en uitpraat nie. Dan is daar ook die sensitiewe aard van hulle maats se beroep, dat hulle as polisielede nie oor sekere aspekte van hul daaglikse werk mag praat nie. Hierdie faktore beïnvloed die deurbreking van hierdie grense, maar dit verander nie aan die feit dat dit in die lewens van hierdie karakters noodsaaklik is dat die grense van swyg deurbreek móét word nie.

4.3.4.3.1.2. Grense van ras

Hier is dit veral merkwaardig om te let op die feit dat nood hier die gemene deler tussen die verskillende karakters is. Dit is die aspek wat hulle bind en ook aanspoor om bestaande grense aan te durf en te deurbreek. Die grense tussen verskillende rasgroepe in hierdie roman verval juis omdat verlies en seerkry geen respek het vir ras of kultuur nie. Geeneen van die karakters, ongeag wit, swart, bruin, wat dan ook al, is vrygeskeld van die bittere beproewing wat ervaar word as maat van 'n polisielid nie. Interessant in hierdie boek is dat al die "hoof"-bevolkingsgroepe, (as ons vir 'n wyle met die ou Suid-Afrika terme kan omgaan ter verduideliking), verteenwoordig word deur die karakters met wie die leser kennis maak: Joan en Shalon is Kleurling, Gladys is Swart en Nadia en Adriaan is Blank. Maar waar dit hier gaan om hulle verhale en die noodsaaklikheid in hulle lewens om verskeie grense te deurbreek in 'n soeke na en vasstelling van wie hulle is, word die kleurgrens opgehef en word kleur/ras bysaak. Die hegte vriendskap tussen Willem Arries (Kleurling) en De Wit (Blank) getuig ook van die kleurgrens wat verval het en hoe maklik Willem oor hierdie grens beweeg in vergelyking met sy traagheid en vrees om deur die grens van stilbly te breek. Interessant by De Wit is dat sy van, ironies genoeg, sy ras beklemtoon alhoewel ras glad nie meer van belang is nie. Joan kyk aanvanklik teen die kleurgrens vas, want toe De Wit die eerste keer aan huis kom by hulle om Willem op te laai, is haar beskrywing van De Wit, toe Willem verneem: " ' 'n Lang wit man..."²⁷⁰ (alle onderstreping my eie). Toe sy dan ook Willem se gemaklike houding teenoor De Wit waarneem, vervaag die kleurgrens in hierdie opsig ietwat by haar, maar

²⁷⁰ Dido 2003:14

mens kom in haar “voorbereiding” om Adriaan (lid van die ondersteuningsgroep) vir die eerste keer te ontmoet, dit weer agter: “ ‘Die persoon, Adriaan Cronjé is sy naam, klink dan vir my – ‘...’ So what?’ snap Magda dadelik. ‘Is jou problems met Willem dan ‘n colour issue?...’ Ek sal my nie pla oor hy wit is nie... Problems kyk nie na colour nie”²⁷¹. Dan, wanneer sake op dreef is en die ondersteuningsgroep ‘n werklikheid word, veral met haar en Adriaan se ontmoeting, vervaag die kleurgrense en val dit dan heeltemal weg vir Joan. Sy is deur die kleurgrens heen, want die erns van haar en die ander se nood, word nie bepaal deur ras of kleur nie. Die kameraadskap en vriendskappe wat dan uit die ondersteuningsgroep vloei, kan nie beperk word deur die kleurgrens nie. Dalk omdat die lede van die ondersteuningsgroep ook aanbeweeg het met die veranderinge van die “nuwe” Suid-Afrika laat dit hulle makliker oor die kleurgrens heen beweeg. Maar veel eerder is dit omdat dit wat hulle bind, wat hulle eenders maak, maats van polisielede, baie sterker is as dit wat hulle van mekaar onderskei, soos hul ras.

4.3.4.3.1.3. Deur taalgrense heen

Soos vroeër vermeld, wat die aanbieding van die boek betref, is ‘n verruimende aspek hier die vermenging van verskillende landstale en veral die loslitaanbieding van Afrikaans. Interessant hier is dat ongeag watter taal gepraat word deur die verskillende persone met wie daar kennis gemaak word in die onderskeie hoofstukke, die vernietigende uitwerking van die stilbly, wat die huistaal dan ook mag wees, ooreenstem.

²⁷¹ Dido 2003:81-82

Juis die taal, of dialek van 'n spesifieke taal wat die verskillende karakters gebruik, identifiseer hulle in terme van ras en ook geografiese ligging. Joan, as Kleurling van die Kaapse Vlakte, is vertrouwd met die Kaapse Afrikaanse en die vermenging van Engels en Afrikaans wat sy daagliks hoor, veral by haar buurvrou, Magda. Sy is ook heeltemal vertrouwd en gemaklik met die standaard Afrikaans wat sy by Adriaan Cronjé en De Wit, as Blankes van die Wes-Kaap hoor. So kan die ander karakters dan ook in 'n mate geïdentifiseer word deur hul moedertaal.

Alhoewel die verskeie karakters, met wie daar kennis gemaak word, verskillende tale besig, verstaan hulle mekaar wanneer hulle deur Joan se ondersteuningsgroep kommunikeer. Hierdie persone mag nie noodwendig dieselfde moedertaal besig nie, maar hulle praat almal die taal van radeloosheid en wanhoop van met 'n lid van die polisiemag getroud te wees, en die gepaardgaande stres en uitmergeling van hulle maat se optredes. Hulle breek noodgedwonge, maar ook uit keuse, deur die taalgrens wat so maklik 'n hindernis kon wees, om met mekaar te praat: "'Hulle het vandag van hom gepraat asof hy 'n ou tsotsi is!' "n Wat?' vra Joan. "n Misdadiger,' sê Shalon"²⁷². Die karakters wat uitreik om die nodige grense te deurbreek, beseft dat hulle almal die "taal" van stilbly gepraat het en gepaardgaande negatiewe uitwerking daarvan daardeur toegelaat het. Maar wanneer hulle deur die grens van die stilbly gebreek het deur te reageer op Joan se advertensie aangaande die ondersteuningsgroep, is die taalgrens geensins 'n struikelblok nie, inteendeel. Dit

²⁷² Dido 2003:178

wys hulle eerder daarop dat alhoewel daar verskille tussen hulle is, hulle gemeenskaplike nood groter is as hul andersheid. Verder dui dit vir hulle daarop dat geeneen, ongeag kleur, ras, taal of sosiale status, vrygeskeld is van probleme nie, veral nie die tipe probleme wat deel uitmaak van die lewe van diegene wat familie is van 'n polisielid nie: "... 'al is ons probleme uiteenlopend, is daar tog 'n paar goed wat dieselfde is"²⁷³. Interessant by al die karakters is dat alhoewel hulle almal vertrouwd is met die "taal" van kommer en onsekerheid en stres, wat saamhang met hulle geliefde se pos in die polisie diens, weet hulle nie aanvanklik hoe om dit in woorde, in 'n taal, te omskryf nie: "... maar nou weet ek sowaar nie waar om te begin nie... Here, gee sy 'n skietgebedjie, ek het maar net 'n halwe standaard sewe agter my naam en Adriaan Cronjé lyk geleerd. Gee vir my die regte woorde..."²⁷⁴ (my onderstrepings). Hoe om te sê wat hulle nodig het om te sê, weet hulle nie, maar namate hulle deur die stilte breek, vind hulle die regte woorde: " 'Hoekom hoor ek nou eers daarvan?' ... 'Ek het nie geweet hoe om jou van die werkwinkel te sê nie'"²⁷⁵.

4.3.4.3.1.4. Deurbreking van sosiale grense

Wat die deurbreking van sosiale grense in hierdie boek van Dido betref, kan daar gepraat word van twee vlakke van deurbreking. Aan die een kant die sosiale grense op 'n positiewe wyse wat deurbreek word wat status betref (vanaf armoede na materiële welvaart; vanaf agtergeblewenes na vooruitstrewendes in die gemeenskap). Aan die ander kant die negatiewe verbreking van sosiale

²⁷³ Dido 2003:86

²⁷⁴ Dido 2003:83-84

²⁷⁵ Dido 2003:94

grense wat juis daargestel is om te beskerm en vrede binne die samelewing te bevorder en verseker.

Wat die eerste aspek van sosiale grensdeurbreking betref, dié van status, is dit veral die karakter van Shalon Jones wat opval en kortliks hier voorgehou sal word.

Shalon Jones se verhaal skets vir die leser die prentjie van 'n vrou wat beweeg vanaf een wat aanvanklik redelik gemaklik gelewe het, tot een wat later elke sent moes omdraai en altyd die tekort raakgesien het, tot een wat net die duurste en beste aankoop: "Sy was sorteerder by die Wilson-lekkergoedfabriek en Adam toe nog konstabel... Geldelike probleme was daar nie, want sy het weekliks gepay en nog ekstra geld van die lekkers en sjokolade gekry wat sy uit die fabriek gesmokkel en teen 'n goedkoop prys in die buurt verkoop het... Daar was nooit genoeg in die koskas nie...' Ons norag huisraat en met jou geld sal ons nooit daaraan kom nie'... sy het vir die huis goed begin koop. En ook nie sommer goedkoop goed nie!"²⁷⁶. Die strewe na sosiale vooruitgaan is 'n positiewe eienskap, maar om, soos Shalon, dit op onetiese maniere te bekom, maak daarvan iets negatief en lelik. In haar hunkering na sosiale vooruitgang en opgang in die samelewing betaal sy later 'n hoë prys toe haar man gevang word vir die onwettige bedrywighede waarby hulle betrokke is en sy moet spartel om haar waardigheid en trots te behou.

²⁷⁶ Dido 2003: 154,158,163

Treffend by die karakter van Shalon is die feit dat haar moeder, al was sy dan ook tydelik self by Shalon-hulle se onwettige bedrywighede betrokke²⁷⁷, byna optree soos haar gewete. Maar selfs haar moeder se raad en teregwysing, laat Shalon nie afsien die oprigting van 'n (onaanvaarbare) grens tussen haar en dié op wie sy neersien. " 'Hoekom het jy so hoogmoedag geword, Shalon?'... 'Jy't tog te aanstellerag geword vandat jy goed in die huis het' "²⁷⁸.

Die tweede, gesien as die negatiewe sosiale grensdeurbreking, is die verbreking van noodsaaklike etiese grense binne 'n samelewing wat juis in stand gehou moet word vir die welvaart en veiligheid van gemeenskappe. Wat veral die negatiewiteit van dié deurbreking beklemtoon, is dat die verbreking van hierdie grense juis deur diegene geskied wat hulle moet beywer vir die behoud en bevordering daarvan as polisiebeamptes. Hier word spesifiek verwys na die polisielede met wie daar kennis gemaak word deur die verskeie hoofstukke van hulle maats.

Ten eerste is daar **Willem Arries**, man van Joan. Hy is 'n kaptein in die polisie diens, maar wanneer hy sy toevlug tot bier neem as ontsnappingsmiddel na De Wit se dood, gaan koop hy dit by smokkelhuise, onwettige instansies. Dit is dan juis die bedrywighede van hierdie tipe instansies en sommige elemente wat daar uithang wat hy aan die kaak moet stel as polisiebeampte. Hy word dus op daardie manier 'n medepligtige aan die onwettige bedrywighede en oortree

²⁷⁷ Sy (Shalon se moeder) besef dat sy moet breek met hierdie verkeerde wet, veral na haar bekering, en doen dit dan ook. Sy breek dus deur, terug na die aanvaarbare norme van die samelewing. Interessant by hierdie karakter is dat sy terugbeweeg oor 'n grens wat sy deurbreek het.

²⁷⁸ Dido 2003:161

daardeur 'n sosiale grens wat liefers in plek gehou moet word, veral deur hom as polisieman: "...ons praat van Willem. Hy sal nog nooit na dieselfde onwettige plekke te gaan wat hulle elke keer probeer toemaak nie..."²⁷⁹

Tweedens is daar **Adam Jones**, Shalon se man, 'n polisiebeampte in die Oos-Kaap. Hy verklaar net na sy inhegtenisneming en vrylating op borgtog dat hy so ontsettend lief is vir sy werk as lid van die polisiemag. Tog het hy, bewus van die gevaar en onwettigheid daarvan, tog by hoogs onwettige bedrywighede betrokke geraak: "...ek het al hierdie dinge geweet! Maar toe ek al die geld sien wat ek maak, was ek nie gepla nie... Maar nou... Ek wou van kleins af net 'n polisieman wees!"²⁸⁰. Hy wat hom moes beywer vir die uitroei van die onwettige dwelm- en drankbedrywighede, word 'n voorsiener en informant vir diegene wat hulle daarmee besig. Waar hulle die middels konfiskeer by een onwettige instansie, steel hy dit dan en verkoop dit aan 'n ander, alles in die stryd om sy en sy familie se sosiale status te verbeter, selfs ten koste van hulle gemeenskap en ten spyte van die gevaar en morele afbreek daaraan verbonde.

Derdens is daar **Joe Mauhli**, Gladys se man. Joe is inspekteur in die polisie diens in Gauteng: " 'Ek wou maar net nes sommige van die ander manne geld maak. Groot geld sonder om meer as een werk te behartig soos jy. En toe... en toe vra iemand my oor die telefoon om 'n klagte in 'n dokument... vir 'n groot som geld te

²⁷⁹ Dido 2003:38

²⁸⁰ Dido 2003:185

verander... daardie selfde dag het ek die bruin koevert met die vierduisend rand daarin by iemand gekry... Soms het ek dokumente laat wegraak...²⁸¹

By veral Adam en Joe, skakel dié aspek van die grense wat hulle oorsteek, met hul identiteit as mans, en die behoud van die tradisionele siening: man as hoof en ook voorsiener vir sy gesin se behoeftes; selfs as dit eerder gaan om status as behoefte.

Ten vierde, kortliks iets oor **Adriaan Cronjé se vrou**. Sy is 'n speurder in die polisiemag in die Kaap. Haar oortreding, anders as by Joe en Adam, maar meer in oorstemming met Willem, is regstreeks teen haar gesin. Sy onderwerp hulle aan gesinsgeweld, 'n euwel wat sy as polisiebeampte moet hokslaan in die gemeenskap.

"...en begin sy net te slaan. Aan my. Aan die kind ook"²⁸².

Laastens 'n blik op die karakter van **Kobus Viljoen** en hoe hy die grens(e) wat lief in stand gehou moet word, deurbreek, met gruwelike gevolge. Hy is die man van Nadia, die vrou met wie ons heel laaste kennis maak. Nadia bel Joan nadat haar man homself en sy gesin geskiet het. Hul dogter is noodlottig gewond, so ook Kobus self en Nadia en hul seun word in 'n kritieke toestand in die hospitaal opgeneem. Hier word weer eens, deur geweld teen die gesin en gesinsmoord, 'n sosiale grens deurbreek wat in stand gehou moet word. Die feit dat Kobus nooit deur die grens van stilte breek nie, "noodsaak" hom om "ewige" stilte vir homself

²⁸¹ Dido 2003:107-108

²⁸² Dido 2003:85

en sy familie te bewerkstellig. Maar die negatiewe deurbreking van hierdie sosiale grens gaan tot gevolg hê dat sy vrou as weduwee en sy seun sonder 'n vader moet voortgaan en die nodige grense in hulle lewens deurbreek en ander wat noodsaaklik is, herstel.

4.3.4.3.1.5. Opheffing van grense van tyd

Wat die oorsteek van die grens(e) van tyd betref, is dit veral interessant om te let op die feit dat daar 'n boeiende verstrengeling van hede en verlede is in die "storie" van elke karakter. Hierdie verstrengeling is besonder funksioneel omdat dit verruiming bied aan die verhaal en agtergrond skets wat van hulp is om die verskillende karakters beter te begryp. Verder dui die verstrengeling ook op die verweefdheid van die verskillende karakters by mekaar se lewe, omdat hulle nood soortgelyk is en die grense wat hulle moet, handhaaf en deurbreek eenders is. Wat verder opval omtrent die verstrengeling van die hede, verlede en die toekoms, is hoe dit ook aanleiding gee tot die oorsteek van verskeie grense. Om vanuit die verlede na die hede te beweeg moet daar noodgedwonge oor grense van tyd, en ook ander grense beweeg word, en net so ook as daar vanuit die hede na die toekoms, oorgegaan word. Talle van die karakters vrees die grensoorsteeking en klou derhalwe aan die "knus" tye, veral dié van die verlede, dít wat hulle reeds beleef het en bekend aan hulle is, eerder as om die hede te konfronteer, en veral die toekoms wat onbekend voorlê.

Treffend is die feit dat die verlede nooit verby is nie, maar as 't ware hande viervoet in die hede én in die toekoms staan. Die verlede is so deel van die hede en so noodsaaklik (om te onthou) om die toekoms te help vorm. Juis daarom het die karakters nodig om dit raak te sien, maar hulle moet ook breek met hulle krampagtige houvas en terugkyk en hunkering na die verlede en hoe dinge toe was. Die deurbreking van hierdie grens van tyd sal hulle beweeg oor ander grense heen ook aansienlik vergemaklik.

Kortliks iets oor Joan en die deurbreking van die grens van tyd. By haar is daar die gryp na die verlede as 'n vorm van hoop; hoop dat dinge in die toekoms beter sal gaan, 'soos in die verlede'. Maar interessant is dat dinge nie noodwendig beter gegaan het in die verlede nie, veral nie wat hulle finansies betref nie, en ook nie wat Willem se kommunikasie met haar betref nie. Dit gaan nou, in die hede, finansiëel beter met hulle en dit wil voorkom asof Willem van sy jongdae af nie eintlik baie spraaksaam was nie, en nou net nog minder is. Die situasies waarin Joan en Willem en hulle gesin hulself bevind, het ongetwyfeld mettertyd verander. Joan onthou hoe "sorgvry" Willem was in die verlede en hunker daarna, want dit sal haar ook 'voordelig' beïnvloed, meen sy. Sy verlang dus dat hy oor 'n grens van tyd terugbeweeg, en dit gebeur in 'n mate waar hy ook terugdink aan die verlede, maar daar kan nooit volkome teruggekeer word na dié tyd wat reeds geleef is nie. Terselfdertyd kan die verstrengeldheid daarvan met die hier en nou en toekoms, nie buite rekening gelaat word nie.

“Joan kyk na haar man se weerkaatsing in die spieël...’n Herinnering flits deur haar gedagte. ‘n Jong, innemende gesig met laggende mond. Nie hierdie ernstige persoon nie. Waar in sy binneste kruip die grappige Willem weg...”²⁸³.

Dit is besonders treffend hoe, in die verskeie karakters se worsteling met hulle hede, hulle verlede vir hulle van hulp is in die oorsteek van verskeie grense en die vind van identiteit en genesing, ‘n soort heelwording in die aanvaarding.

4.3.4.3.1.6. Geslagsgrense

Hier word kortliks gefokus op daardie grense in die verhaal tussen man en vrou wat dikwels tot hindernis lei waar dit gaan om die egosentriese uitleef van die tradisionele siening van dié rolle wat aan die verskillende geslagte toegeskryf word. Dit is in hierdie opsig waar daar deur hierdie grens gebreek moet word wat een van die geslagte in ‘n soort gevangenskap hou. Wat opval by talle van die manlike karakters met wie ons kennis maak via hulle vroue en Joan se ondersteuningsgroep, is die tradisionele siening wat hulle het wat mans en vroue se rolle in die samelewing betref. Daar is opsigself heeltemal niks daarmee verkeerd om hierdie rolle in stand te hou nie, maar waar dit gaan om ‘n soort uitoefening van mag daardeur en die motiewe nie heeltemal suiwer is nie, dan word dit kommerwekkend. Wanneer dit gaan om ‘n bevestiging van hul manlikheid en identiteit as hoof en heerser en wanneer hul houding nie allereers gemotiveer word deur hulle liefde vir hul maat nie, dan word die uitleef van hierdie sy van hul identiteit en manlikheid problematies.

²⁸³ Dido 2003:11-12

Die karakter van Joan kan hier sonder twyfel as goeie voorbeeld voorgehou word. Willem, haar man, wil nie dat sy buite die huis werk nie, maar tuisteskepper moet wees en daar moet wees om smiddae die kinders te versorg en die huis netjies te hou. Dit gaan nie soseer om die feit dat Willem net die beste vir Joan wil hê nie, maar eerder dat hy dit as die sosiale norm sien en as die goeie man daar wil uitsien. Alhoewel Joan baie graag wil gaan werk, wil Willem niks daarvan hoor nie en moet sy haar berus by die gedagte van tuisteskepper wees, juis omdat sy te vreesagtig en onseker is om hierdie grens aanvanklik oor te steek. Sy steek wel die grens in 'n mate oor wanneer sy vir hul bure, Michael en Magda, op versoek van haar vriendin Magda, die telefoniese bestellings vir hulle besigheid begin behartig. Aanvanklik hou sy dit dig vir Willem omdat sy weet dat hy nie daarvoor te vinde sal wees nie: "Jy kan my mos lekker met Michael se boeke en orders help, en dan kry jy darem ook so ietsie'... Om weer te werk en my eie te kan hê!... 'Dit sal lekker wees om weer iets vir myself te doen'... Maar net so gou soos die opgewondenheid opgeborrel het, so gou verdamp dit weer...' As Willem agterkom dat ek jou help, kry hy 'n klontjie'... 'As jy nie omgee nie, sal ek help wanneer hy op diens is... Dis nie dat ek bang is vir hom nie...' ²⁸⁴. Maar waar sy reeds die stap geneem het oor die grens, neem haar selfvertroue toe en help hierdie grensdeurbreking ook om ander grense aan haar te openbaar en haar die moed te gee om hulle aan te durf en te deurbreek waar nodig.

²⁸⁴ Dido 2003:50

Treffend in die roman van Dido is dat by karakters soos Willem, Adam en ook Joe, ten spyte van die “cowboys don’t cry” -mentaliteit wat hulle openbaar, hierdie skynmuur tog by tye verbrokkel en dat dit juis om hulle vroue gebeur. Alhoewel hulle opmerklik sukkel om die geslagsgrens, en ook talle ander grense, te deurbreek, soek hulle op hul manier vertroosting en begrip by hulle vroue. Hier word ’n voorbeeld van Joe aangehaal: “Elke keer as daar ’n geweskoot iewers in die buurt afgaan, moet sy hom van die vloer af lig... en hom soos ’n baba te sus as hy bibberend uit ’n nagmerrie wakker word. Maar elke keer as hy uit die werf in die straat stap, loop hy breëbors asof hy vir g’n mens ter wêreld bang is nie”²⁸⁵.

Omdat hulle so sukkel om deur die grens van swye te breek, omdat hulle nie die woorde kan vind om uiting te gee aan hulle emosies en denke nie, is die deurbreking van die geslagsgrens vir hulle so problematies. Verder is daar ook die angs/vrees dat hulle manlikheid aangetas sal word, sou hulle erken dat dit heeltemal aanvaarbaar is om deur hierdie geslagsgrens te breek en dit dan ook doen. Maar die deurbreking kom noodgedwonge en juis van die vroue se kant af en die mans kan dan eintlik nie veel daaraan doen nie. Dit wil nie voorkom asof dit by die vroue, wat wel deur hierdie geslagsgrens breek, gaan oor moedswilligheid nie, inteendeel. Dit gaan veel eerder om ’n noodsaaklikheid om hulle mans van hulp te kan wees. Een manier waarop hulle hierdie grens deurbreek, is om uit te reik vir hulp. Hulle word hier in die posisie van hersteller (“remaker”) geplaas, ’n rol wat dikwels aan die man toegeskryf word. Dit gaan

²⁸⁵ Dido 2003:111

dus nie daarom dat hulle hulle mans in die verleentheid wil stel om na antwoorde en oplossings vir hulle probleme te soek nie, maar omdat hulle besef dat tensy hulle op hierdie manier ingryp, dit rampspoedige gevolge kan hê, en daarvan getuig die storie van Nadia Viljoen. Haar man en dogter se dood, en haar en haar seun se “amper-sterftes” is ‘n direkte oorsaak van swyg, maar ook die onwilligheid en vrees om deur die grens, wat geslag betref, te breek. Nadia deurbreek wel en eindelaas hierdie geslagsgrens, maar eers nadat haar man nie meer daar is om dit te staan nie. Met hierdie uitreiking van die vroue verbreek hulle nie net die geslagsgrens nie, maar ook die grens van stilbly en ander grense wat hier onder bespreking is.

4.3.4.3.1.7. Grense van geografiese ruimte word deurbreek

Van belang in hierdie verhaal is die feit dat die karakters wat almal sekere grense in hulle bestaan moet oorsteek, van die verskeie windstreke in die land afkomstig is. Daar is enkeles soos Joan, Adriaan en Diana Friesland wat in Kaapstad woonagtig is, maar die ander is almal van verskillende provinsies.

Dit is treffend dat die afstand tussen hulle irrelevant word en die geografiese grense wat hulle skei, wegval, voor die nood waarin hulle verkeer om deur verskeie ander grense te móét breek ter wille van oorlewing. Nadia is in Pretoria woonagtig, maar dit is haar uitroep tot Joan in Kaapstad, en Joan se bereidwilligheid om te luister en te probeer help, wat uiteindelik Nadia en haar seun se lewe red. Gladys woon in Gauteng en Shalon in Oos-Londen, maar hulle behoefte om die stilte te verbreek, raad te vind en staande te bly, laat die

geografiese grense tussen hulle en die ander van die ondersteuningsgroep wegval.

Alhoewel geografiese ruimte te make het met fisiese ligging, is dit ook gekoppel aan emosionele en ideologiese ruimte. Dit is juis daardeur en die aspek van onthou ("memory") dat die fisiese ruimte "betekenis" kry . Hier sal die karakter van Gladys kortliks voorgehou word om hierdie aspek te belig.

Wanneer Gladys en haar gesin alles in 'n verwoestende brand verloor, gaan die opbou van hulle lewens, en hul huis op die erf, om meer as net die fisiese ligging en 'n woning; dit gaan om die emosionele verknogtheid aan dít wat hulle verloor het en die strewe na wat hulle, maar veral Gladys, wil opbou: "Sy staan 'n ruk by die swart gerookte muur en laat gly haar vingers oor die bakstene. Haar gewese praghuis. 'Ek gaan jou weer regmaak, al moet ek my vingers tot op die been werk. Hulle gaan ons nie breek nie. As ek met jou klaar is, gaan jy beter lyk as ooit tevore. Dit belowe ek jou..."²⁸⁶.

Waar die geografiese grense deurbreek word deur die verskeie karakters, is daar ook noodgedwonge die deurbreek van ander grense, onder andere die grens van taal, sosiale grense en ook grense van ras en kultuur.

²⁸⁶ Dido 2003:96

4.3.4.4. IDENTITEIT

Die fluïditeit en veranderlikheid van die mens se identiteit, soos vroeër aangedui, word in hierdie roman van Dido, soos veral ook in haar debuutroman, *Die storie van Monica Peters*, voorop gestel.

Dit is opvallend dat mens van hierdie vroue, en Adriaan, as persone met “hibriede” identiteit kan praat. Hulle is tot ‘n groot mate “maaksels” van hulle maats se identiteit. Dit is so dat hulle identiteit gedeeltelik deur hulle lewensmaats bepaal word. Dit is juis die sentrale problematiek van die verhaal wat voortvloei uit die feit dat hulle met polisiemanne (-vroue) getroud is. Dit is die katalisator vir al die ontwikkelinge in die roman.

“It is particularly important that the feelings people invest in their sense of self and identity, and how others make them feel about themselves, should be incorporated as an integral part of understanding hybrid identity formation”²⁸⁷

Die titel, *Die Onsigbares*, onthul baie omtrent die identiteit van polisielede se geliefdes, hulle oor wie die boek eintlik gaan. Daar is meer as eenkeer die opmerking deur Joan en ook van die ander karakters, dat hulle en hul kinders, as polisielede se geliefdes, eintlik onsigbaar is en nie geken word in die sake en gebeure wat hul maats raak nie: “ ‘Jy sal sweer ons is onsigbaar’... Sy voel seergemaak. Sy kan net so wel onsigbaar wees... En wanneer die owerhede hul mannekrag lof toesing, dink sy met suur smaak in haar mond, word daar nooit van die vrou en kinders gepraat nie. Asof hulle onsigbaar is. Of nie bestaan

²⁸⁷ Field 1998/9:228

nie²⁸⁸(alle onderstreping my eie). Hierdie “maak tot onsigbaarheid” geskied nie net van die kant van hul maats se werkgewers nie, maak juis van die kant van hul maats ook, deur die oprigting van verskeie grense in hul huishoudings, veral die grens van stilte.

4.3.4.5. IDENTITEITSMERKERS

Daar is in hierdie roman van Dido heel party identiteitsmerkers wat aandag verlang. Hieronder sal 'n paar van die belangrikste, volgens hierdie ondersoek, uitgesonder en bestudeer word. Veral interessant omtrent die gekose merkers, is dat dit nie noodwendig gaan om die tasbare nie, al word identiteitsmerkers dikwels vereenselwig met die tasbare aspekte van die samelewing.

4.3.4.5.1. Sosiale status

Dit is veral die karakter van Sharon wat opval by sosiale status as merker van identiteit.

“Sy het haar nie gereed gemaak vir die groot skaamte wat haar oorval toe die polisiemanne uitstap en sy in die deur gaan staan en die straat vol nuuskierige mense sien nie. Adam! Hoe gaan ek ooit oor die skande kom?”²⁸⁹

Vir Sharon het dit gegaan om gerieflik lewe en sy het nie te veel geprotesteer toe Adam betrokke raak by die onwettige bedrywighede nie. Toe sy die geld sien wat dit vir hulle inbring en die dinge wat hulle toe kon bekostig, was daar glad nie

²⁸⁸ Dido 2003:46,77,111

²⁸⁹ Dido 2003:171

verdere klagtes oor sy betrokkenheid nie. Die verfraaiing van hul woning binne met net die beste goedere, die aankoop van duur klere en die besit van twee motors het vir haar die maatstaf geword om haar sosiale status en gepaardgaande identiteit te meet. Maar wat interessant is hier, is dat Shalon, al will sy hoe graag, nie te koop kan loop met hoe goed dit met hulle gaan deur die huis buite te verfraai en opsigtelike veranderinge aan te bring wat die gemeenskap sou kon opmerk nie. Nee, sy moet hulle "welvaart" vir eers stilhou, totdat hulle genoeg bymekaar gemaak het om dan "spoggerig" te lewe soos sy graag wil: "Maar as als goed verloop... wag ons net tot daai gat vol geld is en dan vat hy die pakket... 'n huis laat bou. En ook nie sommer enige huis nie... 'n double-storey... wat so eenkant staan en weg van die ander huise moet staan solat almal dit kan sien... sy wat Shalon Jones is, sal hulle wys!"²⁹⁰.

Gladys is ook, wat die najaag van sosiale status in die gemeenskap betref, 'n interessante karakter. Soos by Shalon, is wat die gemeenskap van haar sosiale status waarneem en dink vir haar belangrik, juis om op 'n manier 'n verlangde identiteit te bevestig. Gladys is matrone by die hospitaal, maar werk ook as huishulp vir ekstra geld om die standaard van lewe waaraan hulle gewoond geword het te handhaaf en ook te help met hulle herstel na die verwoestende brand wat haar kind en kinderoppasser se lewens geëis het. Wanneer sy by mev. Templeton werk as huishulp, is haar voorkoms en houding gepas vir hierdie rol, sy ondergaan as 't ware 'n gedaantewisseling, dit doen sy alles ten einde die

²⁹⁰ Dido 2003:153

sosiale status waarna sy strewe en waarvoor sy so hard voor gewerk het, te behou.

“Die een dag was sy die heerser van ‘n pragtige dubbelverdiepinghuis, die trotse vrou van ‘n bekende polisieman, die ma van vier pragtige kinders en matrone by die grootste hospitaal in die Suidelike Halfrond. Die volgende dag besit sy niks... Sy, ‘n vrou wat die hoogste status in die gemeenskap beklee het...”²⁹¹. Joe, Gladys se man, kom nie altyd so geneë voor oor die feit dat sy vrou haar beywer vir die verheffing van haar (hulle) sosiale status nie: “Ek wil nie by die manne hoor dat my vrou hoogmoedig is nie”²⁹². Maar hy het hom ook gewend tot ander (onwettige) middele om geldelik by te dra tot hulle welvaart en opgang op die sosiale en materiële gebied.

Hierdie vroue se strewe na verheffing van hulself en hulle families wat sosiale status betref, gaan ook om identifikasie en word hier gesien as identiteitsmerker. Dat hulle gesien word in ‘n sekere lig en sodoende geïdentifiseer word as persone wat bo hulle omstandighede, veral as lede van die agtergeblewe gemeenskappe, uitgestyg het, word vir hulle ‘n soort missie.

4.3.4.5.2. Godsdienst

In al die karakters met wie daar kennis gemaak word deur Joan se ondersteuningsgroep, is daar die godsdienstige element wat wel op die een of

²⁹¹ Dido 2003:96-97

²⁹² Dido 2003:100

ander manier deel uitmaak van hul identiteit. Hierdie aspek word veral "sigbaar" in hul oomblikke van nood en absolute moedeloosheid.

Een van die elemente waaraan Joan ook geïdentifiseer kan word, is die biddende aspek van haar karakter: " 'Bewaar vir Willem, Here,' bid sy in stilte..."²⁹³. Daar is verskeie oomblikke waar Joan haar wend tot haar God; onder andere wanneer sy wysheid soek, kalmte, die regte woorde en veral beskerming vir haar man Willem en haar en hul kinders. Daar is ook die oomblikke waar sy haarself tot God wend vir troos vir haarself, maar ook vir ander: "Diep in die nag staan sy maar op en gaan raak rustig in die kombuis. Daar op haar knieë, kan sy in die stilte en donkerte by die kombuistafel De Wit se vrou en hul ongebore baba in haar gebede aan die Here opdra en by Hom pleit om haar man te bewaar"²⁹⁴.

Dan is daar Shalon wat haar tot God wend wanneer haar man in hegtenis geneem word, en die toekoms vir hulle duister daar uitsien. Haar man, Carol, wat voor die insident tot bekering gekom het en gedurig vir hulle gemaan het oor die onwettige bedrywighede, is vir haar ook 'n steun en wegwysers na God in hierdie tyd. "Ma! Ek moet in Buffalo Flats by Ma kom solat sy vir Adam kan bid..."²⁹⁵ (alle onderstreping my eie). Dan is daar ook Gladys in wie se lewe God 'n rol speel en na wie sy uitroep in haar uur van beproewing en om daarna sin te maak uit haar/hulle lyding. "Yehova', bid Gladys. Ek het gevra dat U hom my krag en

²⁹³ Dido 2003:33

²⁹⁴ Dido 2003:28

²⁹⁵ Dido 2003:171

sterkte moet gee"²⁹⁶. Dit is ook haar kerksusters wat hulle die hand van liefde en hulp uitsteek na hulle alles in die brand verloor het wat hul jongste kind en dié se oppasser se lewens geëis het. Gladys se mens-wees, haar identiteit word ook gevorm deur haar verhouding met haar God en die uitleef van haar geloof.

Hierdie steun op God deur die verskeie karakters vertel van die rol wat hul godsdiens in hulle lewens speel. Dit openbaar ook aan die leser 'n element van hulle mens-wees, hulle identiteit. Ten spyte van die groot onsekerhede in hulle lewens as die maats van polisielede, is God vir hulle 'n anker en sekerheid, Hy verpersoonlik standvastigheid en die onveranderlikheid wat hulle so nodig het, ook in hulle soeke en vasstel van wie en wat hulle as individue is en as maat van 'n polisielid. Interessant wat die aspek van godsdiens in die lewens van die karakters in die boek betref, is dat dit in 'n mate 'n katalisator is vir die heelwording, genesing en aanvaarding van hulle posisie en identiteit as polisielid se maat. Die standvastigheid wat hulle godsdiens bied, is vir hulle 'n element van hulle identiteit wat rigting gee en die moed en krag om voort te gaan, ten spyte van die stres en onsekerhede wat gepaardgaan met hulle bestaan.

4.3.4.5.3. Kleredrag

Ongeag kultuur of bevolkingsgroep, kleredrag word die wêreld oor gesien as 'n element wat identiteit verleen. Die aspek wat veral hier uitstaan wat kleredrag betref, is die uniforms wat die lede van die polisiemag dra. Hulle uniforms onderskei hulle van ander amptenare en identifiseer hulle landwyd. Dit verleen

²⁹⁶ Dido 2003:138

nie slegs aan hulle 'n spesifieke identiteit nie, maar stel hulle op 'n manier in 'n klas van hulle eie. Opmerklik is die trots wat gekoppel word aan hierdie uniform in byvoorbeeld die karakters van Willem en Joe, en die moeite wat gedoen word om netjies en korrek daar uit te sien. Wat opval is dat wanneer Joe voel sy lewe word bedreig, dan is dit juis die aantrek van sy uniform wat vir hom ook 'n bedreiging word, omdat hy soveel makliker geïdentifiseer kan word. Juis hierdie kleredrag wat hom as 't ware verhef het bo ander, word nou 'n gevaar: "Hy het die oorplasing gekry en begin om sy uniform net aan diens te dra"²⁹⁷.

Wat verder van belang by hierdie aspek van kleredrag as identiteitsmerker by Gladys en Joe is, is dat hulle in die brand wat hulle huis verwoes en kind en kinderoppasser se lewe eis, al hulle klere en besittings verloor. Dit is as 't ware 'n uitwissing van 'n gedeelte van hulle identiteit wat hulle op daardie manier beleef. Hulle moet oor begin deur nuwe klere aan te skaf en ook alle ander items wat hulle nodig het, maar dit is veral die "nood" vir klere wat voorop is.

Klere en kleredrag as merker van identiteit is ook van belang wat Joan betref. Sy kom daagliks voor as die tuisteskepper wat min aandag aan haar voorkoms bestee, omdat daar belangriker take is om te doen as om haarself op te tooi, en omdat geld op noodsaakliker dinge bestee moet word. Tog, wanneer sy wel geld bestee om vir haar nuwe klere aan te skaf, is dit duur dog deugsame klere: " 'Kyk na die kwaliteit van die goed, Magda'... 'Nou weet jy hoekom ek nie 'n ordentlike ding op Willem se salaris kan bekostig nie'... '... ek het nooit daarvan

²⁹⁷ Dido 2003:110

gehou om iets te koop wat iemand anders ook het nie'... 'Jy surprise my regtig, Joan', sê Magda...'Ek het nooit geweet jy't so goeie taste nie'²⁹⁸(alle onderstreping my eie).

Wanneer Joan dan wel haarself bederf met nuwe klere wat sy aankoop met die geld wat sy verdien met die beantwoording van oproepe vir haar buurman se besigheid, is dit ontwerpersklere wat sy in 'n eksklusiewe boetiek bekom. Wat verder opval omtrent die kleredrag by Joan, is dat dit verskillende dimensies van haar identiteit weerspieël: tuis loop sy in "huisklere"²⁹⁹ rond, maar wanneer sy die dag moet uitgaan, kan sy deur 'n ring getrek word en is haar goeie smaak opvallend. Verder opmerklik is die feit dat Joan se klere, behalwe dat dit 'n uiterlike merker van haar identiteit is, daar ook die innerlike transformasie is wat plaasvind wanneer sy haar deftige klere aantrek vir afspraak en spesiale geleenthede. Dit gee aan haar 'n hupstoot wat haar selfvertroue betref en verleen 'n verdere dimensie aan haar identiteit en sy erken dit self: "Sy besluit op die vrolik geblomde Switserse katoenkortmourok en haar laehak-, navy leersandale en klein navy handsak. Toe sy by die deur uitstap, voel sy selfversekerd"³⁰⁰(alle onderstreping my eie).

²⁹⁸ Dido 2003:53-54

²⁹⁹ Bedoelende dat sy haar ouer klere in die huis dra en haar beste, duur, smaakvolle uitrustings bêre vir spesifieke geleenthede.

³⁰⁰ Dido 2003:82

4.3.4.6. TEN SLOTTE

Die Onsigbares bied 'n uitsonderlike leeservaring... Dit laat jou uitbundig lag by tye, maar ook nadink, en dit gryp veral diep aan"³⁰¹.

In hierdie roman van Dido word die konfrontasie en die omgaan met verskeie bestaande grense, die deurbreking en die uitwerking daarvan op die identiteit van die verskeie karakters, besonders empatiek mee gewerk. Dido slaag daarin om hierdie sosiale werklikhede, wat polisielede en hulle families daagliks moet deurgaen weens die aard van hulle werk, sonder 'n "foei tog; sies tog"-aanklank, aan te bied. Weer eens is dit maatskaplike kwessies, 'n aspek waarmee Dido besonders goed omgaan, wat voorop staan: die identiteite- en verwante kwessies van die lewensmaats van lede van die polisiemag.

³⁰¹ Dido 2003: agterblad van boek

HOOFSTUK 5: SLOT EN SAMEVATTING

“The creativity and the talent of the new crop of brown writers is undoubtedly a substantial enrichment for Afrikaans literature. Moreover, their literary achievements put the debate about the future of Afrikaans into a very different perspective”³⁰².

Alvorens daar samevattend na die verskeie hoofstukke gekyk word, moet die waardevolle bydraes, in besonder tot die Afrikaanse prosa, deur Dido en ander “Gekleurde” skrywers ná 1990, net weereens vermeld word. Die bydraes deur die “Gekleurde” skrywers en hulle deelname aan die post-koloniale gesprek lewer bewys dat daar sonder twyfel ‘n leemte was in die Afrikaanse letterkunde wat die “stem van die anderskleurige” betref. In hierdie verhandeling is gepoog om juis hulle belang en die waardevolle bydraes wat hulle gelewer het, duidelik te laat blyk. Waar daar in hoofstuk drie op verskeie “Gekleurde” skrywers en hulle werk gelet is, kan die waarde van hulle bydraes nie gering geskat word nie. Hulle deelname aan die post-koloniale gesprek blyk duidelik uit aspekte soos dié van ruimte, grense, marginalisering, die grenskarakter, identiteit, hibriditeit en die kommentaar wat gelewer word op sosiale kwessies, wat veral voorop staan in hulle werk. Behalwe dat dit vir baie van hierdie bydraes gaan om die vertel van ‘n storie, uit die perspektief van eens gemarginaliseerdes, gaan dit ook om ‘n element van “terugskryf” na die sentrum waarvandaan hulle as ‘t ware vir dekades verban is op grond van velkleur/ras. Hierdie aspek van “terugskryf” is ook ‘n belangrike komponent in die post-koloniale gesprek. Diegene, in hierdie

³⁰² Renders, 2001:100

geval die "Gekleurde" skrywers, wat hulself op die marge bevind het, beweeg nou na die sentrum en in ander gevalle skep hulle selfs 'n "nuwe" sentrum met hierdie "oopskryf" waarmee hulle besig is. Juis hierdie "terugskryf" en "oopskryf" wat die "Gekleurde" skrywers betref, getuig verder van hulle waardevolle bydrae tot die post-koloniale gesprek en veral die Afrikaanse letterkunde ná 1990 in Suid-Afrika.

Tot voor 1990 was die stem van hierdie groep skrywers taamlik stil, maar dit wil nie sê daar was glad nie literêre bydraes deur "Gekleurde" skrywers nie, intendeel. Daar was die werk van onder andere Adam Smal, Peter Snyders, S.V. Petersen en E. Domingo, om maar enkeles te noem. Dan was daar diegene soos Zoé Wicomb en Richard Rive wat as "Gekleurde" skrywers bydraes gelewer het tot die Engelse letterkunde. Hierdie skrywers en hulle werk is vir ooglopende redes nie in hierdie verhandeling betrek en/of bespreek nie.

In hoofstuk een het dit gegaan om 'n uiteensetting van die rigting wat die studie wou inslaan en die slaggate en probleme wat ondervind word. Soos aangedui, was die benaming van "Gekleurde" skrywers, na 1990 in die Afrikaanse letterkunde, een van die grootste uitdagings in hierdie hoofstuk. Waar sommige 'n hekel het aan die idêe van kompartimentering deur "ou" benamings, het ander glad nie 'n probleem daarmee nie, en juis hierdie uiteenlopendheid van siening omtrent benaming het 'n uitdaging gebied vir hoe en watter benamings in die verhandeling gepas sou wees. Hierdie "probleem" is opgelos deur dit duidelik te

stel dat die benamings wat in die verhandeling aangewend word, nie gaan om 'n bevestiging van ou ideologieë óf rasse-oordeel óf minagting nie. Inteendeel, dit word eerder hier gebruik om die besondere bydraes van een spesifieke histories bepaalde groep van Suid-Afrika, tot die Afrikaanse letterkunde na 1990, duidelik te laat blyk.

Die studie is ook binne die tydsraamwerk van 1990 tot ongeveer 2004 geplaas, omrede 'n onafgebakende studie 'n saak van onmoontlikheid sou wees. Hierdie periode is spesifiek gekies omdat dit die tydperk was waarin daar 'n opbloei was van hierdie "Gekleurde" stemme in die Afrikaanse letterkunde. Hierdie aspekte en ook andere wat in die verskillende hoofstukke behandel is, het hopelik die noodsaaklikheid van 'n studie soos dié, en dergelikes wat nog kom, duidelik laat blyk.

Die teoretiese raamwerk van die verhandeling, naamlik post-kolonialiteit, is in hoofstuk twee uitgestip. Verskeie aspekte van post-kolonialiteit en die post-koloniale gesprek wat aan die gang is, is belang om die belang daarvan vir hierdie studie duidelik te laat blyk. In hierdie hoofstuk is daar ook 'n geskiedkundige oorsig van Suid-Afrika ingewerk, juis om die funksionaliteit van die post-koloniale aspekte in die werk van "Gekleurde" skrywers ná 1990 te belang en hulle deelname aan dié post-koloniale gesprek te laat blyk. Veral belangrik in hierdie hoofstuk is die verskeie aspekte aangaande ruimte en identiteit wat ondersoek en bespreek is. Daar is gelet op die geografiese ruimte, die innerlike ruimte, die

simboliese ruimte, die liminale ruimte en ook die ruimte van die marge. Die kwessie van identiteit en die belangrikheid daarvan in die menslike bestaan, staan ook voorop in dié afdeling. Daar is veral gelet op die “Gekleurde” identiteit as hibried en verder genoem dat identiteitsmerkers, as iets tasbaars wat identiteit betref, belangrik is in die soeke na en aanvaarding van identiteit.

Die derde hoofstuk het daarvan uitgegaan om die “Gekleurde” skrywer en dié se bydraes tot die Afrikaanse letterkunde, veral na 1990 tot en met omtrent 2004, voorop te stel, en hulle deelname aan die post-koloniale gesprek. Hier is gelet op die bydraes van beide manlike én vroulike “Gekleurde” skrywers. Daar is oorsigtelik, eerder as in diepte, gelet op die verskillende bydraes om soveel moontlik skrywers en hulle bydraes te betrek, maar dit het nie hier gegaan om ‘n volledige bestekopname nie. Dit het verder in hierdie hoofstuk gegaan om ‘n ondersoek na en oorsigtelike bespreking van die gemene delers en ooreenstemmende temas wat in die werk van verskeie “Gekleurde” skrywers voorkom. Daar is gelet op verskeie kwessies in hul werk wat voorop staan in die post-koloniale teorie. Ruimte en identiteit is sonder twyfel van die belangrikste aspekte wat die post-koloniale teorie betref. Ruimte is in hierdie verband nie slegs gesien as dit wat ons fisies waarneem as plek en ruimte nie, maar is meer omvattend en sluit ook in wat ons “letterlike” ruimte kan noem. Verskeie ruimtes wat geïdentifiseer is as dié wat veral voorop staan in die werk van die genoemde “Gekleurde” skrywers, was onder andere: geografiese ruimte, liminale ruimte, simboliese ruimte, innerlike ruimte en ook die marge. Hierdie ruimtes is in

hoofstuk bespreek en later in die verhandeling is hierdie teorie toegepas, veral in hoofstuk 4, met die analyses van Dido se werk. Identiteit is die ander post-koloniale aspek wat veral onder die soeklig gekom het in hierdie verhandeling en dit is verbind aan dié van ruimte. Dit is juis in die soeke en vasstelling van identiteit(e) waar die (verskeie) ruimtes 'n belangrike rol speel. Wat identiteit betref is die aanwesigheid van identiteitsmerkers ook besonders interessant en dié aspek is veral aan die hand van die analise van Dido se *'n Stringetjie blou krale*, in hoofstuk 4, ondersoek. Wat die gemene delers in die werk van die "Gekleurde" skrywer betref, is veral aandag geskenk aan, onder andere, die randfiguur en dié se identiteit, die hibried en die konstruksie van 'n leefbare identiteit, naamgewing en die belang daarvan by die kwessie van identiteit, die manlike identiteit, sterk vroue, en ook die stem van die kind.

E.K.M. Dido is in hoofstuk vier breedvoerig bespreek aan die hand van analyses van haar bydraes tot die Afrikaanse letterkunde. 'n Biografiese oorsig en 'n kyk na die "Gekleurde" vrou as "dubbeld-gemarginaliseerd" het hierdie hoofstuk ingelei. Dit het in hierdie hoofstuk uitsluitlik gegaan om 'n ondersoek na en bespreking van Dido se romans. Daar is in besonder gelet op die kwessies van ruimte en identiteit in die werke van Dido. Die analyses van Dido se literêre bydraes het veral daarvan uitgegaan om Dido se deelname aan die post-koloniale te belig en die besonder verruimende bydraes wat sy gelewer het, voorop te stel. Sy gaan simpatiek om met verskeie sosiale kwessies en suggereer moontlike oplossings en/of antwoorde.

Verskeie kwessies van identiteit en ruimte wat veral voorop staan in die post-koloniale gesprek, is juis aspekte waarmee Dido geslaagd omgaan in haar romans. In *Die storie van Monica Peters* kom die kwessie van identiteit sterk aan bod. Hier is onder andere die stem van die kind, kulturele identiteit, land, landskap en identiteit, gender en identiteit en ook identiteit en godverwantskap, raakgelees en ondersoek. Verder in die genoemde boek van Dido, ten opsigte van identiteit, is verskeie identiteitsmerkers geïdentifiseer en behandel. Hierdie merkers was, onder andere, name en naamgewing, velkleur, taal en klere.

In *Dido se Rugdraai en stilbly* is dit die kwessie van grense wat veral aan die bod kom. Psigiese grense, grense van tradisionele rolle en ook die trauma van grensdeurbreking word behendig vervleg in hierdie verhaal. Verder is daar die kwessie van marginaliteit, die marge en die liminale ruimtes wat betrek word.

Die verhouding tussen identiteit en ruimte staan voorop in *'n Stringetjie blou krale*. Dit is veral die gekonstrueerde hibried, hier in die karakter van Nancy/Nomsa, wat op die voorgrond tree. Dit is dan ook veral Nancy/Nomsa, as hoofkarakter, wat in/deur verskeie ruimtes beweeg in haar soeke na identiteit as gekonstrueerde hibried. Daar omgegaan met geografiese ruimtes, herinnering en gebondenheid aan geografiese ruimte, simboliese ruimte, en ook die liminale ruimte. Verder speel verskeie identiteitsmerkers ook 'n belangrike rol en dit is veral dié van naamgewing, kleredrag, taal, velkleur en hare/haartekstuur,

waarmee besonders verruimend gewerk word om die gekonstrueerde hibried en dié se identiteit en soeke na identiteit, duidelik te laat blyk. Ook die kwessie van marginaliteit is aanwesig in hierdie roman.

In Dido se *Die onsigbares* is dit veral die aspekte van grense en identiteit en identiteitsmerkers wat sterk op die voorgrond tree. Wat die aspek van grense betref, word daar veral omgegaan met die kwessie van grensdeurbreking. Daar is onder andere die grense van stilbly, grense van ras, taalgrense, die deurbreking van sosiale grense, die opheffing van grense van tyd, geslagsgrense en ook die deurbreking van geografiese grense in die vasstel en soeke van en na identiteit. Die identiteitsmerkers wat te bespeur is in hierdie roman van Dido, is dié van sosiale status, godsdiens en kleredrag.

Verskillende aspekte van post-kolonialiteit word in die romans van Dido ondersoek. Die seleksie van die post-koloniale kwessies wat in die verskillende romans bespreek word, is gemaak op grond van wat veral, volgens my, van belang was in die gegewe roman.

Ter samevatting kan aangevoer word dat hierdie verhandeling daarvan uitgegaan het om verskeie kwessies aangaande ruimte en identiteit te ondersoek en bespreek. Die verstrengeling van ruimte en identiteit is in diepte bekyk en vanuit verskeie invalshoeke. Die verskeie ruimtes binne die kader van die post-koloniale gesprek is geïdentifiseer en indringend ondersoek. Die ruimtes wat

geïdentifiseer is, was die geografiese ruimte, innerlike ruimte (herinnering en die gebondenheid aan geografiese ruimte), simboliese ruimte (sentrum vs marge), liminale ruimte en die ruimte van die marge. Hierdie ruimtes is toegepas op 'n analise van 'n *Stringetjie blou krale*. Dit is juis in Nomsa/Nancy, as gekonstrueerde hibried, se soeke en (her) konstruksie van haar identiteit dat dit duidelik word dat dit vir haar noodsaaklik is om geen aspek van haar komplekse persoonlikheid te onderdruk of te ignoreer nie. Daar word tot die besef gekom dat haar verloënde verlede en haar gefragmenteerde hede beide nodig is om haar by 'n leefbare heelheid te bring. As hibried beset sy die liminale ruimte en juis in hierdie kreatiewe ruimte word haar identiteit as 't ware herdefinieer. Dit is eers wanneer sy haar hibriditeit en gefragmenteerde mens-wees verstaan en aanvaar dat sy by 'n soort heelheid, wat haar identiteit, haar mens-wees betref, uitkom waarna sy tastend en soekend was vir so lank.

Die belangrikheid van grense in identiteitsvroming is breedvoerig bespreek, veral aan die hand van Dido se tweede roman, *Rugdraai en stilbly*, maar in al romans van Dido hier bespreek, is dié aspek belang. Die noodsaak van die deurbreking van én handhawing van verskillende soorte grense is in verskeie hoofstukke van die verhandeling bespreek en veral in hoofstuk vier, aan die hand van Dido se werke, toegepas.

Die swart vrou, as dubbel gemarginaliseerd, tree in hierdie verhandeling op die voorgrond, met die fokus op Dido en haar verruimende bydraes. Interessant by

die swart vrou as dubbel gemarginaliseerd is die tradisionele rolle in teenstelling met die nuwe geslagsrolle. Die dubbele bevryding van die gemarginaliseerde “Gekleurde” vrou uit haar gevangenskap in tradisionele rolle word in Dido se werk én deur haar as persoon weerspieël.

Die karakters in Dido se romans belig die vloeibaarheid van identiteite, soos ook deur Stuart Hall geargumenteer – daar word nooit by ‘n finale ruspunt gekom nie. Aan die ander kant is daar ook, soos Ricoeur³⁰³ aangedui het, die noodsaak van konstantheid binne die vloeibaarheid. Hier dink ek veral aan ‘n aspek soos godsdiens wat in Dido se boeke ‘n anker is, ‘n vastigheid, ‘n element van onveranderlikheid. Hierdie aspek is veral belig in die analise van Dido se *Die storie van Monica Peters*, in hoofstuk vier.

Verder is daar hier ook gefokus op knelpunte en krisisse wat beleef is in die oorgangstyd in Suid-Afrika, na 1990, om die invloed daarvan op die letterkunde duidelik te laat blyk. Dido gaan besonder deernisvol om met verskeie sosiale kwessies soos mishandeling (verskeie vorme), rassisme en ook hoe polisiemanne en –vroue se geliefdes beïnvloed word deur hulle werk en gebeurtenisse wat daaruit voorspruit. Die betekenis van haar werk is vir haar geleë in die ontbloting van sosiale en persoonlike verwonding en die suggestie van moontlike wyses van genesing. Hierdie aspek van verwonding en heling word in al vier Dido se boeke ondersoek en in hierdie verhandeling vooropgestel.

³⁰³ Verwys weerens na Simms 2003

Die sentrale uitdagings wat in Dido se werk aangeraak word – die oorskryding van uitgediende grense, die herskryf van identiteite, die genesing van 'n samelewing – word helder geformuleer in die volgende woorde van Kirby van der Merwe:

“Ons, die skugter kinders van Apartheid staan by 'n grens. Ons bedryf 'n nuwe soort grensliteratuur. Ons het dapper mense nodig, wat 'n plek in die literatuurwêreld afbaken, want ons het stories om te vertel. Ons moet voorbrand maak. Ons moet met die Saracene en die Caspiërs oor die vlakte aangedonder kom om stereotipes, verromantisering en wanvoorstellings onder die stof te loop. Ons het verpligtings, teenoor onself, teenoor die geskiedenis, omdat ons kollektief die geheue van honderde jare se lewe en lye in ons onderbewuste saamdra”³⁰⁴.

³⁰⁴ Van der Merwe: <http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar:kirby.asp>

BIBLIOGRAFIE

Abrahams, F. "Die onsigbares: verskillende verhaallyne word behendig vervleg":

<http://www.litnet.co.za/seminaar/onsigbares.asp>

Ackerman, Robert J. *Before it's too late*. Florida, Health Communications, Inc.,

1995.

Adam, I et al. *Past the last post*. University of Calgary Press, 1990.

AGENDA, no.37: *Empowering women for gender equality*. 1998.

Aizenberg, E. "I walked with a zombie': the pleasures and perils of postcolonial hybridity": <http://ehostvgw2.epnet.com/fulltext.asp>

Anderson, AB. "The survival of ethnolinguistic minorities: Canadian and comparative research." In *Language and ethnic relations*, 67-85. Oxford, Pergamon Press, 1979.

Anzaldua, G. *Borderlands*. San Fransisco, Aunt Lute Books, 1987.

Arthur, L (ed). "Introduction: dress and the social control of the body." In *Religion, dress and the body*, 1-7. Oxford, Berg, 1999.

Ashcroft, B (et al). *Post-colonial transformation*. London, Routledge, 2001.

Ashcroft, B (et al). *The post-colonial studies reader*. London, Routledge, 1995.

Ashcroft, B (et al). *The empire writes back. Theory and practise in post-colonial literatures*. London, Routledge, 1989.

Attridge, D (et al). *Writing South Africa. Literature, apartheid and democracy 1970-1995*. Cambridge, Cambridge University Press, 1998.

Bahktin, M. *The dialogic of imagination*. Austin, University of Texas Press, 1981.

Barker, F(et al). *Colonial discourse/post-colonial theory*. Manchester, Manchester University Press, 1994.

Bazilli, S (ed). *Putting women on the agenda*. Johannesburg, Ravan Press, 1991.

Belsey, C & Moore, J. *The feminist reader. Essays in gender and the politics of literary criticism*. Oxford, Blackwell, 1989.

Benjamin, K. *Staan uit die water uit! 'n Kaapse jeug*. Kaapstad, Kwela Boeke, 1996.

Benjamin, K. *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories*. Kaapstad, Kwela Boeke, 1999.

Benjamin, SP. *Die lewe is 'n halwe roman*. Kaapstad, Queillerie, 1999.

Benjamin, SP. *Die reuk van steenkool*. Kaapstad, Queillerie, 1997.

Bernarbe, J. *In praise of creoleness*. Baltimore, John Hopkins University Press, 1990.

Bhabha, H. *The location of culture*. London, Routledge, 1994.

Blunt, A & Rose, G (eds). *Writing women and space. Colonial and postcolonial geographies*. New York, Guilford Press, 1994.

Boehmer, E. "Dreams, cycles and advancing forms of chaos: Modernism, empire, postcoloniality and transgression." In *AUETSA 96*, Vol II, 1 -16, University of the Western Cape, 1996.

Boehmer, E (et al). *Altered state? Writing and South Africa*. London, Dangaroo Press, 1994.

Bowker, L. *Masculinities and violence*. Thousand Oaks, SAGE Publications, 1988.

Boyce-Davies, C. "Finding some space." In *A Current Bibliography of African Affairs*, vol.19(1), 31-45, 1986-1987.

Boyce-Davies, C. "Writing off marginality, minoring and affacement." In *Women's Studies International Forum*, vol.14, no.4, 249-263. New York, Pergamon Press, 1991.

Boyce-Davies, C. *Black women, writing and identity. Migration of the subject*. London, Routledge, 1994.

Boyce-Davies, C(ed). *Moving beyond boundaries. Black Women's Diaspora*, (vol.2). London, Pluto Press, 1995.

Bozzoli, B. "Marxism, feminism and South African studies." In *Journal of Southern African Studies*. Vol.9, no.2, 139-171, April 1983.

Brink, A. "Op pad na 2000: Afrikaans in 'n (post) koloniale situasie." In *Tydskrif vir letterkunde*, Vol.29(4), pp.1-12, 1991.

Brink, E. "Man-made women: gender, class and the ideology of the Volksmoeder." In C. Walker's: *Women and gender in Southern Africa*, 273-292. Cape Town, David Phillips Publishers, 1990.

Brown, N & Van der Merwe, CN. *Vatmaar – 'n Studiegids vir opvoeders en leerders*. Bellville, LOK, 2000.

Cattell, K. "Tuiskoms en vertrek: Die soeke na Afrikaner-identiteit." In *Stilet*, Jg.XIII: 11-19, 1 Maart 2001.

Cloete, S.A. *Marginal or border-line cases in race classification*. MA Hons. Thesis, UCT, 1993.

Cloete, T.T. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria, Haum Literêr, 1992.

Coetser, J. "Rassisme tussen swart, bruin beskryf." In *Beeld*, 18 Desember 2000.

Crous, M. "Stem van swart vrou steek 'n grens in Afrikaans oor." In *Die Burger*, 18 Desember 1996.

D'Haen, T (ed). *Weer-werk. Schrijven en terugschrijven in koloniale en postkoloniale literaturen*. Leiden, SEMAIAN 15, 1996.

Dangor, A. "Language and the shaping of 'otherness' – a personal testimony".

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/14dangor.asp>

Darian-Smith, K et al. *Text, Theory, Space, Land, Literature and History in South Africa and Australia.*, London, Routledge, 1996.

De Beauvoir, S. "Woman and the Other." In Walder, 305-310, 1990.

De Sousa, J. *Behind closed doors.* Cape Town: ABC Press, 1991.

De Villiers, H. "'n Stringetjie blou krale (E.K.M. Dido): kulturele identiteit en hibriditeit in 'n postapartheidskonteks" in: *Stilet*, Jg.XV, pp.167 – 179, Maart 2003.

De Vries, I. *'n Mosaïek van sitate.* MA tesis, UK, Mei 1999.

De Vries, I. "Hoekom haal die kinders van apartheid hulle skouers op?":

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/izak.asp>

Dido, E.K.M. "Die vaders, die moeders":

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/08dido.asp>

Dido, E.K.M. *Die storie van Monica Peters.* Kaapstad, Kwela Boeke, 1996.

Dido, E.K.M. *Rugdraai & Stilbly*. Kwela Boeke, Kaapstad, 1997.

Dido, E.K.M. *'n Stringetjie blou krale*. Kaapstad, Kwela Boeke, 2000.

Dido, E.K.M. *Die onsigbares*. Kaapstad, Kwela Boeke, 2003.

Driver, D. "Women' as sign in South African colonial enterprise." In *JLS/TLW* 4(1), 3-19, March 1988.

Du Plooy, H. "An overview of Afrikaans narrative text published between 1990-2000". In *Stilet* xxiii:, 14-31, 2 June 2001.

Du Plooy, H. "Die literatuur self is voor – *Vatmaar* van A.H.M.Scholtz." In *Stilet*, jg.IX, 69 – 80, September 1999.

Du Toit, PA. "Die ruimte van taal en styl in enkele nuwer Afrikaanse romans: *Ek stamel ek sterwe, Kikoejoe, Vatmaar, Op soek na generaal Mannetjies Mentz*." In *Stilet* Jg.XI, 83 – 98, September 1999.

Eco, U. "Semiotics of the theatrical performance" in: *Walder*, 115 – 122, 1990.

Eicher, JB & Sumberg, B. "World fashion, ethnic, and national dress." In *Dress and ethnicity*. Oxford, Berg Publishing, 295-305, 1995.

Eicher, JB. "Introduction: dress as expression of ethnic identity." In Eicher, 1-5, 1995.

Eicher, JB(ed). *Dress and ethnicity*. Oxford, Berg Publishing, 1995.

Elphick, R & Gilliomee, H(ed). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town, Maskew Miller Longman, 1989.

Erasmus, Z. "Hair politics." In Nuttal, 1-14, 2000.

Erasmus, Z(ed). *Coloured by history, shaped by place. New perspectives on Coloured identities in Cape Town*. Cape Town, Kwela Books, 2001.

Erasmus, Z. "Re-imagining Coloured identities in Post-Apartheid South Africa." In Erasmus, 13 – 28, 2001.

Erasmus, Z. "The burden of race? 'Whiteness' and 'Blackness' in modern SA". Paper delivered at History Workshop and Wits Institute for Social and Economic Research, University of the Witwatersrand, Johannesburg, July 2001.

February, V. *Mind your colour. The "Coloured" stereotype in South African literature*. London, Kegan Paul International, 1981.

Field, S. "Fragile identities: memory, emotion and coloured residents of Windermere". *Erasmus*, 97 – 113, 2001.

Field, S. "Ambiguous belongings: negotiating hybridity in Cape Town 1940's to 1990's." In *Kronos - Journal of Cape History*, pre-millennium edition 1998-1999, 227-238.

Francken, E & Renders, L. *Skrywers in die strydperk. Krachtlijnen in de Zuid-Afrikaanse letterkunde*. Amsterdam, Uitgeverij Bert Bakker, 2005.

Gerwel, J. "Die lag van die lumpen-proletariaat as idiom van hibriditeit: hulde aan Adam Small": <http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/15gerwel.asp>

Gerwel, G. *Literatuur en apartheid. Konsepsies van 'gekleurdes' in die Afrikaanse roman tot 1948*. Kasselsvlei, Kampen uitgewers, 1983.

Gouws, E. <http://www.twisted.co.za/page/writing/intervw/dido.htm>

Gray, S. "Race and ethnicity: beyond the legacy of victims". Paper delivered at: New Nations writers' conference. University of the Witwatersrand, 1 – 6 December 1991.

Griffiths, G. "Our Work/Their Culture': critical theory and recent cultural constructions of 'Africa.'" In *AUETSA*, vol.II, 1996.

Grosz-Ngate, M & Kokole OH (ed). *Gendered encounters. Challenging cultural boundaries and social hierarchies in Africa*. New York: Routledge, 1997.

Grunebaum, H & Robins, S. "Crossing the colour(ed) line: Mediating the ambiguities of belonging and identity." In *Erasmus*, 159 – 172, 2001.

Gygenaar, F. *Die Lafitte-manier*. Pretoria, Benedict boeke, 1996.

Gygenaar, F. *My liewe klein Jo*. Pretoria, Benedict boeke, 1992.

Hall, S. "Cultural identity and diaspora." In *Mongia*, 110-121, 1996.

Hamber, B & Lewis, S. "An overview of the consequences of violence and trauma in South Africa: An occasional paper for the Centre for the Study of violence and reconciliation". WITS, 1 – 16, August 1997:

<http://sunsite.wits.ac.za/csvr/papptsd/htm>

Harrison, S. "Cultural boundaries." In *Anthropology today*, October 15(5):10-13, 1999.

Hattingh, M et al. *Vernuwing in die Afrikaanse letterkunde*. Bellville, UWK drukkerij, 1995.

Hattingh, M. "Patrick Petersen: die digter as identiteitskepper". In *Stilet*, Jg.X, 1 – 20, 1 Maart 1998.

Hawley, John C(ed). *Critical studies 7. Writing the nation: self and country in post-colonial imagination*. Amsterdam, Rodopi, 1996.

Henderson, M. *Borders, boundaries and frames. Cultural criticism and cultural studies*. New York: Routledge, 1995.

Holquist, M. *Dialogism: Bakhtin and his World*. London, Routledge, 1990.

Huigen, S. "Michiel Christiaan Vos: de eerste zwarte schrijver in Zuid-Afrika." In *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*: 4de jaargang 2, 203 – 209, 1997.

Humm, M. *A reader's guide to contemporary feminist literary criticism*. Harvester Wheatsheaf, 1994.

James, W (ed). *Now that we are free. Coloured communities in a democratic South Africa*. Cape Town, IDASA, 1996.

Jansen, V. "Die 'bruin debat'": <http://www.litnet.co.za/seminaar/jansen.asp>

John, P. "Afrikaans se post-kolonialiteit: 'n miskende werklikheid?" In *Vernuwing in die Afrikaanse letterkunde* (6de Hoofkongres van die ALV). Bellville, UWK-drukkery, 1994.

John, P. "Marginaliteit, die Afrikaanse letterkunde en die ongedefinieerde woekering van vryheid." In *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 4de jaargang, nr.2, 250-269, Desember 1997.

Jordaan, J. "Die avontuurgenre by PJ Schoeman: ideologie en kritiek." In *Stilet*, Jg.X: 2 September 1998.

Joubert, D. *Brandpunt 6. Met iemand van 'n ander kleur. Beskouings en Wetgewing oor Ontug*. Kaapstad, Tafelberg, 1974.

Kannemeyer, J. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 2*. Kaapstad, Academica, 1983.

Kawash, S. *Dislocating the color line. Identity, Hybridity and Singularity in African-American Literature*. Stanford University Press, 1997.

Kimmel, M "No safe place: violence against women":

<http://www.pbs.org/kued/nosafeplace/interv/kimmel.html>

Kivedo, B. "Wie is die bruin gemeenskap?":

<http://www.litnet.co.za/seminaar/kknkkivedo.asp>

Knowles, C. *Family boundaries. The invention of normality and dangerousness.*

Canada, Broadview Press, 1996.

LaCapra, D (ed). *The bounds of race. Perspectives on hegemony and resistance.* London, Cornell University Press, 1991.

Leone, B. *Violence against women.* San Diego, Greenhaven Press, 1994.

Lewis, D. "Writing hybrid selves." In Erasmus 2001, 131 – 158.

Lewis, M. *'n Herwaardering van die werk van Elise Muller.* Ongepubliseerde MA-thesis, UK, 1998.

Lewis, M. "The construction of 'Colored' space and identity in Dido's '*n Stringetjie blou krale*' in: Viljoen & Van der Merwe (eds), 157 – 173, 2004.

Lorentzen, J. "Violence without a subject". *AGENDA*, No.34, 86-89, 1998.

Lotman, J. *Universe of the mind. A semiotic theory of culture*. Bloomington, Indiana University Press, 1990.

Lott, T. *The invention of race. Black culture and the politics of representation*. Blackwell Press, 1999.

Lourens, A. "Afwesig uit die kanon: die prosatekste van die Klerewerkers." In *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*. 4de jaargang, no.2, 210 – 233, Desember 1997.

Louw, B. "Bruin soos ek, of bruin soos jy?" In *Die Burger*, 9, 31 Maart 2003.

Malan, C (red). *Ras en literatuur/Race and literature*. Pinetown, Owen Burgess Publishers, 1989.

Malan, SJ (red). *Kom saam. Kleurling-keurverhale*. Kaapstad, Afrikaanse Persboekhandel, 1960.

Marble, J. *Ek, Joseph Daniel Marble*. Kaapstad, Kwela Boeke, 1999.

Marble, J. "Die noodlot": <http://www.afrikaans.com/av6429.html>

Marx, L(ed). *JUXTA POSITIONS*. CASA Conference proceedings, UCT, 2000.

M^cClintock, A. *Imperial Leather. Race, gender and sexuality in the colonial contest*. New York, Routledge, 1995.

Merrell, F. *Sign, textuality, world*. Bloomington, Indiana University Press, 1992.

Minha-ha, T. "No Master Territories." In Ashcroft, B (et al), 215-218, 1995.

Minha-ha, T. "Writing postcoloniality and feminism." In Ashcroft 1995, 264-268.

Minha-ha, T. *Woman, Native Other. Writing postcoloniality and feminism*. Bloomington, Indiana University Press, 1989.

Mongia, P. *Contemporary postcolonial theory. A reader*. New York, Arnold, 1996.

Moore, DM (ed). *Battered women*. California, SAGE Publications, 1979.

Nas, L & Wittenberg, H. *AUETSA 96. Proceedings of the Conference of the Association of University English teachers of South Africa, Vol. II*, UWC, 1996.

Nederveen Pieterse, J et al. *The colonisation of imagination*, London, Zed Books, 1995.

Nel, EP. *Mafoiing en annerlike gelofietjies*. Kaapstad, Tafelberg, 2001.

Nel, EP. *Iets goeds uit Verneukpan?* Kaapstad, Tafelberg, 1998.

Nel, EP. "Op pad na die groot versoening":

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/30Nel.asp>

Nel, EP. "n Strewe na groter eenheid":

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/eenheid.asp>

Nelson, Cary and Grossberg (ed). *Marxism and the interpretation of culture.*

London, Macmillan, 1988.

Nfah-Abbenyai. *Gender in African women's writing identity, sexuality and difference.* Bloomington, Indiana University Press, 1997.

Norwegian Refugee Council/Global IDP Survey. *Rights have no limits. Worldwide Internal displacement,* 1998.

Nöth, W. *Handbook of semiotics.* Bloomington: Indiana University Press, 1990.

Nuttal, T et al. *From Apartheid to Democracy. South Africa 1948-1994.*

Pietermaritzburg, Shuter & Shooter, 1998.

Nuttall, S (et al). *Senses of culture: South African culture studies*. Cape Town, Oxford University Press, 2000.

O' Meara, D. *Forty lost years. The apartheid state and the politics of the National Party 1948-1994*. Randburg, Ravan Press, 1996.

O'Sullivan, C. "Ladykillers. Similarities and divergences of masculinities in gang rape and wife battery." In Bowker 1988, 82 – 110.

Obeng, SG. *African Anthroponymy. An ethnopragmatic and morphophonological study of personal names in Akan and some African societies*. München, Lincom Europa, 2001.

Oliphant, V. *Die Sagte Vlees*. Kaapstad, Tafelberg, 1998.

Otto-Salies, Z. *Diekie vannie Bokaap*. Kaapstad, Tafelberg, 1997.

Packendorf, G. "Hibriditeit": <http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/17pakendorf>

Parenzee, P. "A men and women project confronts abuse". *AGENDA*, No.34, 35-37, 1998.

Parmentier, R. *Signs in society. Studies in semiotic anthropology*. Bloomington: Indiana University Press, 1994.

Philander, P.J. *Rebunie*. Kaapstad, Human & Rousseau, 2000.

Phillips, A. *Die verdwaalde land*. Kaapstad, Queillerie, 1992.

Phillips, A. *Erfenis van die noodlot*. Kaapstad, Queillerie, 1993.

Phillips, A. *Die messiasbende*. Kaapstad, Queillerie-uitgewers, 1997.

Phillips, A. "Maak ore en hart oop vir pleidooie":

<http://www.afrikaans.com/av442.html>

Phillips, R. *Mapping men and empire*. London, Routledge, 1997.

Phosa, M. "Daar wag 'n blink toekoms op Afrikaans":

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/toekoms.asp>

Pickering, M. *Stereotyping. The politics of representation*. Hampshire, Palgrave Publishers, 2001.

Pollock, W. *Real boys*. New York, Henry Holt & Co, 1998.

Pyne-Timothy, H (ed). *The woman, the writer and Caribbean society. Essays on literature and culture*. Los Angeles, Regents of the University of California, 1998.

Quayson, A. *Postcolonialism. Theory , practise or process?* Oxford, Blackwell Publishers, 2000.

Raiskin, J. *Snow on the cane fields*. Minneapolis, University of Minnesota Press, 1996.

Reddy, T. "The politics of naming: The constitution of coloured subjects in South Africa." In *Erasmus* 2001, 64-79.

Renders, L. "Clinton V. du Plessis: evangelis van die nihilisme." In *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 4de jaargang, no.2, 270 – 282, Desember 1997.

Renders, L. "Base en slawe: ontmoetings tussen Europeane en Afrikane in Afrikaanse historiese romans oor die begin van die Europese kolonisasie van Suider-Afrika." In *Stilet*, Jg.VIII, 72 – 85, September 1996.

Renders, L. "The voice of the coloured writer in contemporary Afrikaans literature." In *Stilet*, Jg.XIII, 92 – 102, Junie 2001.

Renders, L. "Recente Zuid-Afrikaanse literatuur. 'In de ban van het verleden'" In *Snoecks*, 565 – 573, 1999.

Rode, L & Gerwel, J. *Stroomversnellings: nuwe Suid-Afrikaanse stories*. Kaapstad, Kwela Boeke, 2001.

Ross, R. "The Kat River rebellion and Khoikhoi nationalism: the fate of an ethnic identification." In *The proceedings of the Khoisan identities and cultural heritage conference*. UWC SA Museum, Cape Town, 12-16 July 1997.

Russell, MN. *Confronting abusive beliefs*. SAGE Publications, 1995.

Said, E. *Culture and imperialism*. London, Vintage, 1994.

Said, E. "The discourse of the Orient." In *Walder*, 233 – 244, 1990.

Scholtz, A.H.M. *Vatmaar*. Kwela Boeke, 1995.

Scholtz, A.H.M. *Langsaan die vuur*. Kwela Boeke, 1996.

Scholtz, A.H.M. *Afdraai*. Kaapstad, Kwela Boeke, 1998.

Scholtz, H. "Dis ons Dido daai." In *Insig*, 71, 28 Mei 2002.

Simms, K. *Paul Ricoeur*. London, Routledge, 2003.

Simson, G. "Jackasses and Jackrollers: rediscovering gender in understanding violence: <http://www.wits.ac.za/csvr/papiack.htm>

Smith, C. *Bly te kenne, Braam*. Kaapstad, Kwela Boeke, 1997.

Sonn, J. "Breaking down the borders". *Now that we are free*. Cape Town, IDASA, 1996.

Spivak, GC. "Can the subaltern speak?" In Nelson, Cary and Grossberg (eds), 271 – 313, 1988.

Spivak, GC. "Three women's texts and a critique of imperialism." In Belsey, C & Moore, J, 176 – 195, 1989.

Strachan, A. "By die skryf van prosa." In *Tydskrif vir letterkunde*, vol.29, 72 – 75, 1991.

Strauss, MB. *Abuse and Victimization across the life span*. Maryland, Johns Hopkins University Press, 1988.

Taylor, S (et al). *Social Psychology* (8th edition). New Jersey, Prentice Hall, 1994.

Thiam, A. *Black sisters, speak out. Feminism and oppression in black Africa.*

(Translated by Dorothy Blair). London, Pluto Press, 1986.

Titus, D. "Bruin": <http://litnet.co.za/seminaar/kknktitus.asp>

Van der Fort, S. "Ek is nie 'n bruin skrywer, ek is net 'n skrywer." In *Rapport*, 6

Februarie 2000.

Van der Merwe, A. "Ons is van uiteenloopenheid aanmekaargesit":

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/31vdmerwe.asp>

Van der Merwe, A. "A.H.M. Scholtz onmeetbaar. Groot bydraer tot letterskat." In

Die Burger, 10, 19 November 2004.

Van der Merwe, CN & Viljoen H. *Alkant Olifant*. Preoria, J.L. Van Schaik, 1998.

Van der Merwe, CN. "When outsiders meet: Boerneef and A.H.M. Scholtz." In

Storyscapes, New York, Peter Lang Publishing, 125 – 136, 2004.

Van der Merwe, CN. "'n Verskeurde mens se soeke na heling en gemoedsrus":

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/bloukraledido.asp>

Van der Merwe, CN. "Strangely familiar." *UCT Monday Paper*, vol.21,#6, 25 – 31 March.

Van der Merwe, K. *Klapperhaar slaap nie stil nie*. Kaapstad, Kwela Boeke, 1999.

Van der Merwe, K. "Hoekom haal die kinders van apartheid hulle skouers op?"

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/kirby.asp>

Van Gorp, H et al. *Lexicon van literaire termen*. Leuven, Walters Kluwer, 1991.

Van Heerden, E. "Op weg na Afrika: Afrikaanse literatuur as Afrikaliteratuur." In *Tydskrif vir letterkunde*, vol.29, 9 – 16, 1991.

Van Niekerk, A (red). *Vrouevertellers 1843 – 1993*. Kaapstad, Tafelberg, 1994.

Van Rensburg, C (red). *Afrikaans in Afrika*. Pretoria, JL van Schaik, 1997.

Van Vuuren, H. "Saartje, Kaatje en Lena: 'n krities-historiese ondersoek van 'n vroue-karakter in Suid-Afrikaanse letterkunde." In *Stilet*, Jg.XI, 1 - 13 September 1999.

Van Wyk, S. "Kruis(lyne): 'n postkoloniale perspektief of Christenskap en poëtiese vorm by Adam Small." In *Stilet*, Jg.X, 121 – 137, 1998.

Van Wyk, S. "Hibriditeit, of die baster in ons":

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/20vWyk.asp>

Van Wyk, S. "Tussen Cham en Mozes." In *Werkman* 1996, 29 – 37, 1996.

Van Wyk, S. "Identiteit en seksualiteit in die debuutromans van Kirby van der Merwe en Clark Accord." In *Stilet*, Jg.XV:1, 270 – 283, 2003.

Van Zyl, W. "Versoening in die Afrikaanse letterkunde". *Die Burger* (Boekewêreld), 27 Desember 1997.

Venter, AJ. *Coloured. A profile of two million South Africans*. Cape Town, Human and Rousseau, 1975.

Viljoen, H & Van der Merwe, CN (eds). *Storyscapes. South African perspectives on literature, space and identity*. New York, Peter Lang Publishing, 2004.

Viljoen, H. "Marginalia on marginality." In *Alternation. Journal of the Centre for the Study of Southern African Literature and Languages*. Vol.5, No 2: 10-22, 1998.

Viljoen, L. "Plek, landskap en die postkolonialisme in twee Afrikaanse romans." In *STILET*; Jg.X:1, 73 – 92, 1998.

Viljoen, L. "Postkolonialisme en die Afrikaanse letterkunde: 'n verkenning van die rol van enkele gemarginaliseerde diskoerse." In *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 3de Jaargang, Nr.2, 158-175, Desember 1996.

Viljoen, L. "Postcolonialism and recent women's writing in Afrikaans". *World literature today*.vol.70:1, 63 - 72 , Winter 1996.

Vincent, M & BR Sorensen(ed). *Caught between borders: response strategies of the internally displaced*. London, Pluto Press, 2001.

Visagie, A.. "'Ik de kameleon'. Hibriditeit in Henk van Woerden se trilogie oor Suid-Afrika." In *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, jaargang 9, nr.2, 186 – 201, Desember 2002.

Visagie, A. "Onhutsende blik op die geskiedenis: A.H.M. Scholtz se *Afdraai*":
<http://www.mweb.co.za/litnet/seminar/afdraai.asp>

Walder, D (ed). *Literature in the modern world*. Oxford, Oxford University Press, 1990.

Walker, C. *Women and gender in Southern Africa*. Cape Town, David Phillips Publishers, 1990.

Wannenburgh, A. *Forgotten Frontiersmen*. Cape Town, Howard Timmins, 1980.

Wasserman, H. "Identiteit steeds in spanningsveld". *Die Burger*, 6, 17 Januarie 2000.

Wasserman, H. Postkoloniale kulturele identiteit in Afrikaanse kortverhale na 1994. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif, US, 2000.

Wasserman, H. "Re-imagining identity: essentialism and hybridity in postapartheid Afrikaans short fiction". CAS seminar series, UCT, October 2000.

Wasserman, H. "Oor 'ras', identiteit en muilbande":

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar>

Wasserman H. "Om hergeboorte te verbeeld. 'n postkoloniale beskouing van migrasie, kultuur en identiteit":

<http://www/mweb.co.za/litnet/seminaar/40wasserman.asp>

Wasserman, H. "Bevryding en beklemming: postkoloniale distopie en identiteit in enkele resente Afrikaanse tekste". In *Stilet*, jg.XIII:1, Maart 2001.

Websdale, N et al. "Doing violence to women" in: Bowker 1988, 55 – 81.

Weideman, G. "Ras, geweld en die kwaliteit van klapperhaar":

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/klapperhaar.asp>

Werkman, H (red). *Ons knoop mekaar se veters vas. Literatuur in Suid-Afrika: Woordwerk – Christeljk literair tydskrift*, Nummer 55, jaargang 14, September 1996.

Wicomb, Z. "Race and ethnicity: beyond the legacy of victims". New Nations Writers' Conference, WITS, Desember 1991.

Wicomb, Z. "Shame and identity: the case of the coloured in SA" in: Attridge 1998, 91 – 107.

Wicomb, Z. "To hear the variety of discourse." In *Current Writing*, 2, 35 – 44, 1990.

Willemse, H et al. *Die stukke wat ons sny*. Kaapstad, Kwela Boeke, 1999.

Willemse, H. *Dialogie in die Afrikaanse letterkunde met die toepassing op geselekteerde Swart Afrikaanse skrywers*. PhD-tesis, UWK, 1995.

Willemse, H et al. *Swart Afrikaanse Skrywers. Verslag van simposium gehou by UWK*. Bellville, UWK Drukkery, April 1985.

Willemse, H. "Nasionalisme en letterkunde – wat verder?"

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar>

Willemse, H. "Die kaart van ervaring van Japie Bikeur":

<http://www.litnet.co.za/litnet/seminaar/07willemse.asp>

Willemse, H (red). *Die reis na Paternoster*. Bellville, UWK, 1997.

Wittenberg, H & Nas, L (eds). *AUETSA '96. Conference Proceedings, vol.1 Southern African Studies, UWC, 30 June – 5 July 1996.*

Wybenga, G. "Derde uit Dido se pen toon groot verbetering". *Rapport*, 14 Februarie 2001.

Wyngaard, H. "Gedagtes van 'n kind van Gam."

<http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/41wyngaard.asp>

Young, R. *Colonial desire. Hybridity in theory, culture and race*. London, Routledge, 1995.